# DIE BEMARKING VAN SUID-AFRIKAANSE WOL EN ENKELE BESPIEGELINGE OOR DIE TOEKOMS VAN DIE WOLBEDRYF.

--------

deur

D. P. Erasmus Honns.-B.Comm.

-----

Verhandeling aangebied ter verkryging

van die graad

Magister Commercii

aan die

Potchefstroomse Universiteit

vir

Christelike Hoër Onderwys.

- 1953 -

-o-o-O-o-o-

## Voorwoord.

Hiermee wens ek graag my opregte dank te betuig teenoor die Direksie van die K.W.B., Durban, deur wie se finansiële hulp ek in staat gestel is om hierdie ondersoek uit te voer. Terselfdertyd wens ek my erkentlikheid te betuig aan die Raad en Senaat van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die toekenning van die beurs van die K.W.B. aan my.

Gedurende my navorsing aan die vernaamste wolhawes is ek met hartlikheid en intense belangstelling deur die volgende makelaarsfirmas ontvang : K.W.B., B.S.B., W.G.A., F.C.U. en A.W.B., teenoor wie ek hiermee my waardering betuig. In hierdie verband ook 'n spesiale woord van dank aan mnre. R.P. Botha en C.A. Bisschoff van die K.W.B., mnr. J.L.McHardy, mnr. Havenga, ekonoom-statistikus van die Wolraad, mnr. C.T. van Rensburg van die Potchefstroomse Landboukollege, vir al die waardevolle gegewens en advies aan my verstrek. Sonder hulle sou die navorsing nie kon vlot nie.

Verder wil ek my innige dank uitspreek teenoor prof. dr. B. van Deventer, vir waardevolle wenke in verband met die verhandeling.

# I N H O U D.

Pag.

Algemene Inleiding ... ... ... ... ... ... vii

## HOOFSTUK I.

## GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE WOLBEDRYF IN SUID-AFRIKA.

1. Inleiding ... ... ... ... ... ... 1
2. Die oorsprong van die merinowolskaap ... ... 1
3. Die ontwikkeling van skaapboerdery in Suid-Afrika ... ... ... ... ... ... 3
4. Skaapgebiede in die Unie ... ... ... ... 12
5. Produksie, wolafset en pryse ... ... ... 16
6. Slot .... ... ... ... ... ... ... 25

## HOOFSTUK II.

## VOORBEREIDING VAN WOL VIR DIE MARK.

1. Inleiding ... ... ... ... ... ... 27
2. Voorbereidingstadia vir bemarking . ... ... 29

   a. Afranding... ... ... ... ... ... 29
   b. Oprol van die vag ... ... ... ... 30
   c. Wolklassifisering ... ... ... ... 31

      (1) Regeringsregulasies in verband met die verpakking en merk van wol ... 31
      (2) Vereistes van die fabrikant ... ... 33

         (a) Sterkte. ... ... ... ... 34
         (b) Skoonopbrengs. ... ... ... 35
         (c) Lengte . ... ... ... ... 37
         (d) Fynheid of deursnee van vesel .. 38
         (e) Kleur .. ... ... ... ... 39
         (f) Vasstelling van „spintelling" of „kwaliteitsnommer" .. ... 40

   d. Metode van wolklassifisering.. ... ... 42
   e. Die klassifisering van skeersels in verskillende grootte.. ... ... ... 45

      (1) Vyfbaal-skeersel... ... ... ... 45
      (2) Tienbaal-skeersel.. ... ... ... 46
      (3) Skeersel van vyftien tot vyf-en-twintig bale ... ... ... ... 47
      (4) Dertig- tot veertigbaal-skeersels ... 47

Pag.

(5) Skeersels van vyf-en-veertig bale en meer ... ... ... ... ... 48

f. Die baal en merk van skeersels ... ... 48

(1) Die wolsak... ... ... ... ... 48
(2) Pers van bale ... ... ... ... 49
(3) Gewig van bale ... ... ... ... 50
(4) Toewerk ... ... ... ... ... 51
(5) Merk . ... ... ... ... ... 51

3. Swak eienskappe in die Suid-Afrikaanse skeersels 52
4. Slot ... ... ... ... ... ... ... 54

HOOFSTUK III.

DIE METODE VAN VERKOOP EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE WOLMARK IN DIE ALGEMEEN.

1. Inleiding . ... ... ... ... ... ... 56
2. Oorsake vir die verskillende metodes van verkoop 56
3. Die geskiedkundige ontwikkeling van die wolmark en metodes van verkoop ... ... ... ... 57

a. Ontwikkeling gedurende die 19de eeu ... 57
b. Ontwikkeling gedurende die 20ste eeu ... 61

(1) Konferensie in 1914 ... ... ... 62
(2) Imperiale Wolaankoopskema, 1917-1918 63
(3) Rapport van die Centraal Wolkomitee, 1918 ... ... ... ... ... 64
(4) Rapport van ondersoek na die wol-industrie, 1920 ... ... ... 66
(5) Koöperatiewe bemarking van wol vanaf 1922 ... ... ... ... ... 67

(a) Farmers' Co-operative Wool and Produce Union ... ... ... 68
(b) Boere-Saamwerk Beperk ... ... 69
(c) Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk ... ... ... ... 71

(6) Die Nasionale Wolkwekersvereniging, 1922 ... ... ... ... ... 73
(7) Die stigting van die Wolraad, 1929.. 78

(a) Samestelling van die Wolraad .. 79
(b) Oogmerke van die Raad ... ... 80
(c) Finansies - die wolheffing ... 80
(d) Werksaamhede van die Wolraad... 81

(i) Wolreklame ... ... ... 81

Pag.

(ii) Wolbevordering ... ... 81
(iii) Inligting ... ... ... 82
(iv) Navorsing : Internasionale Wolsekretariaat ... ... 82

i) Biologiese navorsing.. 82
ii) Wetenskaplike navorsing 82
iii) Tekstielnavorsing ... 83

(8) Arbeidswetgewings in die wolbedryf, 1937 - 1952 ... ... ... ... 84
(9) Die Britse Wolkommissie, 1940 - 1946. 86
(10) Die Gesamentlike Organisasie, 1946-1952 89

4. Slot ... ... ... ... ... ... ... 94

## HOOFSTUK IV.

## DIE BEMARKINGSTEGNIEK VAN WOL.

1. Inleiding . ... ... ... ... ... ... 95
2. Veilings .. ... ... ... ... ... ... 95
3. Funksies van bemarking. ... ... ... ... 99

a. Vervoer ... ... ... ... ... ... 99
b. Katalogisering en waardering.. ... ... 101
c. Opberging en versending. ... ... ... 103
d. Rantsoenering ... ... ... ... ... 105
e. Versekering. ... ... ... ... ... 107
f. Finansiering ... ... ... ... ... 107

4. Slot ... ... ... ... ... ... ... 108

## HOOFSTUK V.

## FAKTORE WAT WOLPRYSE BEPAAL.

1. Inleiding . ... ... ... ... ... ... 110
2. Aanbod en aanvraag ... ... ... ... ... 110

a. Die aanbod.. ... ... ... ... ... 110

(1) Algemene faktore wat die aanbod beïnvloed.. ... ... ... ... 110
(2) Produksiekoste ... ... ... ... 112

b. Die aanvraag ... ... ... ... ... 115

3. Slot ... ... ... ... ... ... ... 119

## HOOFSTUK VI.

Pag.

**DIE BELANGRIKHEID VAN KUNSVESELS AS MEDEDINGER IN DIE WOLMARK.**


1. Inleiding . ... ... ... ... ... ... 121
2. Die opkoms van kunsvesels ... ... ... ... 121
   a. Sellulosevesels... ... ... ... ... 122
   b. Proteïnvesels ... ... ... ... ... 122
   c. Alginaatvesels ... ... ... ... ... 123
   d. Glasvesels . ... ... ... ... ... 123
   e. Sintetiese vesels. ... ... ... ... 123
      (1) Poliamiedvesels ... ... ... ... 123
      (2) Poliësterveseis ... ... ... ... 124
      (3) Aknielharsvesels... ... ... ... 124
      (4) Vinielharsvesels... ... ... ... 124
3. Die voortreflike eienskappe van wol ... ... 127
   a. Wol is 'n natuurlike velbedekking... ... 127
   b. Wol is lig .. ... ... ... ... ... 127
   c. Wol behou hitte... ... ... ... ... 127
   d. Wol absorbeer vog ... ... ... ... 128
   e. Wol skep hitte ... ... ... ... ... 128
   f. Hoë elastisiteit.. ... ... ... ... 128
   g. Sterkte .. ... ... ... ... ... 128
   h. Duursaamheid ... ... ... ... ... 129
   i. Natuurlike sagtheid en glans.. ... ... 129
4. Stappe wat gedoen kan word om die kompetisie van die kunsvesels tot 'n minimum te beperk.. 135
   a. Wolnavorsing ... ... ... ... ... 135
   b. Advertensie- en propagandaveldtogte. ... 136
5. Slot ... ... ... ... ... ... ... 137


## HOOFSTUK VII.

**DIE TOEKOMS VAN DIE WOLBEDRYF EN WOLVERWERKING IN SUID-AFRIKA.**


1. Inleiding . ... ... ... ... ... ... 139
2. Moontlikhede van die aanbod.. ... ... ... 139
3. Moontlikhede van die aanvraag ... ... ... 142
4. Die moontlikhede van wolverwerking in Suid-Afrika... ... ... ... ... ... 145
   a. In die onbewerkte staat. ... ... ... 147
   b. In die halfverwerkte staat ... ... ... 147

Pag.

c. In die verwerkte staat of kledingstuk ... 150

5. Stappe wat gedoen kan word om die toekoms van die wolbedryf te verseker . ... ... ... 152

a. Stabilisering van die boerderysisteem ... 152

b. Stabilisering van die wolpryse ... ... 153

6. Slot ... ... ... ... ... ... ... 156

-------

## ALGEMENE INLEIDING.

As in aanmerking geneem word dat die wolbedryf die vernaamste boerderybedryf in Suid-Afrika is en naas goud die vernaamste bron van inkomste, is dit onverklaarbaar waarom daar in verhouding tot die omvang van die onderwerp nog so betreklik min literatuur verskyn het.

Die oogmerke van hierdie studie is om 'n algemene oorsig te gee van die ontwikkeling van die wolbedryf in Suid-Afrika, met spesiale verwysing na die historiese agtergrond en meer spesifiek die bemarkingsaspekte en aanverwante probleme.

Onder die probleme wat hulle in die verband voordoen, is daar eerstens die voorbereiding van die wol vir die mark, 'n aspek wat veral beklemtoon word omdat die sukses van die produsent in 'n groot mate van die voorkoms van sy skeersel afhanklik is. Gebrekkige klassifisering en verpakking was in die verlede en is vandag nog in 'n geringer mate die vernaamste kritiek op die Suid-Afrikaase skeersels.

Daar word ook 'n geskiedkundige oorsig gegee van die ontwikkeling van die metodes van verkoop en verskillende organisasies wat bestaan het en nog steeds in die wolbedryf bestaan. Die huidige bemarkingstegniek is egter van meer aktuele belang, en daarom word ook 'n hoofstuk aan hierdie aspek gewy.

Verder word die vraag en die aanbod ontleed as faktore wat wolpryse bepaal, en omdat sintetiese vesels so prominent na vore getree het as mededinger vir wol, word die toekomsmoontlikhede van elk teen mekaar opgeweeg.

Alhoewel dit 'n uiters moeilike taak is om die toekoms van die wolmark en gevolglik ook die toekoms van die wolbedryf, wat in 'n groot mate van die mark afhanklik is, te voorspel, bestaan daar tog basiese beginsels waarop so 'n voorspelling gefundeer kan word. Onder andere word ook

gewys op die moontlikhede van wolverwerking in Suid-Afrika.

Omdat dit bykans onmoontlik is om alle fasette van die bedryf binne die bestek van hierdie verhandeling volledig te behandel en daar ook telkens gestuit is voor gebrekkige gegewens, word die leemtes maar al te goed besef. Die hoop word egter gekoester dat hierdie beskeie poging sal meehelp om verdere belangstelling in die verskillende ander vertakkinge van die bedryf, wat die slagaar van ons landbou-ekonomie vorm, te stimuleer.

---------

# HOOFSTUK I.

## GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE WOLBEDRYF IN SUID-AFRIKA.

### 1. Inleiding.

Omdat wol Suid-Afrika se belangrikste landbouproduk is, is dit vanselfsprekend dat die voorspoed of agteruitgang daarvan 'n groot invloed op die ekonomie van die land kan uitoefen. Afgesien van sy posisie op die ranglys van boerderyprodukte is dit van groter belang om hier te noem dat dit naas goud die vernaamste uitvoerproduk van die Unie is. Omdat die waarde van die Unie se gouduitvoer terdeë besef word en gedurig beklemtoon word in internasionale handelsbetrekkinge, is dit ook van die allergrootste belang dat daar op die ekonomiese belangrikheid en waarde van die wolbedryf gelet moet word.

Voordat ons hierdie onderwerp nader beskou, is dit dus nodig om die oorsprong en geskiedkundige ontwikkeling van die wolbedryf in Suid-Afrika kortliks na te gaan.

### 2. Die oorsprong van die merino-wolskaap.

Wol is een van die oudste vesels wat deur die mens by die vervaardiging van kledingstowwe gebruik is. „Dit was reeds in die algemene gebruik tydens die ou Egiptiese beskawing van 3,400 tot 30 voor Christus"[1].

Alhoewel daar heelwat meningsverskil bestaan oor die oorsprong van die eerste wolskaap en meer spesifiek die merinoskaap, word tog algemeen aangeneem dat laasgenoemde sy oorsprong in Spanje het. Die natuursomstandighede in Spanje, te wete die skoon lug en droë toestande, was besonder gunstig vir dié skaap, veral op die Kastilaanse hoogland, waar die reënval besonder laag is. As gevolg van die droë

1) J.C. de Klerk : „Wol, die wondervesel", herdruk No. 78 uit Boerdery in Suid-Afrika, Des.1948, p. 1.

klimaat was die weivelde nie standhoudend nie, met die gevolg dat in Spanje die trekgewoonte reeds baie vroeg ontstaan het. Onder hierdie omstandighede is 'n baie sterk ras ontwikkel[2].

Spanje het die uitvoer van merinoskape verbied, en sodanige oortreding was selfs met die dood strafbaar. Hierdie verbod op die uitvoer is ongeveer 1700 deur Philip V opgehef. Byna onmiddellik hierna (1723) het Swede die eerste land geword wat merinoskape uit Spanje ingevoer het. In 1765 volg Duitsland, waaruit later die Saksiese merino ontwikkel het en wat as grondslag gedien het vir al die hedendaagse merino's in Duitsland. Tussen die jare 1776 tot 1786 het Frankryk ook skape uit Spanje na die provinsie Rambouillet ingevoer, waar die Rambouillet-ras sy ontstaan gevind het[3]. Hiervandaan het van dié skape na baie dele van die wêreld versprei, insluitende Amerika, waar dit vernoem is tot „Vermont", die naam van die staat waarin hulle geteel is[4].

Die eerste merinoskape, wat aan die begin van 1789 vanuit Holland na die Kaap ingevoer is deur kolonel Gordon, hoof van die Kaapse Militia, was vier ooie en twee ramme. Die oogmerke hiervan was om van merinoskaapboerdery 'n ekonomiese bedryf te maak tot voordeel van die volk. Die skape is op die goewermentsplaas Groenkloof naby die teenswoordige Malmesbury geplaas, en enige jare later is dieselfde aantal as wat oorspronklik ontvang is, deur Holland teruggevra. Die skape wat hier geteel is, het Gordon behou[5].

Kort na die eerste Engelse oorname van die Kaap het Gordon selfmoord gepleeg. Sy besittings is in 1797 verkoop, en hieronder was ook sy merinokudde (26 in getal). Op daardie tydstip was daar twee skepe in die baai, die

---

2) J.C. de Klerk : t.a.p., p. 2
3) C.T. van Rensburg : Skaapboerdery in Suid-Afrika, Bloemfontein, 1948, p. 23.
4) J.C. de Klerk : „Die merinoskaapboerdery in S.A.", in Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1952, p.155.
5) J.C. de Klerk : „Wol, die wondervesel", herdruk No. 78 uit Boerdery in Suid-Afrika, Des.1948, p.2.

„Reliance" en die „Supply". Waterhouse was die kaptein van die „Reliance" en 'n groot vriend van John MacArthur, die groot en onvermoeide voorstander van merinoboerdery in Australië. Kaptein Waterhouse, wat van Gordon se skape geweet het, het toe saam met Kent, die kaptein van die „Supply", die ramme en ooie teen £13 stuk gekoop vir Nieu-Suid-Wallis. Op die manier het van die eerste wolskape vir Suid-Afrika verlore gegaan[6].

3. Die ontwikkeling van skaapboerdery in Suid-Afrika.

Drie jaar na die aankoms van Gordon se skape het die broers Van Rénen drie van Gordon se ramme gekry, wat hulle by 300 Kaapse ooie gebring het. Met die ontbinding van die vennootskap in 1795 het Jan Gysbert en Sebastiaan Valentyn elk 150 baster Spaanse ooie en 2 opregte Spaanse ramme bekom. Sebastiaan Valentyn het voor Gordon se dood ook nog twee opregte ooie van hom ontvang. Hy was dus die eerste Afrikaner wat ooit sowel ramme as ooie van die opregte Spaanse soort besit het. Dit was die grondslag vir die merinobedryf in Suid-Afrika [7].

Statistiek oor die Kolonie onder die eerste Engelse bestuur is baie skaars, maar die beskikbare syfers vir 1795 in verband met skape in die vier distrikte gee 'n beeld van die omvang van die kuddes in hierdie jaar[8]:

| Distrik | Skape |
|---|---|
| Kaap | 12,975 |
| Stellenbosch | 118,318 |
| Swellendam | 65,052 |
| Graaff-Reinet | 222,480 |
| | 418,825 |

Tydens die Bataafse bewind (1802 - 1806) het veeteelt,

6) J.C. de Klerk : t.a.p., p. 3.
7) Idem.
8) H.B. Thom, Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika, Amsterdam, 1936, p.58.

insonderheid skaapteelt, 'n noemenswaardige bloei en vooruitgang belewe. Die omvang wat die bedryf in hierdie jare aangeneem het, blyk uit die statistiek vir die jaar 1804[9]:

| Distrik | Hamels (inheems) | Aanteelskape (inheems) | Wolskape |
|---|---|---|---|
| Kaapstad | 6,765 | 1,590 | 2,710 |
| Kaapse Distrik | 2,847 | 17,291 | 2,326 |
| Stellenbosch | 39,631 | 413,722 | 2,204 |
| Swellendam | 10,198 | 139,725 | 749 |
| Graaff-Reinet | 14,673 | 521,171 | --- |
| Uitenhage | 3,124 | 165,631 | --- |
| | 77,238 | 1,259,130 | 7,989 |

In 1805 is 'n Kommissie van Veeteelt deur die Staat aangestel ten einde die merinoskaapteelt te bevorder. Sewe plase is vir die doel beskikbaar gestel waar gebruikramme vir boere geteel is. Die Kommissie het verder ook nog 'n aantal opregte Spaanse merino's ingevoer. Hierdie daadwerklike belangstelling van owerheidsweë het boere geïnspireer om meer stoetskape te teel. Dit het dan ook ten gevolg gehad dat wolboere en sakemanne skape in groot getalle van die buiteland ingevoer het. Vânweë sy fyn wol is die Saksiese merino dan ook die vernaamste tipe skaap wat ingevoer is. Omdat die ras effens klein van bou is, het die Rambouillet - die Franse sowel as die Duitse - wat groter van liggaamsbou is, onder telers baie gewild geword. Later weer het die Saksiese merino, wat in Australië geteel is, baie opgang gemaak, omdat bevind is dat skape uit Australië hier beter aard as dié uit Europa. In 1834 is die eerste klompie Saksiese merino's uit Nieu-Suid-Wallis ingevoer. Dit is later deur groter getalle aangevul[10].

9) H.B. Thom : t.a.p. p. 63.
10) C.T. van Rensburg : Skaapboerdery in Suid-Afrika, Bloemfontein, 1948, p. 26

Gedurende die tydperk 1803 tot 1835 is groter gebiede van die Kaapkolonie deur die merino ingeneem, en teen die einde van die tydperk was die Oostelike en Noordoostelike Kaap tesame met die Westelike Provinsie en die Middelland merino-gebiede[11]. As gevolg van die koms van die Britse Setlàars in 1820, wat reeds bekend was met die wolbedryf in Engeland, het die merinoboerdery in die oostelike gedeelte van die Kaap vinnige vooruitgang gemaak.

Die ontwikkeling van die veeteelt in die Kolonie sedert die Groot Trek was snel. Omdat die statistiese gegewens gedurende die latere jare betroubaarder is, kan ons met gerustheid die volgende gegewens as korrek aanvaar.

In 1841 was die veebesit soos volg[12]:

| | Perde | Beeste | Skape | Bokke |
|---|---|---|---|---|
| Westelike Provinsie | 41,382 | 170,390 | 1,027,878 | 333,799 |
| Oostelike Provinsie | 27,611 | 217,730 | 2,795,493 | 294,818 |
| Totaal | 68,993 | 388,120 | 3,823,371 | 628,617 |

Uit bogenoemde blyk duidelik watter belangrike plek skaapboerdery ingeneem het ten opsigte van die ander vertakkinge van die veeteelt.

Die woluitvoer vir dieselfde jaar het 1,060,448 pond beloop, wat £51,606 opgelewer het. Alhoewel 'n baie klein gedeelte hiervan afkomstig was uit streke buite die Kolonie, was dit uit die aard van die saak nog so gering dat dit buite rekening gelaat kan word[13].

In Maart 1865 was die veebesit in die Kolonie soos volg[14]:

11) T.F. Hurley : „Die wolbedryf in Suid-Afrika" (ongebublis. artikel) p. 2.
12) H.B. Thom : Die geskiedenis van die skaapboerdery, p.88.
13) Idem, p. 89.
14) Idem, p. 89.

| Distrikte | Perde | Beeste | Wolskape | Ander skape | Bokke |
|---|---|---|---|---|---|
| Westelike | 104,806 | 270,199 | 2,243,393 | 1,217,472 | 1,044,508 |
| Oostelike | 121,804 | 422,315 | 6,126,786 | 248,414 | 1,392,936 |
| Totale | 226,610 | 692,514 | 8,370,179 | 1,465,886 | 2,437,444 |
| Groot totaal skape | | | 9,836,065 | | |

Die kuddes in die Weste het in 1864 reeds 5,017,196 pond wol gelewer en dié in die Ooste 13,887,840 pond. „Die totale waarde van wol wat deur hawes van die Kolonie gegaan het - 'n totaalgewig van 36,296,698 pond - was £1,865,703; dit sluit dus in die opbrengs van buite-koloniale gebiede, in hoofsaak die Oranje-Vrystaat"[15].

Die statistiek vir 1891, wat gunstig vergelyk met die van 1865, was soos volg : Die getal wolskape was toe 13,631,011, en daar was 3,075,095 ander; 75,520,701 pond wol is verskeep teen 'n bedrag van £2,264,498. Hierdie wol moet egter nie beskou word as wol wat alleenlik afkomstig was van die Kolonie nie : 'n klein persentasie hiervan was afkomstig uit distrikte daarbuite[16].

As ons die ontwikkeling van die ander provinsies, byvoorbeeld die Vrystaat, Natal en Transvaal nagaan, dan is dit interessant om op te merk dat goeie wolskape reeds in 1850 na die Vrystaat ingevoer is, en in 1855 kon die Vrystaatse boere met regmatige trots 'n verteenwoordigende monster van hulle wol na Kaapstad stuur, ten einde die vooroordeel teen hulle produk in die Kaapkolonie te verwyder[17].

Verder het die Vrystaatse kuddes vinnig toegeneem, soos dan ook blyk uit die sensus van 1891[18]:

| Jaar | Wolskape | Inheemse skape | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1856 | 1,011,763 | 155,930 | 1,167,693 |
| 1890 | 5,916,611 | 703,381 | 6,619,992 |

15) H.B. Thom : t.a.p., p. 89.
16) Idem, p. 89.
17) Idem, p. 89.
18) Idem, p. 94.

Hierdie sensus toon dus aan dat sowel die wol- as die ander skape vervyfvoudig het.

Om die ontwikkeling van die skaapboerdery in Natal te skets is dit voldoende om die volgende tabel te verskaf, waaruit die vermeerdering in getalle duidelik blyk :

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1855 ... ... | 10,580 | 1875 ... ... | 386,144 |
| 1858 ... ... | 86,902 | 1880 ... ... | 401,156 |
| 1863 ... ... | 149,164 | 1885 ... ... | 535,482 |
| 1866 ... ... | 252,577 | 1890 ... ... | 943,117 |
| 1871 .. ... | 309,725 | 1891 ... ... | 827,559 |

Die totaal van 827,559 (1891) is soos volg saamgestel : 798,681 wolskape, 6,268 Europese nie-wolskape en 22,610 inheemse skape, terwyl die wolproduksie 584,083 pond beloop het[19]. By 'n ontleding van bogenoemde syfers blyk dat die getalle sedert 1855 ongeveer agtkeer vergroot het. Die uitbreiding was hier dus vir ongeveer dieselfde periode relatief groter as in die geval van die O.V.S.

Die waarnemende President, J.H. Grobler, het by die opening van die Volksraad op 10 September 1860 die opmerking gemaak dat die wolproduksie wat vir die Kaapkolonie en die O.V.S. so 'n vername bron van bestaan en welvaart was, ook in die Suid-Afrikaanse Republiek goeie vordering gemaak het. Verder het hy opgemerk dat „de wolschapen in dien zelfde tijd van honderde tot duizenden zijn vermeerderd en nog dagelijks vermeerderen"[20].

As gevolg van die gebrek aan behoorlike opgawes van die Transvaalse kuddes is dit uiters moeilik om hulle getalsterkte en wolopbrengs vas te stel.

Waarom skaapboerdery in die Transvaal op daardie stadium by dié van die Kaap en Vrystaat agter gestaan het, kan toegeskryf word aan die feit dat die Transvaal baie afgeleë was, waardeur die verkryging van stoetskape sowel

---

19) H.B. Thom: t.a.p, p. 95.
20) Idem, p. 101.

as die verkoop en uitvoer van wol bemoeilik is. Alhoewel dit 'n belangrike rede was, moet die vernaamste verklaring tog gesoek word in die feit dat Transvaal nie so 'n geskikte skaapwêreld as die ander twee gebiede is nie. Die enigste deel in die Transvaal wat werklik daarvoor geskik is, is die Hoëveld, wat ongeveer een-derde van die oppervlakte van dié provinsie uitmaak[21].

Die ontdekking van goud het veeteelt binne sowel as buite die Transvaal gunstig beïnvloed, nie alleen as gevolg van die groter vraag na vleis nie maar ook as gevolg van die vinnige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse spoorweë. Sedertdien kon die binnelandse produkte, veral wol, baie makliker en vinniger versend word.

Omstreeks 1880 het die Vermont-merino in Amerika groot opgang gemaak, veral omdat dit 'n buitengewone swaar vleis gelewer het, swaarder as enige vleis wat tot op daardie stadium geproduseer is. Die invoer van die Vermont na Suid-Afrika het in 1891 begin. Dit het dan ook volgens verwagting meer digtheid en gewig by die Suid-Afrikaanse vliese teweeggebring. Hierdie doelbewuste strewe na spesialisering en eksperimentering word beskou as die begin van die moderne ontwikkeling in die wolbedryf. Tot 1901 was die sukses wat die Vermonts behaal het, dan ook buitengewoon[22].

Maar die groot beswaar teen die Vermonts kon nie lank onbekend bly nie. Die groter gewig van die vlies was nie aan 'n groter hoeveelheid wol toe te skryf nie maar wel aan 'n oormaat van olie in die wol. Sodra die wol gewas en van oortollige olie gesuiwer is, was die gewig ooreenkomstig minder, en het dit dus nie die verwagte aanmerklik hoër pryse behaal nie[23]. Vanaf 1904 was die afname in gewildheid dan ook baie opvallend. Nietemin het die teelbeleid tog gedien as spoorslag en inspirasie vir die progressiewe boere, wat

---

21) H.B. Thom : t.a.p., p. 102.
22) Idem, p. 104.
23) Idem, p. 104.

geleidelik oorgegaan het tot spesialisasie.

Die besef dat die boer nie met tradisionele en uitgediende metodes en opvattings sy boerdery op ekonomiese wyse kan behartig nie, het geleidelik toegeneem. Daarom het hulle die wenslikheid van landbou-onderwys besef, en voor die einde van die 19de eeu is in Stellenbosch en Somerset-Oos daarmee 'n begin gemaak, sodat daar in 1894 aan die twee skole reeds 19 en 12 leerlinge respektiewelik was.

Die eerste moderne landbouskool kom in 1895 op Elsenburg in die Kaapkolonie tot stand. Dit is gevolg deur dergelike inrigtings in die ander provinsies : Cedara (1906), Potchefstroom (1909), Grootfontein (1911) en Glen (1919). Met betrekking tot die onderwerp van hierdie verhandeling is Grootfontein egter die belangrikste. Spesiale kursusse wat hier van tyd tot tyd oor skaapboerdery aangebied word, is van ontsaglike groot waarde vir die skaapboerdery in Suid-Afrika[24].

As gevolg van meer wetenskaplike boerderymetodes het die wolskaapboerdery in Suid-Afrika vinnig vordering gemaak soos blyk uit die volgende wolskaapgetalle in die verskillende provinsies :

| Jaar | Kaap | Natal | Transvaal | O.V.S. | Unie |
|---|---|---|---|---|---|
| 1891 | 13,631,011 | 798,681 | --- | 5,916,611 | 20,346,303 |
| 1898[25] | 10,843,443 | --- | --- | --- | --- |
| 1904 | 8,465,308 | 504,798 | 413,638 | 2,436,891 | 11,820,635 |
| 1911 | 11,051,836 | 1,105,023 | 2,330,304 | 7,355,052 | 21,842,215 |
| 1912 | 13,239,067 | 1,583,659 | 3,098,785 | 9,409,656 | 27,331,167 |
| 1913 | 13,396,765 | 1,666,019 | 3,797,395 | 9,467,728 | 28,327,907 |
| 1915 | 12,372,344 | 1,938,113 | 3,467,206 | 8,166,143 | 25,943,806 |
| 1916 | 12,712,107 | 1,927,746 | 3,615,821 | 8,234,850 | 26,490,524 |
| 1918[26] | 13,301,626 | 1,279,833 | 2,868,425 | 7,608,834 | 25,058,718 |

24) H.B. Thom : t.a.p., p. 109.
25) Vir die jare 1891 en 1898 uit H.B.Thom : Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 113.
26) Vir die jare 1904 tot 1919 : Official Year Book of the Union of South Africa, 1910 - 1918, No. 3, p. 505.

| Jaar | Kaap | Natal | Transvaal | O.V.S. | Unie |
|---|---|---|---|---|---|
| 1919 | 11,402,670 | 1,176,340 | 2,877,620 | 8,091,510 | 23,548,140 |
| 1920 | 10,436,070 | 1,188,790 | 2,963,440 | 7,714,990 | 22,303,290 |
| 1921 [27] | 14,191,253 | 1,383,607 | 3,369,105 | 8,813,248 | 27,757,213 |
| 1922 | 13,784,728 | 1,175,908 | 2,916,042 | 8,214,642 | 26,091,320 |
| 1923 [28] | 14,083,571 | 1,286,579 | 2,852,361 | 7,601,428 | 25,823,939 |
| 1924 | 14,710,052 | 1,421,729 | 2,994,630 | 7,958,080 | 27,084,491 |
| 1925 | 17,225,089 | 1,176,225 | 3,887,251 | 9,324,656 | 32,153,221 |
| 1926 [29] | 18,927,421 | 1,890,761 | 4,219,097 | 10,340,465 | 35,377,744 |
| 1927 | 18,572,638 | 2,025,900 | 4,667,129 | 10,848,471 | 36,114,138 |
| 1928 | 19,369,212 | 2,267,871 | 4,970,001 | 11,743,623 | 38,350,707 |
| 1929 | 20,806,854 | 2,534,227 | 5,193,174 | 11,928,680 | 40,462,935 |
| 1930 | 23,472,895 | 2,608,896 | 5,296,497 | 12,642,389 | 44,020,677 |
| 1931 | 23,094,000 | 2,480,000 | 5,063,000 | 13,380,000 | 44,017,000 |
| 1932 | 23,019,000 | 1,905,000 | 4,799,000 | 13,293,000 | 43,016,000 |
| 1933 | 21,377,000 | 2,140,000 | 4,813,000 | 12,041,000 | 40,371,000 |
| 1934 [30] | 17,360,665 | 1,908,177 | 3,772,425 | 7,324,146 | 30,365,413 |
| 1935 | 17,694,078 | 1,838,473 | 3,538,778 | 7,244,179 | 30,315,508 |
| 1936 [31] | 19,511,883 | 1,965,604 | 3,692,005 | 8,255,054 | 33,424,546 |
| 1937 | 20,807,756 | 1,936,964 | 4,034,727 | 9,120,973 | 35,900,420 |
| 1938 | 19,414,780 | 1,822,250 | 3,545,020 | 8,079,027 | 32,861,077 |
| 1939 [32] | 19,465,135 | 1,693,467 | 3,313,711 | 7,583,327 | 32,055,640 |
| 1943 | 19,393,256 | 999,371 | 2,844,744 | 7,039,234 | 30,276,605 |
| 1946 | 16,489,022 | 938,820 | 2,023,131 | 4,952,893 | 24,403,866 |
| 1947 [33] | 16,736,353 | 915,310 | 1,942,624 | 4,920,020 | 24,514,307 |
| 1948 | 17,762,078 | 967,239 | 1,937,200 | 5,100,453 | 25,766,970 |
| 1949 | 17,568,594 | 937,607 | 1,877,496 | 5,211,526 | 25,595,223 |
| 1950 | 14,526,125 | 826,783 | 1,908,500 | 5,783,028 | 23,044,436 |
| 1951 [34] | 17,199,547 | 925,065 | 1,957,499 | 5,878,600 | 25,960,711 |

27) Vir die jare 1920 en 1921: Officieel Jaarboek van de Unie van Z.A., 1910-1921, No. 9, p.514.
28) Vir die jare 1922 en 1923: Official Year Book of the Union of South Africa, 1910-1924, No. 7, p.411
29) Vir die jare 1924 tot 1926: Idem, 1926-27, No.9, p.410
30) Vir die jare 1927 tot 1934: Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1933-1934, No. 16, p.412
31) Vir die jare 1935-1936: Idem, 1938, No. 19, p.748.
32) Vir die jare 1937 tot 1939: Idem, 1940, No. 21, p. 746
33) Vir die jare 1943 tot 1947: Idem, 1948, No. 24, p. 808
34) Vir die jare 1948 tot 1951 uit die departement van landbou se verslae oor landbou- en veeteeltproduksie.

Dit is baie opvallend dat die wolskaapgetalle in die Kaapkolonie tussen 1891 en 1898 aansienlik gedaal het. Hierdie verskynsel moet toegeskryf word aan die veesiektes, sprinkane en droogtes wat die Kolonie in daardie jare geteister het. As gevolg van die Engelse Oorlog toon die getalle vir die Vrystaat gedurende 1891 en 1904 ook 'n baie groot daling. As die syfers vir die Transvaal beskikbaar sou gewees het, sou dit dieselfde dalende tendens vertoon het en om presies dieselfde rede. Na 1911 het daar in die Unie 'n aanmerklike toename voorgekom, met die hoogtepunt in 1930. By gebrek aan landbousensusse vir die jare 1931 tot 1933 is skattings gemaak wat bereken is uit die opgawes van die skaapinspekteurs en die Departement van Landbou. Die droogte van 1932 - 1933 het die skaapgetalle as gevolg van vrekte aanmerklik laat daal soos blyk uit die volgende skaapverliese vir die onderskeie jare[35]:

| | |
|---|---|
| 1931/32 ... ... ... | 704,930 |
| 1932/33 ... ... ... | 2,252,473. |

Sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het 'n groot vermeerdering in die vraag na vleis ingetree. Die styging in die slagting van skape en beeste was vir die jare 1939 tot 1943 respektiewelik 28 en 68 persent. As gevolg van die groot vraag na vleis het vleispryse die hoogte ingeskiet, en as daar nie destyds deur die regering beheermaatreëls ingestel is nie, sou die pryse sekerlik veel hoër gestyg het.

Volgens landboustatistieke was wolpryse in hierdie jare nie so hoog as vleispryse nie, daarom dan ook die toename van beesboerdery en kruisteling met die oog op vleisproduksie. Omdat vleisproduksie lonender was as wolproduksie, het 'n geleidelike afname in die aantal wolskape ingetree. In 1946 word egter 'n groot daling waargeneem, wat weer toegeskryf moet word aan 'n groot droogte wat die land geteister het. As in aanmerking geneem word dat 62½% van die Unie

35) J.C. de Klerk : 'n Eeu van Merinoskaapboerdery in die O.V.S., Staatsdrukker, Pretoria, 1951, p.42.

tot droogtegeteisterde gebiede verklaar is, word die omvang van die droogte eers ten volle besef. Sedert 1946 is 'n geleidelike toename in die aantal wolskape weer te bespeur.

Gepaard met die ontwikkeling van skaapboerdery in die Unie gaan ook die ontwikkeling van die verskillende skaapgebiede. Daarom is dit ook van belang dat aan hierdie aspek van die bedryf aandag verleen moet word.

4. Skaapgebiede in die Unie.

Die ontwikkeling van nuwe rasse en tipes skape het die afgelope tyd nogal heelwat aandag geniet. Dit kan as 'n heeltemal logiese en natuurlike verskynsel beskou word weens die wisselende aard van klimaats- en ander omgewingsfaktore wat in ons land aangetref word.

Die vernaamste vereiste vir die produksie van goeie kwaliteit en gesonde wol, wat die kenmerke van merinowol behoort te wees, is egalige voedingstoestande dwarsdeur die jaar. Dit word veral gevind in die betere gedeeltes van die Karoo en gemengde Karoo- en grasveld waar die reënval gemiddeld 12 tot 15 duim per jaar is. Merinoboerdery kan ook geslaagd wees buite hierdie gebied, selfs in streke waar die reënval so laag as gemiddeld 8 duim per jaar is.

Verder is vir die ekonomiese produksie van wol in normale tye goedkoop grond 'n vereiste, soos gewoonlik met ekstensiewe boerdery in die droë grond en semi-droë streke gevind word.

Weens die vagbedekking is die merino goed beskerm teen uiterstes van koue sowel as warmte, soos in die Karoo ondervind word. Die merino en ander wolskape is egter nie aangepas by 'n warm en vogtige klimaat nie.

Dr. J.S. Starke verklaar dat sodra die produktiwiteit van die grond en algemene voedingstoestande verbeter met 'n vermeerdering in die reënval bo 20 duim per jaar, alleen 'n skaap met 'n hoër produktiwiteit ekonomies kan inpas. Dit

sal 'n vleisproduserende wolskaap wees met 'n hoër vrugbaarheid, beter groeivermoë en karkaskwaliteit as die huidige merino. Hierdie omswaai van fynwolproduksie het alreeds plaasgevind in die intensiewe boerderystreke van lande wat op boerderygebied reeds verder gevorder het as Suid-Afrika, soos byvoorbeeld Engeland, Frankryk, Duitsland, Verenigde State van Amerika en Nieu-Seeland. Dit is 'n normale ontwikkeling met intensifikasie van die boerdery waar klimaatstoestande dit moontlik maak. Die huidige hoë pryse van wol in verhouding tot skaap- en veral lamvleis sal hierdie ontwikkeling wel vir 'n beperkte tydperk strem. Die vermindering in merinogetalle in die hoë reënval-streke van die Grasveld vanaf 1930 en die vermeerdering in populariteit van die vleiswolrasse soos die Duitse merino, Corridale en Romney is in 'n sekere mate 'n bewys dat hierdie wending alreeds begin plaasvind het in die meer intensiewe streke in Suid-Afrika[36].

Hiermee skep dr. Starke die indruk dat hierdie rasse besig is om die merino in hierdie gebiede te verdring. Dit is egter nie die geval nie, want statistieke[37] wat 'n vergelyking tref tussen die getalle van die merino en alle ander vleiswolskape in hierdie streek vir die jare 1938 en 1948, bewys dat alhoewel laasgenoemde gedurende die periode met 10,332 toegeneem het, hierdie vermeerdering slegs 'n toename van 1.15 persent op die getalle van 1938 beteken. Verder het merinoskape met 959,775 gedaal.

Myns insiens kan hierdie verskynsel soos volg verklaar word : Aan die een kant moet die geringe toename van vleiswolskape toegeskryf word aan die groot vraag na vleis sedert die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en die relatief laer wolpryse. Die groot afname in die aantal merino's kan aan die ander kant nie alleen aan die hoër rendabiliteit van die vleisproduksie gedurende die oorlogsjare toegeskryf word nie

---

36) J.S. Starke: „Die verskillende tipes skape", herdruk nr. 24 uit Boerdery in Suid-Afrika, April 1950, p. 1.

37) Dr. J.G. v.d. Wath: Winsgewendste dier vir die Grasveldstreek in Die Wolboer, Nr. 37, Aug. 1950, p. 15.

maar ook aan die hoë grondpryse en huurgelde, droogtes en verliese deur ongediertes wat in Natal en Transvaal, byvoorbeeld, vanaf 1946 tot 1947 nie minder as 56,570 skape beloop het nie. Hierdie plaag het sulke afmetings aangeneem dat sommige boere skaapboerdery gestaak het. Omdat wolpryse vandag baie gunstig vergelyk met die van vleis, bestaan daar geen rede waarom die merino[38)] in hierdie gebied deur die genoemde rasse vervang sal word nie.

Verder is dit ook belangrik om daarop te wys dat 'n merino met bogenoemde voortreflike eienskappe wel geteel kan word en dat dit reeds in Grasveldstreke aangetref word.

Volgens die 1947-sensus was ongeveer die helfte van die 18 miljoen merino's wat deur blankes besit word, in gebiede met 'n reënval van onder 30 duim, dit wil sê oorwegend in die Karoo. Die vernaamste kenmerk van boerdery in hierdie gebiede is dat landbou, behalwe waar besproeiing toegepas kan word, onmoontlik is en dat slegs veeboerdery hier moontlik is. In tye van droogte vind skape dit ook maar moeilik om hier die nodige voeding te bekom, en om hierdie rede is dit dan nodig dat rasse met klein karkasse, wat terselfdertyd ook 'n stadige groei het, hier aangehou moet word. Dit beteken dat die vleisrasse dadelik uitgeskakel is. Van die oorblywende rasse wat onder hierdie omstandighede sal aard, is die merino verreweg die mees ekonomiese ras[39)].

Gedurende normale tye is die jaarliks geldopbrengs van die merino oor die grootste gedeelte van die Karoo ver hoër as die van die nie-wolskape soos die Swartkop-Persie, die Ronderib-Afrikaners, Karakoel of Angorabok[40)].

Wolproduksie het in die Karoo vanaf 1930 aansienlik gedaal as gevolg van die daling in die aantal. Die getal wolskape het vanaf ongeveer 4 miljoen in 1930 na 3.2 miljoen

---

38) 'n Merino met vleis en hoë vrugbaarheid word tans in hierdie streek geteel met 'n 90 persent lammeroes en wol van die hoogste kwaliteit.

39) Dr. F.J. Cronje : „Wool in the South African Economy" in South African Journal of Economics, Vol.17, Jun.1949, p.126.

40) Idem, p.126.

in 1947 gedaal, terwyl nie-wolskape oor dieselfde periode vermeerder het met 60,000 en beeste met 15,000 [41]. Hieruit blyk egter duidelik dat die wolskaapboerdery nie vervang is deur enige ander ras of boerdery nie en dat die vermindering in aantal in 'n groot mate toegeskryf kan word aan die vermindering in die drakrag van die Karoo. So vind ons byvoorbeeld dat in die noordwestelike Kaapprovinsie, waar die plantegroei uit wydverspreide struike en eetbare bossies bestaan, die drakrag wissel van 2 tot 6 morge per skaap.

Een van die grootste weidingsvraagstukke waarmee Suid-Afrika te kampe het, is die indringing van nuttelose bossoorte wat reeds ongeveer 8 miljoen morg weiveld ingeneem het. Hierdie indringing moet hoofsaaklik toegeskryf word aan onoordeelkundige boerdery.

Aangesien die hoeveelheid veldweiding in die Karoo nie maklik vermeerder kan word nie, moet die nuttigste gebruik van die hoeveelheid plantegroei gemaak word. Volgens wetenskaplikes kan die drakrag van die veld in hierdie streke met 30 tot 60 persent verhoog word as alle nuttelose plante uitgeskakel word.

Nie alleen die indringing van nuttelose plante hou 'n gevaar vir die toekoms van die wolbedryf in nie maar ook die Karoo-ruspe, wat reeds groot lappe Karoobossies in die vernaamste skaapgebiede vernietig het. Om hierdie ruspe die hoof te bied is die Chelonus Texanus, 'n wesp uit Amerika, ingevoer, wat tans by die duisende in die Sunnyside-parasietlaboratorium in Pretoria geteel word vir verspreiding in die Karoo-distrikte.

In die verlede is die insekteplae met welslae met behulp van parasiete beheer. Dit is inderdaad 'n langsame proses, wat geduldige navorsing vereis. Dit is wel moontlik om insekteplae deur middel van chemiese beheermetodes te bestry, maar aangesien die Karoo so uitgestrek is, is biologiese

---

41) Idem, p. 126.




Fig. 1.—Die wolskaapbevolking van die Unie (1947). Elke stippeltjie verteenwoordig 10.000 skape.

bestryding feitlik die enigste uitweg teen die Karoo-ruspe wat die weivelde so vernietig.

Navorsing deur landboukolleges toon dat die gebiede Colesberg, Cradock, Middelburg en Hanover, Beaufort-Wes, Calvinia, Fraserburg en Prieska met 'n reënval van ongeveer 10 duim per jaar gedurende die laaste twee dekades as gevolg van erosie baie verswak het. Die plantegroei verminder en word steeds swakker. Sommige deskundiges beweer dat groot gedeeltes van die Karoo 'n grasbedekking moet hê in stede van die Karoobossie. Historiese rekords toon dat dit minder as 100 jaar gelde nog die geval was. Verder beweer navorsers dat indien gras nie weer sy plek daar gaan inneem nie, hierdie agteruitgang in die plantegroei sal aanhou. Gelukkig egter dat gedeeltes van hierdie streke nou tot bewaringsgebiede verklaar is.

Naas die Karoo is die Vrystaat die belangrikste skaapgebied. Alhoewel die Vrystaat oor die algemeen as 'n goeie skaapwêreld beskou word, verskil dit nogtans baie wat betref reënval, klimaat en weiding. Die Suid-Vrystaat, waarby die suidwestelike hoek inbegrepe is, word algemeen as die geskikste skaapweiding in dié provinsie beskou.

Die Transvaal en Natal neem respektiewelik die derde en vierde plekke in, in volgorde van belangrikheid ten opsigte van skaapboerderygebiede. As gevolg van hoër gemiddelde reënval tref ons die dié twee provinsies hoofsaaklik intensiewe boerdery aan, met skaapboerdery as 'n ondergeskikte deel daarvan.
(Bygaande kaart toon die verskillende skaapboerdery-streke in die Unie aan.)

5. Produksie, wolafset en pryse.

Gedurende die tydperk van Jan van Riebeeck aan die Kaap was vleis die vernaamste en feitlik die enigste produk van die skaapteelt, maar proefnemings in verband met die

bruikbaarheid en kommersiële waarde van die Kaapse wol is reeds vroeg gemaak. „Op 'n bestellingslys van Jan van Riebeeck in 1658 kom onder andere voor ,25 schaep scheeren'. Hy het kort tevore enige Hollandse skape ontvang, en dit is heelwaarskynlik dat hy wol skeer om die waarde daarvan vas te stel. ...... In 1692 ...... is op versoek van Here XVII 'n monstertjie Kaapse wol na Patria gestuur wat 'n gunstige indruk gemaak het. 'n Versoek om meer wol is daarom aan die Kaap gerig, maar dit was nie voor die eerste jare van die 18de eeu dat daaraan gehoor gegee is nie"[42].

'n Verdere aanhaling skets die vroegste ontwikkeling van die bedryf baie duidelik. „Vroeg in 1700 is die eerste hoeveelheid wol, 285 pond in gewig, met ,'s Lands Welvaren' verskeep"[43]. Die gehalte was egter baie swak want die prys wat daarvoor behaal is op publieke veiling was slegs een stuiwer per pond. In 1703 word 'n verdere besending wol verskeep en hierdie keer het die monster Kaapse wol 14 stuiwers per pond behaal. Alhoewel daar in latere jare ietwat beter pryse behaal is, was dit tog oorskadu deur die menige mislukkings[44].

Die verwerking van wol gaan sover terug as 1717, toe 'n rapport deur J. Cruse uitgebring is waarin die volgende belangrike mededeling gedoen is: „eerst zijn hier goede sterke hoeden gemaakt door een der Franse vlugtelingen gnaamt Isak Talifer, dat een seer groot gerief voor de coloniers was, dogh met desselfs doot is sulx agtergebleven"[45]. Verder beskryf O.F. Mentzel in sy „Beschreibung des Vorbirges der guten Hoffnung, I en II" die hoedemaker soos volg : „Dennoch verstand einmal ein Hutmacher die unter den Haaren befindliche gute Wolle von den Wilden Haaren zu scheiden, und ganz taugliche Hüthe davon zu verfertigen" [46].

42) H.B. Thom : t.a.p., p.136.
43) Idem, p. 151.
44) Idem, p. 151.
45) Idem, p. 155.
46) Idem, p. 155.

In 1802 deel Nederburgh, wat saam met Frykenius die Kommissie van Ondersoek saamgestel het, mee dat daar aan die Kaap nog nie wol van besondere gehalte geproduseer was nie maar dat die wol van sommige basterskape feitlik dieselfde was as die opregte Spaanse wol. Hy het verder ook meegedeel dat vooraanstaande Koloniste hom verseker het dat as hierdie bedryf enigsins aangemoedig word, dit tien jaar later tussen twee- en driemiljoen pond goeie wol sou produseer[47].

Oud-majoor Von Bouchenröder, 'n vurige voorstander van skaapteelt in Suid-Afrika, het die wolproduksie beskou as 'n vername middel ter bevordering van die land se ekonomiese bloei en vooruitgang. Hy het Nederburgh en De Mist dan ook kwalik geneem omdat hulle nie méér entoesiasties omtrent die wolproduksie was nie. Alhoewel die oud-majoor baie optimisties gestaan het ten opsigte van die moontlikhede in Suid-Afrika, was dit tog van die allergrootste belang dat die waarde van die wolmark vir die land besef moes word[48].

Na verloop van 'n aantal jare het die pers die vernaamste propagandis vir die wolproduksie geword. Hier dink ons veral aan die jaarliks publikasie van The African Court Calender and Directory, wat sedert 1824 'n belangrike plek ingeneem het in die propagering van die wolbedryf. Dit is belangrik dat ons in hierdie verband ook noem dat die Zuid Afrikaansche Tijdschrift, De Zuid-Afrikaan en The South African Commercial Advertiser 'n baie belangrike aandeel in die publisiteit gehad het[49].

Teen 1830 was die moontlikhede van die wolbedryf wel deeglik besef asook „dat de wol een aller-belangrikst artiekel voor onze uitgebreide Kolonie is, en het grootste stapel produkt van ons land worden kan"[50].

Aangesien die wolproduksie in die 17de en 18de eeu geringe afmetings aangeneem het, kan eers met reg gepraat word van 'n

47) Idem, p. 164.
48) Idem, p. 165.
49) Idem, p. 168.
50) Idem, p. 169.

geïnspireerde wolbedryf vanaf die begin van die 19de eeu, toe die winsgewendheid van wol as 'n uitvoerartikel besef is. Ten einde 'n duidelike beeld te kry van die genomenale groei en ontwikkeling op die gebied van die produksie en die afset deur die Unie-hawes word die volgende tabel verstrek :

| Jaar | Gewig (pd.) | Waarde £ | Gem.prys d. |
|---|---|---|---|
| 1835 | 215,868 | 16,186 | 17.9 |
| 1840 | 911,118 | 45,986 | 12.01 |
| 1845 | 3,219,769 | 176,741 | 13.2 |
| 1850 | 5,912,927 | 285,610 | 11.6 |
| 1855 | 12,061,415 | 634,130 | 12.1 |
| 1860 | 23,172,785 | 1,446,510 | 14.1 |
| 1865 | 32,767,679 | 1,680,826 | 12.3 |
| 1870 | 37,283,291 | 1,699,518 | 10.9 |
| 1871 | 46,279,639 | 2,191,233 | 11.4 |
| 1872 | 48,822,562 | 3,275,150 | 16.1 |
| 1873 | 40,393,746 | 2,710,481 | 16.1 |
| 1874 | 42,620,481 | 2,948,671 | 14.6 |
| 1875 | 40,339,674 | 2,855,899 | 16.9 |
| 1876 | 34,861,339 | 2,278,942 | 15.7 |
| 1877 | 36,020,571 | 2,232,755 | 14.9 |
| 1878 | 32,127,167 | 1,188,928 | 8.9 |
| 1879 | 40,087,593 | 2,156,609 | 12.9 |
| 1880 | 42,468,662 | 2,429,371 | 13.7 |
| 1881 | 42,770,244 | 2,181,937 | 12.3 |
| 1882 | 41,689,119 | 2,062,180 | 11.8 |
| 1883 | 38,029,495 | 1,992,745 | 12.6 |
| 1884 | 37,270,615 | 1,745,193 | 11.2 |
| 1885 | 34,432,562 | 1,426,108 | 9.9 |
| 1886 | 47,454,153 | 1,590,432 | 8.0 |
| 1888 | 66,353,699 | 2,181,510 | 7.8 |
| 1890 | 65,655,917 | 2,196,040 | 8.0 |
| 1892 | 70,335,193 | 2,092,093 | 7.1 |
| 1894 | 54,540,787 | 1,599,632 | 7.0 |

| Jaar | Gewig (pd.) | Waarde £ | Gem. prys d. |
|---|---|---|---|
| 1896 | 73,442,598 | 1,874,555 | 6.1 |
| 1898 | 73,732,926 | 1,766,740 | 5.8 |
| 1900 | 27,671,036 | 837,809 | 7.3 |
| 1902 | 79,327,850 | 1,930,227 | 5.8 |
| 1904 | 64,372,270 | 1,794,333 | 6.7 |
| 1906 | 70,896,386 | 2,173,879 | 7.3 |
| 1908 | 80,011,329 | 2,105,219 | 6.3 |
| 1909[51)] | 101,007,893 | 2,820,716 | 6.7 |
| 1910/11 | 124,313,231 | 3,794,479 | 7.33 |
| 1911/12 | 150,409,881 | 4,287,976 | 6.84 |
| 1912/13 | 176,368,379 | 5,513,895 | 7.50 |
| 1913/14 | 173,986,679 | 5,755,027 | 7.94 |
| 1914/15 | 140,229,185 | 4,105,202 | 7.03 |
| 1915/16 | 150,911,880 | 5,862,130 | 9.32 |
| 1916/17 | 107,278,532 | 6,849,362 | 15,32 |
| 1917/18 | 115,293,842 | 9,648,361 | 20.08 |
| 1918/19 | 170,151,041 | 14,278,239 | 20.14 |
| 1919/20 | 164,406,358 | 22,585,253 | 32.97 |
| 1920/21 | 117,338,052 | 5,229,606 | 10.70 |
| 1921/22 | 279,381,693 | 11,032,765 | 9.48 |
| 1922/23 | 154,710,774 | 11,464,871 | 17.79 |
| 1923/24 | 170,499,160 | 14,109,847 | 19.86 |
| 1924/25 | 162,403,483 | 14,616,434 | 21.60 |
| 1925/26 | 220,864,226 | 13,611,567 | 14.79 |
| 1926/27 | 227,488,506 | 14,395,519 | 15.19 |
| 1927/28 | 261,390,249 | 18,477,200 | 16.97 |
| 1928/29 | 272,295,935 | 16,418,016 | 14.47 |
| 1929/30[52)] | 295,428,103 | 11,298,384 | 9.18 |

51) Vir die jare 1835 tot 1909: Thom, p.198 (Gemiddelde prys per pond is deur my bereken).

52) Vir die jare 1910/11 tot 1929/30 : South African Wool Disposals Organisation: <u>Statistical Review of the South African Wool clip</u>, p. 1A

| Jaar | Gewig(pd.) | Waarde £ | Gem. prys d. per pd. |
|---|---|---|---|
| 1930/31 | 274,861,150 | 7,474,612 | 6.53 |
| 1931/32 | 291,187,712 | 5,432,863 | 4.48 |
| 1932/33 | 326,647,336 | 6,798,922 | 5.00 |
| 1933/34 | 235,235,892 | 10,918,957 | 11.14 |
| 1934/35 | 222,215,892 | 7,362,590 | 7.95 |
| 1935/36 | 216,096,011 | 9,087,540 | 10.09 |
| 1936/37 | 255,148,000 | 13,833,931 | 13.01 |
| 1937/38 | 218,355,172 | 8,768,217 | 10.38 |
| 1938/39 | 187,329,957 | 7,256,301 | 9.30 |
| 1939/40 | 165,460,093 | 8,715,249 | 12.61 |
| 1940/41 | 259,272,535 | 10,929,574 | 10.12 |
| 1941/42 | 257,577,069 | 11,042,099 | 10.29 |
| 1942/43 | 245,570,084 | 13,031,851 | 12.74 |
| 1943/44 | 239,699,797 | 13,031,402 | 13,05 |
| 1944/45 | 217,653,172 | 11,862,085 | 13.08 |
| 1945/46 | 209,685,011 | 10,558,771 | 12.08 |
| 1946/47 | 211,122,624 | 14,711,034 | 16.72 |
| 1947/48 | 204,247,650 | 22,573,680 | 26.53 |
| 1948/49 | 214,023,836 | 30,787,755 | 34.52 |
| 1949/50 | 179,327,188 | 35,678,638 | 47.75 |
| 1950/51 | 197,310,143 | 78,751,410 | 95.79 |
| 1951/52 | 213,530,391 | 42,839,535 | 48.15 |
| 1952/53[53)] | 216,630,672 | 51,043,602 | 56.55 |

Uit bostaande gegewens is dit baie duidelik dat die wolproduksie tot 1872 deur ongekende vooruitgang gekenmerk was en dat daar in 1873 'n merkwaardige terugslag voorgekom het. Die vooruitgang moet toegeskryf word aan die hoë rendabiliteit van die merinoboerdery en die steeds toenemende mate van uitbreiding in die voorafgaande jare. In hierdie jare het die kuddes baie vinnig vermeerder en dit ten koste van die

53) Vir die jare 1930/31 tot 1952/53 uit The Federation of S.A. Wool and Mohair Buyers Association: Sales Programm 1953-1954 Season, July 1953, p.15.


drakrag van die plase. Die gevolglike oorbeweiding wat toe voorgekom het, het die terugslag veroorsaak.

The Argus Annual and South African Directory (1889) skryf die teruggang ook nog toe aan die feit dat pryse gedaal het omdat die aanbod die aanvraag op die wêreldmark sou oortref het[54]. Hierdie argument dra nie veel gewig nie, omdat die pryse per pond vir die jare 1855, 1860, 1865, 1870, 1872 en 1873 by benadering 12.1d., 14.1d., 12.3d., 10.9d., 11.4d. en 16.1d. respektiewelik was. Volgens hierdie syfers is dit dus baie duidelik dat die heersende pryse gedurende die laaste twee jaar die produksie eerder sou stimuleer as wat dit dit sou ontmoedig.

In 1879 het weer 'n herlewing gekom. Die produksie het 40,087,593 pond beloop met 'n opbrengs van £2,156,609, terwyl dit in die daaropvolgende paar jare tot 1881 'n styging aantoon. In 1883 is 'n aanmerklike daling weer te bespeur met 'n produksie van 38,029,495 pond en 'n opbrengs van £1,992,745. Twee jaar later het die produksie gedaal tot 34,432,562 pond met 'n opbrengs van £1,426,108, wat ook 'n daling in die gemiddelde prys per pond verteenwoordig. „Hierdie jare was vir Suid-Afrika 'n baie kritieke tyd, toe die invoer in 'n paar jaar byna verdubbel het, terwyl die uitvoer aansienlik gedaal het. Op die Oosgrens het die Galeka-oorlog (Negende Kaffer-oorlog) geheers en in Natal die Zoeloe-oorlog; in 1880 ontstaan daar ernstige moeilikhede met die Basoeto's, en in dieselfde jaar begin ook die eerste Transvaalse Vryheidsoorlog. Behalwe hierdie algemene storende faktore was daar ook ander faktore, soos agtereenvolgende jare van droogte en verspreiding en toename van brandsiekte, wat 'n meer direkte invloed op die wolproduksie en dus ook die woluitvoer gehad het"[55].

Verdere redes vir die daling in die prys van wol in hierdie jare was oneerlike verpakking en 'n toename in die vraag

54) H.B. Thom : a.w., p.200.
55) Idem, p. 201.



Gemiddelde prys per pond en jaarlikse produksie vanaf
1895 tot 1953.
Gemiddelde prys
per pond.
Skaal: 1"/10 : 1 pennie.
Produksie in
pond.
Skaal: 1"/10 : 3 miljoen
pond.
Produksie
Prys
Jare.
100
90
80
70
60
50
40
30
20
10
330
300
270
240
210
180
150
120
90
60
30
1895
1905
1915
1925
1933
1935
1940
1945
'51
'53

na growwe wol. Suid-Afrika, wat by uitstek fynwol produseer, is nadelig getref deur hierdie verandering in die rigting van growwe stowwe („tweeds").

Gedurende die krygsjaar, 1900, het die uitvoer 27,671,036 pond beloop, wat baie minder was as die helfte van die produksie van 1898. In 1902 het die syfers weer meer as verdubbel.

As gevolg van 'n prysstyging vanaf 1902 tot 1920 en redelike pryse daarna tot 1929 word 'n groot toename in wolproduksie tot 1933 waargeneem, toe die hoogtepunt in die Suid-Afrikaanse produksie bereik word. Weens die droogte en die depressie van 1932-1933 en veesiektes het die aantal skape baie gedaal en gevolglik ook die wolproduksie.

In 1932 doen die Unie afstand van die goudstandaard, met die gevolg dat pryse in die daaropvolgende jaar reeds hoër was.

As gevolg van die vaspenning van pryse gedurende die oorlogsjare deur die Britse Wolkommissie, toon die gemiddelde pryse tot 1946 'n groot ooreenkoms. Sedert 1946/47-seisoen het groter skommelings ingetree, wat gedurende die 1950/51-seisoen sy klimaks bereik het met 'n fabelagtige gemiddelde prys van 95.79 pennies per pond. 'n Vergelykende studie van die produksie dui daarop dat ten spyte van die geweldige prysstyging sedert 1946 die produksie betreklik konstant gebly het. Hieruit blyk dus baie duidelik dat die produksie van wol 'n uiters onelastiese eienskap besit. In die bygaande grafiek word die gemiddelde prys per pond en jaarlikse produksie van 1895 tot 1953 voorgestel.

Gepaard met die produksie en afset van wol gaan ook die hawestede waar dit bemark word. Hier volg nou 'n tabel om die belangrikheid van elkeen in die bemarking van wol, gemeet in aantal bale, vanaf 1947 tot 1953 aan te dui : (Hoeveelhede in bale).

| Seisoen | Port Elizabeth | Oos-Londen | Durban | Kaapstad |
|---|---|---|---|---|
| 1947/48 | 251,066 | 160,736 | 135,707 | 95,667 |
| 1948/49 | 290,135 | 205,248 | 141,006 | 113,299 |
| 1949/50 | 278,304 | 200,001 | 149,236 | 103,605 |
| 1950/51 | 304,497 | 224,789 | 162,798 | 118,708 |
| 1951/52 | 335,454 | 245,649 | 169,765 | 129,655 |
| 1952/53 | 348,417 | 229,182 | 178,884 | 129,145 |

Hierdie gegewens toon by nadere beskouing dat Port Elizabeth Suid-Afrika se vernaamste uitvoerhawe is met Oos-Londen as die naasbelangrikste. Durban en Kaapstad neem respektiewelik derde en vierde plekke in. Die rede waarom eersgenoemde twee die belangrikste is, moet in 'n groot mate toegeskryf word aan die feit dat hulle so naby aan die vernaamste wolproduserende gebiede in die Unie geleë is.

In verband met die aanbieding van die wol by die verskillende hawes is dit ook belangrik om reeds op hierdie stadium te weet dat bogenoemde hoeveelhede deur 15 makelaarsondernemings op die onderskeie beurse aangebied is. Drie van hierdie ondernemings, te wete die Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk (K.W.B.), Boere Saamwerk Beperk (B.S.B.), en Farmers' Co-operative Wool and Produce Union (F.C.U), is koöperatiewe organisasies, wat dan ook saam die meeste wol in die Unie bemark. Vir die seisoene 1948/49 tot 1952/53 was hulle persentasie van die totale aanbod soos volg :

| | |
|---|---|
| 1948/49 ... ... ... | 51.34 |
| 1949/50 ... ... ... | 52.56 |
| 1950/51 ... ... ... | 53.71 |
| 1951/52 ... ... ... | 55.37 |
| 1952/53 ... ... ... | 55.26 |

Hierdie berekenings dui daarop dat die koöperatiewe organisasies in die wolbedryf 'n geleidelike toename in belangrikheid aantoon. Op grond hiervan kan ons die voorspelling waag dat die koöperasies in gewildheid toeneem ten

koste van sommige privaatmakelaars.

As gevolg van die gesonde kompetisie wat daar onderling tussen die makelaars heers, word die produsent gedurig van die beste diens verseker. Tot dusver bestaan daar nog geen sprake van 'n monopolievorming nie en sal dit sekerlik betreur word wanneer 'n gesonde kompetisie deur middel van monopolievorming uitgeskakel word.

Wat die privaatmakelaars betref, is die Wolgroeiers Afslaers Beperk, vandag verreweg die vernaamste. Dit het sy hoofkantoor in Port Elizabeth met takkantore in Kaapstad en Oos-Londen. Sy groei en vooruitgang moet hoofsaaklik toegeskrywe word aan goeie diens en 'n baie gesonde sakebeleid. Gedurende die afgelope seisoen het die Wolgroeiers Afslaers Beperk ongeveer 14 persent van die totale skeersel bemark. Dit beteken dat die ander privaatmakelaars saam ongeveer 81 persent van die skeersel behartig.

## 6. Slot.

Uit die voorgaande oorsig van die ontwikkeling van die wolbedryf in Suid-Afrika merk ons ten slotte op dat :

a. die merinoskaap sy oorspronklike tuiste in Voor-Asië gehad het en dat dit in 1789 uit Holland aan die Kaap ingevoer is deur kolonel Gordon, hoof van die Kaapse Militia;

b. die vernaamste skaapgebiede in die Unie geleë is in die Karoo en Suid-Vrystaat, met die Transvaalse hoëveld en Natal as minder belangrike produserende dele;

c. skaapboerdery langsaam ontwikkel het tot die vernaamste boerderybedryf in Suid-Afrika: naas goud is wol Suid-Afrika se vernaamste uitvoerproduk;

d. die aantal merinoskape gedurende die 1931/32-seisoen die hoogste was;

e. die rekord-wolproduksie van die Unie gedurende die 1932/33-seisoen behaal is met 'n produksie van 326,647,336 pond en dat ten spyte van stygende pryse veral na 1946 die produksie tot 1949/50 'n dalende tendens aantoon en daarna weer geleidelik styg;

f. die rekord gemiddelde prys vir wol in die Unie gedurende die 1950/51-seisoen behaal is met 'n prys van 95.79 pennies;

g. Port Elizabeth vandag die Unie se vernaamste woluitvoerhawe is;

h. die grootste persentasie van die Suid-Afrikaanse wolskeersel vandag deur koöperatiewe organisasies bemark word.

As gevolg van die belangrike plek wat wol binne die Suid-Afrikaanse ekonomie inneem, is dit van groot belang dat besondere aandag gegee moet word aan die voorbereiding van wol vir die bemarking.

------

# HOOFSTUK II.

## VOORBEREIDING VAN WOL VIR DIE MARK.

### 1. Inleiding.

Omdat die voorkoms van wol op die wolmark 'n baie belangrike faktor is by die bepaling van die wolprys, is dit belangrik dat spesiale aandag geskenk moet word aan die voorbereiding van wol vir die mark - 'n besonder gespesialiseerde vorm van werk. In 'n toespraak voor die Bradfordse Tekstiel Vereniging het dr. Edgar H. Booth in verband met hierdie aspek die volgende opmerking gemaak : „The object of preparing wool for the market is to increase its value by improving its appearance and by grading it into lines of optimum uniformity. ....... The valuation of wool is based primarily on its condition, length, fineness and soundness"[1].

Suid-Afrikaanse wolskeersels het aanvanklik baie kritiek van oorsese kopers uitgelok. Suid-Afrikaanse produsente is byvoorbeeld in 1903 deur die Bradfordse Kamer van Koophandel gekritiseer omdat hulle tweemaal per jaar skeer, waardeur die lengte van die wol vir kamdoeleindes nadelig geaffekteer word. 'n Ander rapport, wat ontvang is van mnr. S.B. Hollings van Bradford, lui soos volg : „I do not know any class of wool that gives the Bradford trade so much trouble as Cape wool and all this because of its excessive wastiness."

Sonder twyfel het die oorsese rapporte die verlangde uitwerking op die organisasie van die wolbedryf gehad, want op 6 Februarie 1909 wys <u>The Economist</u> daarop dat die Suid-Afrikaanse wol baie aandag getrek het as gevolg van die verbetering in die kwaliteit. Verder merk <u>The Economist</u>[2] op: „If most of the clips had been better skirted and prepared for market, they would have done better, but even on this score a marked improvement is discernible in the Eastern Cape."

1) Dr. Edgar H. Booth : „Address to Bradford Textile Society" 1.12.47, p.1.
2) Vgl. <u>The Economist</u>, 5 Maart 1909.

Ten spyte van die aanvanklike vooruitgang wat gemaak is op die gebied van die gehalte wol, maak die president van die Vereniging van Kamers van Koophandel op 'n Kongres wat op 30 Oktober 1911 in Oos-London gehou is, die volgende opmerking : „A very large proportion of our clip is of far too greasy a type, besides being got-up for market in a very slovenly manner. There has been some improvement in this respect of late years; but even to-day, light clean, well skirted clips form the exception and not the rule..... There is large room for improvement in this our most important pastoral pursuit" [3])

As gevolg van die beter voorbereiding van Suid-Afrikaanse wol, of „Capes", soos dit op die Londonse mark genoem is, geniet dit vandag die aandag en vraag wat dit regverdig, en maak Suid-Afrika een van die vernaamste wolprodusente van die wêreld.

Noukeurige voorbereiding van wol vir die mark is baie voordelig vir die produsent, omdat verhoogde kwaliteit hoër pryse teweegbring. Afgesien van die finansiële oorwegings is daar egter nog 'n ander belangrike voordeel aan verbonde. Meer moeite in verband met die klassifisering van wol bring meer kennis van wol mee, wat weer op indirekte wyse die produksie stimuleer.

Die eerste vereiste wat wolverbruikers stel, is uniformiteit en kwaliteit. A.F. du Plessis sê: „It does not matter so much what type of wool is produced so long as that wool is true to type, and has the characteristics of its type well developed. That is the cry from manufacturers; breed true to type and produce wool having properties well developed and characteristic of that type"[4]).

---

3) S.M. Geldenhuys : A study of the development of the wool industry of East London; the position of the city as a wool port, and its relation to its wool hinterland, Magistersverhandeling, 1952, p.47.
4) A.F. du Plessis: The Marketing of Wool, Londen, 1931, p.60.

Wanneer wol in bale vir verkoop ten toon gestel word, word dit wol slegs beoordeel deur middel van steekproewe. Dit is dan ook onmoontlik om die inhoud van die hele baal te ondersoek. As gevolg hiervan het oneerlike verpakking in die verlede dikwels voorgekom. Heel humoristies is 'n baal wol eenkeer soos volg gedefinieer : „A receptacle for stones, tins, rusty irons, sand, dags, old shoes, and a few pieces of wool thrown in to make up weight"[5].

Vandag is daar egter feitlik geen sprake meer van oneerlikheid in hierdie opsig nie. Hierdie wanpraktyk het feitlik geheel en al van die toneel verdwyn. Wanneer verpakking nie aan die vereistes voldoen nie, kan ons dit oor die algemeen nie meer toeskrywe aan opsetlike oneerlikheid nie maar aan onkundigheid.

2. Voorbereidingstadia vir bemarking.

Ten einde die gebreke van die bemarking in (1) genoem uit te skakel, word verskillende stappe gedoen, naamlik :

a. Afranding.

Nadat die skaap geskeer is, word die vag opgetel en behoorlik op die afrandtafel oopgegooi. Vagte verskil by die beste skape wat betref lengte en egaligheid. As skape slordig geskeer is, breek die vagte, en dit is dan baie moeilik om dit goed op te tel en behoorlik oop te gooi. Om sulke vagte af te rand, dit wil sê om die minderwaardige gedeeltes te verwyder ten einde die kwaliteit en voorkoms daarvan te verbeter, neem veel meer tyd in beslag, en die afranding is ook nie so deeglik nie. Die wol wat om hierdie rede verwyder word, word afrandsels genoem. Afrandsels bestaan hoofsaaklik uit kort wangwol, growwe nekplooiwol, sweetloks, kort rande van die voorbene, vuil stukkies aan die pens en lieskante, kort harige broekwol en soms ook van die rugwol[6]. Dit kom dus daarop neer dat alle wol wat vuiler of sterker en korter as die

5) A.F. du Plessis: a.w., p. 61.
6) P.D. Rose : Klas van merienowol Pamflet nr. 71, Dept. van Landbou, Junie 1927, p. 7.

gemiddelde vag is, as afrandsels bekend staan.

Die afranders (persone wat afrand) moet uit die aard van hulle werk baie oordeelkundig te werk gaan en moet elke vag slegs op sy meriete behandel en wol wat minderwaardig is, dadelik verwyder. Dit moet ook baie duidelik verstaan word dat daar geen spesifieke reëls bestaan in verband met die hoeveelheid afrandsels wat van elke vlies verwyder moet word nie; 'n verstandige afrander weer dat eerstegraad-vag nie op dieselfde wyse behandel kan word as derdegraad-vag nie. Dit spreek nou ook vanself dat klein skeersels nie so sorgvuldig afgerand kan word as 'n groot skeersel nie[7]. Cowley sê : „Skirting can only be adequately done where the operative - or table-hand - knows something of the quality of wool"[8].

b, <u>Oprol van die vag</u>.

Nadat die vag afgerand is, word dit opgerol in 'n gerieflike en aantreklike bondel. As die afranding deeglik gedoen is, behoort daar geen vrees te bestaan dat swakker gedeeltes toegerol sal word nie, want dit behoort reeds verwyder te wees. „Die doel hiervan is alleen om dit gemaklik te kan beoordeel, na die wolbakke te neem en daarvandaan na die wolpers of kas om gebaal te word. As die vag geskeur is, of deur strawwe afranding in stukke gebreek is, moet die afrander 'n heel deel neem en die res in 'n bolvorm daarin toerol. Die vorm waarin die wol die baal ingaan, is nie so belangrik as dat die wol egalig moet wees nie, aangesien die koper nie elke afsonderlike vag waardeer nie, maar die klomp wol as geheel"[9].

Vanaf die afrandtafel gaan die vag na die klassifiseerbakke, wat onontbeerlik is vir behoorlike klassifisering van wol. „Geen wolklasser is onfeilbaar nie, en tensy hy hierdie bakke tot sy beskikking het sodat hy die vagte bymekaar en die klasse langs mekaar kan sien, is dit taamlik seker dat hy

7) P.D. Rose : t.a.p., p. 7.
8) C.E. Cowley : <u>Classing the Clip</u>, 1931, p.34.
9) C.T. van Rensburg : <u>Skaapboerdery in S.A.</u>, p. 112.

onwetend sy standaard geleidelik sal verander"[10].

c. Wolklassifisering.

H. Munz sê : „The purpose of wool-classing is to grade the wool so as to meet the requirements of the wool-buyer and make it attractive for sale"[11].

Wolklassifisering is nie 'n baie moeilike werk as die boer weet wat van hom verwag word nie. Hy moet

(1) bekend wees met die regeringsregulasies in verband met die verpakking en merk van wol en

(2) weet wat die kopers verlang en aan hulle vereistes probeer voldoen om verseker te wees van die beste prys vir sy produk[12].

(1) Regeringsregulasies in verband met die verpakking en merk van wol[13].

Kragtens die bevoegdheid wat by artikel 3 van die Wet op Verpakking en Merk van Landbouprodukte 1930 (Wet No. 6 van 1930) aan hom verleen is, het die Minister van Landbou en Bosbou onderstaande regulasies neergelê in verband met die verpakking en merk van wol wat bestem is om in die Unie verkoop te word :

(a) Wol moet óf in bale in jutesakke, bekend as 11¼ pond (nominaal), wat nie te vore gebruik is nie, óf in graansakke verpak word.

(b) Elke baal of sak wol (met uitsondering van 'n baal of sak wat gewaste wol bevat) moet deeglik toegewerk of toegeknip word, met blou seilgaring of met metaalklemme, en net blou seilgaring mag gebruik word om gate in bale of sakke heel te maak.

10) Idem, p. 122.
11) H. Munz : The Australian Wool Industry; 1950, p.102.
12) C.T. van Rensburg : Skaapboerdery in Suid-Afrika : p.114.
13) Regeringskennisgewing nr. 1177 in Staatskoerant, 26 Junie 1942, p. 693.

(c) (i) Pootjieswol, gekoekte borswol, afrandsels en wol wat deur urine, mis, oormatige sweet of vet bevuil is, moet van die ander wol verwyder en afsonderlik verpak word. Die houer waarin dit verpak word, moet duidelik „LOX" gemerk word.

(ii) Wol wat deur verf of ander merkstof bevlek is, moet van die ander wol verwyder en afsonderlik verpak word. Die houer waarin dit verpak word, moet duidelik „BRANDS" gemerk word.

(d) Alle penswol, stukke en afrandsels moet van die ander wol verwyder en afsonderlik verpak word. Die houer moet „CBP" gemerk word as die gemiddelde lengte van die inhoud een en driekwart duim of meer is en moet „BP" gemerk word as die gemiddelde lengte minder as een en driekwart duim is. (Met stukke en afrandsels word bedoel die kort ente van die vagte met uitsondering van „LOX".)

(e) (i) Elke baal of sak wat wol bevat wat van dooie diere afgepluk, afgeskeer of op 'n ander wyse verwyder is, moet duidelik „PLK" gemerk word.

(ii) Elke baal of sak wat wol bevat wat van die velle van geslagte diere afgeskeer is, moet duidelik „VEL" gemerk word.

(f) (i) Op elke baal of sak wol moet die naam of geregistreerde handelsmerk van die eienaar daarvan en sy adres of die naam van die spoorwegstasie vanwaar die wol versend is, duidelik gemerk word.

(ii) As iemand van 'n ander persoon wol in 'n houer verkry het waarop die naam en adres van daardie persoon voorkom, moet die naam en adres van daardie persoon op die houer behou en die naam en adres van eersgenoemde persoon bygevoeg word.

(f)(iii) Alle wol wat oorverpak is, moet duidelik „REPACKS" gemerk word en die naam, en adres van die persoon wat die wol oorverpak het, moet op die baal aangedui word.

(g) Alle merke wat volgens hierdie regulasies aangebring word, moet bestaan uit letters wat minstens anderhalwe duim hoog is en moet aan die bo-end (in die geval van bale) en langs die sye (in die geval van sakke) bymekaar aangebring word.

(h) Wol wat bestemd is om verkoop te word, is onderhewig aan inspeksie deur 'n inspekteur wat deur die Sekretaris van Landbou en Bosbou aangewys is.

(i) 'n Inspekteur wat volgens regulasie aangewys is, kan op enige redelike tyd persele binnegaan waarin daar wol is of waarin daar, na die inspekteur rede het om te vermoed, wol is. Hy kan enige deel van die perseel en enige baal of sak wol daarin inspekteer en kan so 'n sak of baal vir inspeksiedoeleindes oopmaak.

(j) Hierdie regulasies tree op 1 Julie 1942 in werking en die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing nr. 1855 word hierby met ingang van die gemelde datum herroep.

(2) <u>Vereistes van die fabrikant</u>.

Munz[14)] beweer : „While spinning quality is the most important factor in any type of wool, since it indicates spinning capacity, this is by no means the only factor that determine the classing of wool. Merino wool, which is in fact of the best spinning quality, is not classed according to the quality only. ....... Merino wool is used mainly for two types of manufacture, namely, for combing and for

14) H. Munz : <u>The Australian Wool Industry</u>, p.102.

clothing, and thus the length of the wool staple and its soundness are the main principles in the classing of merino."

Hieruit blyk dus duidelik dat die vereistes van die fabrikant wel deeglik in aanmerking geneem moet word by die klassifisering van wol. Daarom is dit belangrik dat op die volgende punte gelet moet word : (a) sterkte, (b) skoon-opbrengs, (c) lengte, (d) fynheid, (e) kleur en (f) vasstelling van spintelling.

(a) Sterkte : Munz definieer dit soos volg : „Soundness is defined as tensile strength and refers to the ability of the fibre to withstand the tension placed on it during the combing process"[15]. Hierdie weerstand word ruweg bereken op sewe pond.
In die skuur word die vesels vir hierdie eienskap soos volg getoets : „'n Stapel van die vag word geneem en tussen die duime en voorvingers van elke hand gehou. Die stapel word dan styf gespan en die middelvinger vinnig daaroor getrek. As daar dan 'n metaalklank gehoor word is die stapel sterk genoeg vir alle praktiese doeleindes. As die stapel breek moet die vag as teer geklas word......"[16].

By die verskillende prosesse van vervaardiging, maar veral by die kaardbewerking en kam, word die vesels afsonderlik aan spesifieke spannings onderwerp. Indien die vesels nie sterk genoeg is nie, breek dit en gaan daar dus van die vesels verlore, terwyl die trekweerstand van die garing en kledingstowwe ook daardeur benadeel word.

In die kamproses word die kort wolvesels, bekend as uitkamsels, verwyder van die lang vesels waaruit die kambol bestaan. Dit is dan nou ook vanselfsprekend dat dieselfde gewig uitkamsels minder werd is as die van kambol. Dit is ook voor die hand liggend dat 'n bepaalde hoeveelheid wol van

15) Idem, p. 109.
16) P.D. Rose : Klas van merienowol, Pamflet nr. 71, Dept. van Landbou, Junie 1927, p. 9.

hoë treksterkte met 'n kamverhouding van 9 tot 1 'n hoër prys sal behaal as die van 3 tot 1. Alhoewel die benaming kamverhouding selde by veilings gehoor word, laat kopers altyd baie toe vir pluiserigheid[17]. Hierdie uitkamsels word ook soms genoem „tarra". Deur hierdie tarra te skat saam met die moontlike skoonopbrengs van die vetwol kan die koper bereken wat die waarde van die wol is[18].

(b) Skoonopbrengs : Onder skoonopbrengs word bedoel die hoeveelheid skoongewaste wol wat verkry sal word nadat die onsuiwerhede verwyder is. Die onsuiwerhede kan natuurlik en onnatuurlik wees. Natuurlike onsuiwerheid bestaan uit wolvet, terwyl die onnatuurlike onsuiwerhede uit saad, klitsgras, plantaardige materiaal, sand, stof ens. kan bestaan[19].

Skoonopbrengs word altyd as 'n persentasie van die hoeveelheid vetwol uitgedruk. Alhoewel hierdie persentasie maar slegs 'n skatting is, word die werklike skoonopbrengs deur persone wat bedrewe is in die werk, betreklik juis geskat. Die markprys weer word genoteer op 'n basis van skoongewaste wol vir 'n klas met vesellengte en fynheid. Die volgende sal verduidelik wat hieronder verstaan word[20]. Veronderstel die skoongewaste waarde van 'n sekere tipe wol is 42 pennies per pond; die geskatte skoonopbrengs is 50 persent. Die ekwiwalent vir wolwaarde kan dan soos volg bereken word :

$$\frac{\text{Skoongewaste waarde x Skoonopbrengs}}{100} = \frac{42 \times 50}{100} \text{ pennies per pond}$$

$$= \frac{2,100}{100} \text{ pennies per pond}$$

$$= \underline{21 \text{ pennies}} \text{ per pond}$$

„As die prys van die vetwol bekend is, kan die prys van die skoongewaste wol verkry word deur dit met 100 te vermenigvuldig en deur die skoonopbrengs te verdeel"[21].

17) P.D. Rose en F.J. Labuschagne : Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis, p. 7.
18) J.C. de Klerk, „Wol, die wondervesel", herdruk nr. 78 uit Boerdery in Suid-Afrika, Des. 1948, p. 7.
19) C.E. Cowley, Classing the Clip, 1931, p. 66.
20) C.E. Cowley : a.w., p. 65.
21) P.D. Rose en F.J. Labuschagne, Klassering van merinowol, p.11.

Die algemene term wat in die skeerhuis gebruik word vir skoonopbrengs, is „kondisie", wat die verskillende vagte beskryf deur die terme lig, matig of swaar[22].

Die toestand waarin wol gewoonlik aangetref word, is swaar of lig met 'n hoë of lae opbrengs, wat afhang van genoemde faktore soos vet, sand, stof en enige ander vreemde stowwe wat in die wol mag wees. Dit is dan ook van die grootste belang dat daar geen wol van verskillende kwaliteit in dieselfde baal geplaas mag word nie. Die beste gedragslyn wat hier gevolg moet word is om die gewig van die vagte te vergelyk ten einde dieselfde gewigte bymekaar te plaas[23].

In die volgende tabel word saamgevat die persentasie skoonopbrengs van vetwol (behalwe waar anders genoem) in die vernaamste produserende lande van die wêreld[24]. Dit moet egter beklemtoon word dat hierdie syfers slegs gemiddelde skattings is en daarom slegs by benadering korrek is.

| Totale Skeersel | | | | Uit-voer | Behou in die Verenigde Koninkryk. | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Land van Oorsprong | 1947/48 | 1948/49 | 1949/50 | 1949/50 | 1947/48 | 1948/49 | 1949/50 |
| Australië : | | | | | | | |
| Merino | 54 | 54 | 55 | 56 | 57 | 56 | 57 |
| Kruisras | 58 | 59 | 59 | 61 | 64 | 64 | 65 |
| Gewaste | 90 | 90 | 90 | 90 | 90 | 90 | 90 |
| Nieu-Seeland: | | | | | | | |
| Merino | 54 | 54 | 54 | 56 | 53 | 53 | 52 |
| Kruisras | 67 | 67 | 67 | 69 | 68 | 68 | 68 |
| Gewaste | 89 | 89 | 90 | 90 | 92 | 92 | 92 |
| „Slipe" | 81 | 81 | 81 | 81 | 80 | 80 | 81 |
| Suid-Afrika : | | | | | | | |
| Merino | 47 | 47 | 47 | 49 | 47 | 47 | 49 |
| Alle wol | 47 | 47 | 47 | 49 | 46 | 46 | 48 |
| Gewaste | 91 | 91 | 91 | 91 | 91 | 91 | 91 |

Uit bostaande tabel blyk dus duidelik dat Australië die land is met die grootste skoonopbrengs in merinowol, terwyl

22) Idem.
23) P.D. Rose : Klas van merienowol, pamflet nr. 71 Dept. van Landbou, p. 17.
24) Common Wealth Economic Committee : Wool Production and Trade 1950-51", Supplement to Wool Intelligence, p.77

Nieu-Seeland weer 'n groter persentasie opbrengs het in kruisraswol. Aan die anderkant is Suid-Afrika se gewaste wol weer van 'n hoër gehalte as dié van genoemde lande.

(c) Lengte : „Lengte, wat gewoonlik oor die duim gemeet word, is van die grootste belang in 'n skuur, aangesien dit vanuit die oogpunt van die fabrikant een van die wenslikste fisiese hoedanighede van wol is"[25]. By die vasstelling van die pryse speel lengte en egaligheid van die vesellengte ook 'n baie belangrike rol, want hoe langer die vesels is, hoe makliker kan dit in die verskillende prosesse van vervaardiging beheer word.

Wol word hoofsaaklik in twee groepe verdeel, naamlik kaardwol en kamwol, en omdat dit vir verskillende doeleindes gebruik word, word dit ook in verskillende fabrieke verwerk. Merinowol van onder 2 duim word hoofsaaklik by die kaardwolfabrieke verwerk, waar geen proses van uitkamming plaasvind nie. In kamwolfabrieke, aan die ander kant, word langer wol verwerk. Hier gaan die wol deur die kaard- en kamprosesse waar die korter en tingerige vesels uitgehaal word. Soos reeds aangetoon is, word die waarde van wol in 'n groot mate bepaal deur die verhouding van die kamwol („tops") en kamafval („noils") daarin[26].

„Ofskoon lengte 'n baie belangrike eienskap is, is egaligheid van lengte 'n baie wensliker hoedanigheid vanuit die oogpunt van die fabrikant"[27]. In die fabriekswêreld bestaan daar vandag wolkamme wat vesels van enige lengte kan bewerk, omdat dit verstelbaar is ooreenkomstig die lengte van die vesels. Vir die fabrikant is dit egter onmoontlik om vesels wat baie in lengte verskil, gelyktydig te kam[28].

Die vesellengte varieer nie alleen by die verskillende rasse nie maar selfs van skaap tot skaap van dieselfde ras

25) P.D. Rose: Klas van merienowol, p. 8.
26) C.T. van Rensburg: Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 116.
27) P.D. Rose: Klas van merienowol, p. 9.
28) Idem.

asook in verskillende dele van dieselfde vag en selfs in die vesels wat 'n stapel uitmaak. Deur middel van oordeelkundige afranding en klassifisering kan die verskille in lengtes in 'n groot mate uit die weg geruim word.

Dit is dus voor die hand liggend dat lengte 'n baie belangrike plek inneem by vervaardiging; en omdat lengte baie maklik deur geoefende klassifiseerders in die skeerskuur gemeet en geskat kan word, word lengte as basis vir klassifisering van wol geneem[29].

Absolute egaligheid van wol kan egter nie verkry word nie, maar fabrikante betaal meer vir wol wat in 'n hoë mate aan hierdie vereiste voldoen. Om hierdie rede maak die Nasionale Wolkwekersverenging in sy klassifiseringstandaarde voorsiening vir 'n maksimum verskil van 'n halfduim tussen die verskillende klasse. Daarom is dit essensieel dat die klassifiseerder in die skuur daarop sal let dat die vesels wat saam geklassifiseer word, nie meer as 'n halfduim van mekaar verskil nie, want groter verskille beïnvloed die prys uiters nadelig[30].

(d) Fynheid of deursnee van vesel : Vesels verskil nie alleen wat betref lengte nie, maar ook in fynheid of kleinheid van deursnee. Fynheid gaan met kortheid gepaard, en as die boer met die oog op fynheid teel, doen hy dit outomaties ten koste van die lengte en vice versa[31].

Indien ander eienskappe dieselfde is, kan 'n langer draad garing gespin word van 'n gegewe hoeveelheid fynwol, omdat dit meer gekartel en meer elasties en buigbaar is as wat die geval met „sterk" wol is. As gevolg van die meer kartels besit die oppervlak van die vesels 'n groter aantal skubbe, wat verantwoordelik is vir die saamklewing van vesels, en dit is weer van groot waarde by die spinproses[32].

„Trekweerstand staan in verhouding tot fynheid, met ander

29) C.T. van Rensburg : a.w., p. 117
30) P.D. Rose : Klas van merienowol, p. 9.
31) Idem, p.9.
32) Rose en Labuschagne : Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis. p. 8.

woorde, hoe fyner die wol hoe groter die trekweerstand per eenheid van deursny. ...... Vaster, stewiger en meer egalige garing kan van fynwol gespin word omdat die fyn vesels nader aanmekaar lê. Die kle.dingstowwe wat hiervan gemaak is, besit dus noodwendig groter trekweerstand en duursaamheid, en bowendien het dit nog ook die wenslike hoedanigheid van 'n sagte gevoel"[33].

By die klassifisering van wol is dit dus belangrik vir die boer om die verskil tussen die verskillende soorte wol te ken.

Alhoewel die klassifisering van wol in lyne van egalige fynheid van groot belang is, is die verdeling in egalige lengtes vir die fabrikant van groter belang daar dit hom in staat stel om beter te sorteer met die oog op fynheid. Dit is dan ook essensieel om alle growwe, harige wol nie saam met die ander vagtipes te klassifiseer nie[34].

(e) <u>Kleur</u> : Merinovesels het 'n wit kleur, maar weens die aanwesigheid van ander stowwe word vetwol in 'n verskeidenheid van kleure aangetref. Dit is baie opmerklik dat wol die kleur aanneem van die grond waarop die skape gewei het. Hierdie feit is veral opvallend wanneer wol uit verskillende gebiede op die vertoonvloere uitgestal word. Nie alleen verskil die kleur van wol vanuit verskillende gebiede nie maar selfs ook die vagte van verskillende skape binne dieselfde kudde. Die verskynsel moet toegeskryf word aan die kleur van die wolvet of wololie van die vesel. Verskille in kleur as gevolg van kleurstof of nadelige merkstowwe moet egter uit die skeersel verwyder word. In die wasproses sal die kleur van urinebevlekte en ander sleg-verkleurde wol nie altyd heeltemal verwyder word nie, en daarom is dit belangrik dat hierdie tipe wol reeds in die wolskuur van die ander wol geskei en apart verpak moet word. Egaligheid van kleur maak die klasse aantreklik vir die koper. Klassifisering met die oog op kleur vind plaas bloot op grondslag van vergelyking tussen die kleure

33) Rose: a.w., p.10.
34) [illegible]

van vagte. As gevolg van die feit dat kleur normaalweg in 'n nouer verband staan met die skoonopbrengs, is dit dus uiters noodsaaklik dat behoorlike aandag in die skeerhuis gegee sal word aan kleuraanpassing[35].

(f) Vasstelling van „spintelling" of „kwaliteitsnommer" : Reëlmatigheid van veselfynheid speel net soos in die geval van lengte 'n baie belngrike rol by die vasstelling van pryse[36].

Cowley sê : „While the spinning quality of wool will be very largely governed by the smallness, or the fineness of the fibre, the softness, length, soundness and breeding all exert more or less influence upon the actual spinning possibilities of the wool. To appreciate the difference between the various qualities in merino wool requires very accurate and critical judgement"[37]. Vir praktiese doeleindes bepaal die veselfynheid egter die spintellings waaronder wol van verskillende diktes aan die handel bekend is.

Met kwaliteitsnommer word bedoel die aantal stringe van 560 jaart (ook bekend as „hanks", stringe) wat geweef kan word uit een pond skoongewaste en gekamde wol [38].
As die gewigseenheid = 1 pond; die lengte-eenheid = 560 jaart of 1 „hank" kan :

560 jaart met 'n gewig van 1 pond 1's genoem word;
560 jaart met 'n gewig van 1/40 pond 40's genoem word;
560 jaart met 'n gewig van 1/60 pond 60's genoem word, ens.[39].

Om hierdie rede word dus gepraat van spintellings 1's, 40's,60's, ensovoorts. In merinowol is die volgende spingehalte algemeen bekend, naamlik 60's, 62's, 64's, 66's, 70's, 74's, 80's, 90's, ensovoorts[40]. Hierdie verskillende spintellings is soos

35) Rose : a.w., p. 11.
36) Rose en Labuschagne: Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis, p. 8.
37) C.E. Cowley: Classing the Clip, p. 60.
38) C.T. van Rensburg: Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 118.
39) A.F. du Plessis: The Marketing of Wool, p.25.
40) C.T. van Rensburg : a.w., p. 118.

volg van toepassing :

| | |
|---|---|
| Sterk wol ... ... ... | 60's |
| Middelslag wol ... ... | 64's |
| Middelslag fyn wol ... | 64's/70's of 66's. |
| Fyn wol ... ... ... | 70's, 70's of 80's en fyner[41]. |

Merinowol met 'n spintelling van onder 60 is grof en word as kruisgeteelde wol geklassifiseer alhoewel dit alle eienskappe van merinowol vertoon.

Die boer het nie nodig om hom oor spintellings te bekommer nie; dit is vir hom heeltemal voldoende as hy in sy skeerhuis net kan onderskei tussen fyn, middelslag, sterk en growwe wol en wol wat by hantering sag of hard voel.

'n Standaardskaal van kartelings vir elke spintelling is soos volg deur twee Suid-Afrikaners, professor J.E. Duerden en dr. Bosman, saamgestel en dien as leidraad by die bepaling van spintelling[42]:

| Aantal kartelings per duim | Spintellings. |
|---|---|
| 27 - 30 | 150's |
| 24 - 27 | 120's |
| 21 - 24 | 100's |
| 19 - 21 | 90's |
| 17 - 19 | 80's |
| 15 - 17 | 70's |
| 13 - 15 | 66's |
| 11 - 13 | 64's |
| 9 - 11 | 60's |
| 7 - 9 | 58's |
| 5 - 7 | 56's |

Uit die tabel blyk dit dus dat die grootte van die kartels of die aantal daarvan per duim die spintellings van die wol

41) Rose en Labuschagne : Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis, p. 9
42) Idem, p. 9.

aantoon. Die grootte van die kartel is gevolglik 'n betreklik betroubare aanduiding van wat die spintelling sal wees. Met ondervinding word dit later maklik om die spintelling slegs met die oog te skat. Faktore soos byvoorbeeld voeding beïnvloed die grootte en vorm van die kartel, en daarom is dit nie altyd moontlik om die spintelling met groot juistheid vas te stel nie. Die enigste betroubare metode van vasstelling van die spintelling is deur middel van die ondersoek van die veseldikte[43].

Sommige skrywers meen dat dit vir die wolklassifiseerder voldoende is as hy in staat is om die kenmerkende eienskappe van die verskillende tipes wol, soos byvoorbeeld fyn, middelslag en sterk, te kan onderskei; dit lei tot baie minder verwarring as wanneer die kartels getel en wanneer veseldiktes vergelyk word[44].

Omdat die uiteindelike sukses van die wolbedryf grootliks afhanklik is van die standaardisasie van wol vir die mark, het die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika klassifiseerstandaarde neergelê wat ook deur die kopers in die Uniehawes erken word. Wanneer wol deur 'n geregistreerde klassifiseerder geklassifiseer is, en dit behoort aan 'n lid van die Nasionale Wolkwekersvereniging, word 'n Springbokkopmerk as 'n handelsmerk op die baal aangebring om aan te dui dat die wol volgens standaarde geklassifiseer is. Die Vereniging registreer enige persoon wat hom as wolklassifiseerder bekwaam het.

d. <u>Metode van wolklassifisering</u>.

Alhoewel die klassifiseerder 'n grondige kennis van die besondere kudde mag besit, is dit nogtans nie gewens dat met die klassifisering 'n begin gemaak word sodra die eerste vagte op die afrandtafel geplaas word nie maar dat eers gewag moet word totdat daar ongeveer vyftig vagte of meer opgehoop

43) Rose en Labuschagne: a.w., p.10.
44) Idem, p. 11.

het. By die aanvang van klassifisering is dit gerade om die verskillende soorte te rangskik. Daar moet nou ook gewaak word teen die neiging wat by sommige persone bestaan om verskille te maak wat soms nie eens bestaan nie. Aan die ander kant moet ook nie een groot heterogene klas geskep word van 'n hoeveelheid wol wat in twee homogene klasse verdeel kan word nie. Waar baie skape geskeer word, kom die probleem van onegaligheid nie so dikwels voor nie, aangesien elke tipe wol as 'n aparte skeersel behandel kan word. By klassifisering is dit verder ook belangrik om die kwessie van „sterlotte"[45] in aanmerking te neem. Wanneer twee duidelik verskillende klasse verdeel kan word sonder om hulle in „sterlotte" te verander, kan dit plaasvind.

Dit is onmoontlik om vaste reëls neer te lê ten opsigte van die aantal klasse waarin 'n skeersel geklassifiseer moet word, aangesien dit baie afhang van die verdienste van die vagte afsonderlik asook die eenvormigheid en grootte van die skeersel. Daar moet egter onthou word dat die basis van klassifisering nog steeds lengte is, want daar bestaan 'n groot mate van korrelasie tussen lengte en fynheid. C.T. van Rensburg [46] sê: „Hou die lengtes so egaal moontlik en slegs wanneer die hoeveelheid dit regverdig, kan onderskeid tussen die fynheidsgrade gemaak word."

In verband met die bepaling van die verskillende klasse haal ek die volgende aan uit Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis deur P.D. Rose en F.J. Labuschagne[47]: „Ten einde die klasseerder in staat te stel om die getal en standaard van die verskillende klasse wat met

45) Onder 'n „lot" word verstaan 'n klompie bale van dieselfde klas. Selfs een baal kan 'n lot vorm, maar wanneer 'n lot uit twee bale en minder bestaan word die lot 'n „sterlot" genoem. Ook verskil die aantal bale wat 'n sterlot uitmaak, van tyd tot tyd volgens die besluit van die makelaars- en kopersverenigings.

46) Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.126.

47) T.a.p., p. 43-44.

voordeel in enige bepaalde skeersel opgemaak kan word, te bepaal, is dit noodsaaklik dat hy so spoedig moontlik na die aanvang van die skeerdery 'n taamlik duidelike beeld van die skeersel as geheel kry. Onderstaande wenke, wat hoofsaaklik vir die beginner bedoel is, sal hom daartoe in staat stel :

(1) Elke vag moet op die gewone wyse afgerand en toegerol word. In hierdie stadium moet 'n mens veral sorg dat die vagte sorgvuldig toegerol word sodat hulle hul identiteit as aparte eenhede behou totdat die klasseerder kans gehad het om hulle te groepeer en te hergroepeer, soos hieronder aanbeveel word.

(2) Nadat elke vag toegerol is, moet dit op die gewone wyse vir lengte en veselsterkte getoets word. Alle tengerige vagte moet, ongeag hul lengte, saam in een groep geplaas word.

(3) By die bepaling van die lengte van elke vag moet die klasseerder die klasseringstandaarde van die Nasionale Wolkwekersvereniging streng volg en daarvolgens sy onderverdelings maak. As die klasseerder op hierdie stadium in 'n posisie is om elke lengte-groep vir beide lengte en fynheid verder te verdeel, kan hy dit maar gerus doen. Waar geriewe, soos wolbakke, tafels of selfs vloerruimte ontoereikend is, is dit moeilik om vagte terselfdertyd vir lengte en fynheid te klasseer. Onder sulke omstandighede is dit die beste om slegs vir lengte te klasseer en dan vir fynheid te verdeel wanneer die tyd dit toelaat dit wil sê wanneer die skeerdery gestaak is.

(4) Waar vagte slegs vir lengte geklasseer is, moet elke lengte-graad verder in fynheidsgroepe, nl. fyn, middelslag en sterk verdeel word.

'n Redelike mate van juistheid kan verkry word selfs waar die ervaring ontbreek, as die werk sorgvuldig en vergelykenderwys gedoen word. As die vag vir lengte en fynheid

geklasseer is, moet die klasseerder op hierdie stadium sy werk nagaan, deur die verskillende klasse sorgvuldig te vergelyk.

(5) Nadat die klasseerder die vagte in die verskillende fynheidsgroepe binne elke lengteklas verdeel het, moet hy elke groep vir kleur en kondisie ondersoek. Hy moet alle vagte met klaarblyklike kleurgebreke en ook dié wat per eenheid volume klaarblyklik swaarder is as die gemiddelde vir die besondere klas, verwyder. Net soos in die geval van tengerige vagte, moet hy al die swaar en verkleurde vagte, ongeag hul lengte, saam klasseer.

(6) Nadat hy hom op hoogte gestel het van die getal vagte in elke klas, moet hy die getal vagte bepaal wat redelikerwys verwag kan word, sodat hy by benadering die getal bale in elke klas kan skat."

c. Die klassifisering van skeersels van verskillende grootte.

Soos reeds vermeld, is dit 'n onbegonne taak om die regte klassifisering vir elke skeersel te formuleer, aangesien rekening gehou moet word met die verdienstelikheid van die wol asook die hoeveelheid van elke soort.

Die volgende wenke kan egter as leidraad dien vir die meeste skeersels. Daar moet egter onthou word dat dit slegs wenke is, en dit moet nie beskou word as neergelegde reëls nie.

(1) Vyfbaal-skeersel[48]: Hier is slegs sprake van twee klasse, naamlik (a) 'n vagsoort en (b) loks en gevlekte wol.

Die vagte moet lig afgerand word dog ietwat meer as die loks. Hierna moet die gevlekte wol verwyder word. Dit is ook noodsaaklik dat alle vagte saam geklassifiseer moet word, behalwe baie kort en swaar vagte, wat uitmekaar gemaak en by die loks gegooi moet word. By groter skeersels sal die loks en gevlekte wol 'n weinig swakker wees as by kleiner skeersels.

48) P.D. Rose: Klas van merienowol, p.13.

Indien kort, vuil rugwol baie minderwaardig is, kan dit verwyder en by die loks gegooi word. Nadat die penswol afgerand is, word dit by die vagte gegooi. Indien die penswol minderwaardig is, moet dit net soos kort, vuil vagte behandel word. Dit gebeur ook soms dat selfs 'n derde lyn gemaak word vir saadagtige wol. Dit hang egter baie af van die omstandighede.

Growwe, harige wol van onder 60's-kwaliteit moet altyd afsonderlik gebaal word.

By klein skeersels is dit egter onmoontlik om egaligheid te handhaaf sonder om sterlotte te maak. Maar as in aanmerking geneem word hoe populer die sterlotte-verkoopkamer word, sal besef word dat dit tog lonender is om egaligheid te handhaaf.

(2) Tienbaal-skeersel [49]: By hierdie skeersel word van drie tot vier klasse aanbeveel, naamlik (a) vagte; (b) penswol en stukke; (c) loks en gevlekte wol; (d) rugwol, indien nodig.

As gevolg van die vier klasse kan die vagte deegliker afgerand word. Swaar, kort en gekleurde vagte moet uitmekaar gemaak en by die penswol en stukke gegooi word. Goeie, gesonde en ligte penswol kan by die vagte geklassifiseer word, maar gewoonlik word dit in stukke by die penswol en stukke gevoeg, terwyl die minderwaardige penswol by die loks kom. Ingeval daar genoeg minderwaardige rugwol is (een baal), kan dit afsonderlik gebaal word. Indien nie, moet dit by die loks en gevlekte wol gegooi word. Ligte, tingerige vagte moet uitmekaar gemaak en by die penswol en stukke gegooi word, terwyl vuil en teervagte by die rugwol gegooi moet word. Hoggetswol (dit wil sê die eerste skeersel wat van 'n skaap afgeskeer word as hy omtrent agt maande oud is) moet by die gewone vagte gevoeg word en nie afsonderlik gebaal word nie.

49) Idem, p. 13.

Vir die behandeling van growwe, harige en saadagtige wol word verwys na die opmerkings in verband met die vyfbaal-skeersel.

(3) Skeersel van vyftien tot vyf-en-twintig bale[50]:

Hier word vier tot vyf klasse aanbeveel, naamlik : (a) eerste vagte; (b) tweede vagte; (c)) penswol en stukke; (d)) loks en gevlekte wol; (e) rugwol, indien nodig.

Die eerste vagte moet hier deegliker afgerand word as in die vorige geval, terwyl die tweede vagte nog lig afgerand kan word. Vuil, sanderige rugwol moet afsonderlik geklassifiseer word. As daar genoeg teervagte is, moet dit afsonderlik gebaal word. Penswol moet by klas (c) geklassifiseer word, terwyl minderwaardige penswol by die loks gevoeg moet word. Kort, minderwaardige vagte wat te swak is om by die tweede soort vagte geklassifiseer te word, moet uitmekaar gemaak en by die penswol en stukke of loks en gevlekte wol gevoeg word.

Vir die behandeling van growwe, harige en saadagtige wol word verwys na die opmerkings in verband met die vyfbaal-skeersel.

(4) Dertig- tot veertigbaal-skeersels[51]: Vyf tot ses klasse word hier aanbeveel : (a) eerste vagte; (b)) tweede vagte; (c) eerste penswol en stukke; (d) penswol en stukke; (e) loks en gevlekte wol; (f) rugwol, indien nodig.

Alle vagte wat nie by enige van die vagklasse pas nié, moet uitmekaar gemaak en by (c) geplaas word. Teerwol moet behandel word soos reeds aanbeveel by (2) hierbo, en as daar genoeg daarvan is, moet dit gebaal word. By hierdie skeersel kan rugwol deegliker verwyder en afsonderlik gebaal word.

---

50) P.D. Rose : a.w., p. 14.
51) Idem, p. 14.

Growwe, harige wol : Sien vyfbaal-skeersel.

Saadagtige wol : In geval net 'n gedeelte van die skeersel saadagtig is, moet die vagte goed afgerand word en saadagtige stukke en penswol moet afsonderlik van skoon penswol en stukke gehou word. As die hele skeersel saadagtig is, moet die vagte skoon afgerand word en penswol en stukke op die gewone wyse behandel word.

In gevalle waar die standaard van die kudde hoog is, kan dit voordelig wees om selfs drie klasse te maak.

(5) Skeersels van vyf-en-veertig bale en meer[52]:

Skeersels van hierdie groote word aan die inisiatief van die klassifiseerder oorgelaat, en boere word aangeraai om hulle slegs by die standaarde van die wolkwekersvereniging te hou en te sorg dat die skeersel nie in onnodige sterlotte verdeel word nie.

f) Die baal en merk van skeersels[53].

Aansluitende by die Regeringskennisgewing nr. 1177 in die Staatskoerant van 26 Junie 1942 (vgl. bl. 31 hierbo) moet ook op die volgende belangrike punte gelet word in verband met die verpakking en merk van wol.

(1) Die wolsak : Ten spyte van herhaalde pogings van ontwerping van 'n ideale wolsak is daar tot dusver nog geen bevredigende oplossing vir hierdie probleem gevind nie. Op die oomblik word gebruik gemaak van eerstegraadse wolsakke van 11½ pond (nominaal).

Waar geen vorm van pers in gebruik is nie, is dit feitlik vanselfsprekend dat slordige verpakking sal voorkom. Daar word aanbeveel dat in gevalle waar die boer nie die meganiese pers kan bekostig nie, hy gebruik moet maak van 'n kaspers, wat maklik en goedkoop gebou kan word. Die wolpers verhoed

52) P.D. Rose: a.w., p.14.
53) Rose en Labuschange : Klassering van merinowol......, p.p. 48-54.

dat die bale knopperig is en verseker 'n aantrekliker voorkoms van die skeersel, wat altyd die aandag van kopers sal trek en in 'n groot mate vertroue by hulle sal inboesem.

(2) Pers van bale : Die winsgewendheid om bale styf of slap te pak is 'n kwessie wat na baie jare van verskil nog nie bevredigend opgelos is nie. Heelparty argumente kan ten gunste van sowel as teen beide metodes aangehaal word, maar oor die algemeen kan aangeneem word dat styfgepakte of geperste bale deur die handel verkies word.

Die voordele van styfgepakte bale vir die produsent is die volgende :

(a) Minder houers is nodig, en omdat wolsakke duur is, bring dit 'n geldbesparing mee.

(b) Vervoer vanaf die plaas word vergemaklik, want vierkantige bale laai makliker, en groter vragte kan met groter veiligheid vervoer word.

(c) Hanteringskoste word aan die kus per baal bereken. Slapgepakte bale, halwe bale ens. word teen dieselfde koste gehanteer. Die koste bedra 2 sjielings per baal onder 600 pond en 3 sjielings per baal van 600 pond en meer.

Omdat slap bale onaantreklik voorkom, stem dit die koper ontevrede, want hy dink aan die nadele wat die aankoop van so 'n klas wol meebring.

Die kopers het die volgende besware :

(a) Omdat hulle bestellings ontvang vir die aankoop van 'n aantal bale wol en slapgepakte wol 'n kleiner gewig het, is die koopkommissie klaarblyklik kleiner. Makelaars word om hierdie rede soms versoek om 'n klas slapgepakte wol in minder houers oor te pak. ('n Wolsak wat nie 'n vol baal uitmaak nie, word deur die handel as 'n slap baal beskryf. Om die onkoste in verband met herverpakking van sodanige sakke te dek word 'n ½ pennie per pond afgetrek, terwyl van

wol in graansakke 'n pennie per pond van die koopprys afgetrek word[54].

(b) Per skeepsruimte-eenheid kan minder gewig verskeep word wanneer slapgepakte bale aangekoop word. Hierdie aspek geniet ernstige oorweging in die sakewêreld, want skeepsruimte is gedurende die seisoen van drukte nie altyd beskikbaar nie, en vertraging bring verlies van tyd en geld mee.

Omdat dit moeilik is om monsters uit te trek vir waarderingsdoeleindes, maak kopers soms beswaar teen bale wat te styf gepers is.

(3) Gewig van bale : By die pers van bale moet daar veral rekening gehou word met die tipe wol uit verskillende dele, aangesien 'n baie groot speling in die skoonopbrengs van wol bestaan. Om hierdie rede sal dit dan uiters dwaas wees om 'n baal wol met 'n skoonopbrengs van 60 persent net so swaar te pak as 'n baal met 'n skoonopbrengs van 40 persent. Net so dwaas sal dit wees om die byklasse CBP en BP ensovoorts so te pak dat hulle net so swaar weeg as die ligter vagklasse.

Die algemene gewig vir ligte grasveld- en ligte Karoo-vagtipes is 280 - 300 pond, terwyl dié van swaarder tipes varieer tussen 300 en 320 pond; CBP 330 - 350 pond en LOX 400 pond.

Daar moet sover moontlik gepoog word om die gewigte van die bale van die verskillende klasse dieselfde te hou. Deur die getal vagte wat in elke baal kom, te reguleer, kan dit baie maklik geskied.

Om die moeilikheid te voorkom dat bale soms ligter as 200 pond is, kan die pers van wol vir 'n dag of twee voor die beëindiging van die skeerdery gestaak word. Die wol wat dan in die wolbakke oorgebly het, stel die boer in staat om 'n betreklik juiste skatting te maak van die getal bale wat

---

54) C.T. van Rensburg : Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.127


hy uit elke klas sal kry. Hy kan die digtheid van die bale nou eweredig verdeel. Dit is beter om twee ietwat ligte bale te maak in stede van een stywe en een ligte. Ingeval hierdie moeilikheid nie deur middel van die pers oorkom kan word nie, kan dit gewoonlik deur oordeelkundige vermenging verkry word.

Sommige boere verdeel 'n baal in twee dele ten einde twee verskillende tipes wol in dieselfde baal te verpak. Alhoewel hierdie metode die onkoste van 'n addisionele wolsak bespaar, is dit bepaald 'n oortreding van die verpakkings- en bemarkingsregulasies. Dit kom egter nie daarop aan hoe duidelik die inhoud van die baal aan die buitekant gemerk is nie. Sodanige bale moet net soos bale onder 200 pond herverpak word voor verskeping. Sulke bale veroorsaak ongerief vir beide die koper en die makelaar en behaal nooit hul werklike waarde nie.

Verder is dit 'n uiters nadelige en ongewenste praktyk om 'n klompie van die beste wol bo in elke baal swak wol te verpak. Kopers is baie op hulle hoede hiervoor en boere wat betrap word, word swaar gepenaliseer.

(4) <u>Toewerk</u> : Die Regeringsregulasies bepaal dat blou seilgaring of staaldraadhakies gebruik moet word vir die toewerk van die sakke of bale. Seilgaring wat deur byewas getrek is, werk makliker en is aanmerklik sterker.

(5) <u>Merk</u> : Hiervoor word aanbeveel dat gebruik van letterplate en dat die merk op die toegewerkte kant van die baal aangebring word soos hieronder aangedui word. Wanneer van die staalhakies gebruik gemaak word, moet die merk egter aan die teenoorgestelde kant van die baal aangebring word. Alle wolboere word aangeraai om die nasionale simbole wat die verskillende woltipes aandui, te gebruik (sien standaarde van die Nasionale Wolkwekersvereniging).




3. <u>Swak eienskappe in die Suid-Afrikaanse skeersels</u>.

Van al die takke van veeboerdery het die wolskaapbedryf reeds die verste op die weg van verbetering gevorder, maar aan die ander kant is daar nog heelwat ruimte vir verdere verbetering.

Die vernaamste kritiek wat van tyd tot tyd teen ons wolskeersels geopper word, kan kortliks soos volg saamgevat word:

Die karakter en kwaliteit van sommige skeersels is nie altyd bemoedigend nie, en in sommige gevalle is dit baie duidelik dat die telingsbeleid afwyk van die standaard vir goeie, suiwer merinovereistes. Veral opvallend is die toename in los stapelformasie en dooie en verweerde toppe. Hierdie foute veroorsaak dat vervaardigers van die fynste en beste materiale nie hierdie wol kan verbruik nie. Die naam van ons Suid-Afrikaanse skeersels is ook hiermee gemoeid, en daarom behoort telers hierdie gevaar in aanmerking te neem[55].

Mnr. D.B. Sykes, 'n verteenwoordiger van 'n firma wat reeds vanaf 1776 in die wolhandel is, en die oudste koper van Suid-Afrikaanse wol, het die volgende opmerking gemaak oor die swak klassifisering van wol : „Die koste verbonde aan die herklassering van swak geklassifiseerde bale beloop omtrent 5 sjielings per uur en as gereken word dat 'n klasser slegs 3 tot 4 bale per dag kan herklas, kan dit verstaan word dat dit geen geringe koste vir die fabrikant is nie. Iemand moet hierdie koste dra en op die ou end is dit tog die boer wat dit moet betaal"[56].

55) Vergelyk „Swak eienskappe in Skeersels" in <u>Koöperasie</u>, Januarie 1950.
56) Vergelyk „Iemand moet dit betaal" in <u>Koöperasie</u>, Julie 1952.

As gevolg van hierdie toestand is dit voor die hand liggend dat die boer wat sy wol nie goed klassifiseer nie, nie die beste prys vir sy wol behaal nie. Aan die ander kant is die koper, dit wil sê die fabrikant, ook nie tevrede met die wol nie, omdat hy ook nie die waarde kry waarna hy soek nie. Die ontevredenheid van albei partye lei tot 'n baie ongesonde toestand in die hele bedryf.

Omdat kopers soms baie groot hoeveelhede moet besigtig, is dit nie altyd moontlik dat swak geklassifiseerde bale maklik opgemerk word nie. Eers wanneer die bale oorsee oopgemaak word, word gevind dat die wol swak geklassifiseer is. Die koper word dan deur middel van 'n brief van die toestand in kennis gestel. Dit is nie alleen 'n refleksie op die koper nie maar ook op die boer.

Verder kom vermenging van klasse dikwels voor. Dit word gevind dat 64's in 'n baal voorkom wat gemerk is 70's. Die koper kan dit nou nie koop as 70's en ook nie as 64's nie. Die boer verloor onmiddellik op die wol, want vir die koper is dit nou niks anders as „outsorts" nie. Soms word tot 16 persent „outsorts" gevind[57].

Egaligheid is dan van die vernaamste vereistes wat die fabrikant stel. Hoe meer die wol gemengd is wat die lengte betref, hoe groter is die persentasie „noils", en hoe groter is die skade van die fabrikant en indirek ook dié van die boer. Die verhouding van „tops" tot „noils" wat as heeltemal natuurlik beskou word, is 9 tot 1[58].

Die teenwoordigheid van kemp benadeel die skeersel geweldig. Hawkesworth definieer kemp as „hard, brittle, opaque, diseased, white hairs, sometimes brown and black, found in sheep, indicating neglect and a want of purity of blood." Verder sê hy : „These are most objectionable fibres, the cells having collapsed, which accounts for the

57) Vergelyk „Iemand moet dit betaal", t.a.p.
58) Idem.

hard and brittle nature, and should not be found on a merino sheep, but when present are pn the head mostly, sometimes on the britch , and have a very damaging effect. To the manufacturers, kemps are detestable, as their nature prevents them from being successfully used, as in the course of manipulation they break off short, and resist dyes. When wool contains kemps it is used for low undyed goods, as blankets, rugs, saddle-cloths, etc."[59]. As kemp binne 'n baal ontdek word, kan dit die prys van wol met soveel as een sjieling per pond verminder[60].

4. Slot.

Alhoewel die wolbedryf baie jare reeds die belangrikste boerderybedryf in Suid-Afrika is, word die vordering op die gebied van wolklassifisering gekenmerk deur 'n baie langsame vooruitgang. Aanvanklik het die uitermate swak klassifisering en verpakking van die Suid-Afrikaanse skeersels die Bradfordse wolhandel groot hoofbrekens besorg, maar gaandeweg het die oorsese kritiek die plaaslike produsente aangespoor om meer aandag aan hierdie aspek te verleen.

Gebrekkige klassifisering in die verlede moet in 'n groot mate toegeskryf word aan onkunde; maar omdat die produsent vandag weet wat van hom verwag word, het hierdie probleem feitlik heeltemal verdwyn.

Die Nasionale Wolkwekersvereniging het inderdaad baanbrekerswerk in hierdie verband verrig met die skepping van die Springbokkop-merk, wat vandag dan ook die merk is vir eerlik en betroubaar verpakte wol.

Omdat die wolboere vandag meer as ooit tevore die waarde van wolklassifisering besef, versoek hulle die kopers om meer teen die swak geklassifiseerde skeersels te diskrimineer.

59) Alfred Hawksworth : Australasian Sheep, 1920, p. 419.
60) Vergelyk „Iemand moet dit betaal" in Koöperasie, Julie 1952.

Die doel hiermee is nie alleen om die bemarkingskoste te verlaag nie maar ook om alle wolboere te dwing om hulle wol goed te klassifiseer ten einde die toekoms van die bedryf ook op hierdie wyse te probeer bestendig.

Voordat oorgegaan kan word tot die bespreking van die bemarkingstegniek van wol, is dit egter essensieel om die ontwikkeling van die wolmark in die algemeen te bespreek.

-------

# HOOFSTUK III.

## DIE METODES VAN VERKOOP EN DIE ONTWIKKELING VAN DIE WOLMARK IN DIE ALGEMEEN.

### 1. Inleiding.

Die Suid-Afrikaanse wolmark het gedurende die 18de eeu as gevolg van die groot gebrek aan georganiseerdheid baie stadig ontwikkel. Geleidelik is oorgegaan tot beter beheer deur middel van die stigting van organisasies om die belange van die produsent sowel as die koper te behartig. Daarom dan ook dat die bemarking gedurende die 20ste eeu soveel vergemaklik is. In hierdie hoofstuk word gepoog om die verskillende metodes van verkoop en die ontwikkeling van die wolmark in die algemeen te beskryf.

### 2. Oorsake vir die verskillende metodes van verkoop.

Na 'n grondige studie van die bemarkingsisteme van wol oor die hele wêreld blyk dit dat daar 'n betreklike groot verskeidenheid sisteme bestaan het en nog steeds bestaan. Hierdie verskeidenheid in sisteme kan toegeskryf word aan die feit dat die produksie van wol oor die hele wêreld verskillend in belangrikheid is in verhouding met die ander landbouprodukte. Natuurlike eienskappe verskil in die verskillende lande en selfs ook in die verskillende streke van dieselfde land.

In onontwikkelde lande, waar grond onbewerk en goedkoop is of ongeskik is vir ontwikkeling as gevolg van klimaats- en ander natuurlike redes, is wolproduksie in die algemeen van primêre belang. In hierdie gebiede word plase ekstensief bewerk. Aan die ander kant kom skaapboerdery dikwels voor waar gronde duur is en intensiewe produksie voorkom, maar dit vorm 'n ondergeskikte deel van die boedery. Du Plessis[1] sê in die verband : „The varying relative economic importance of wool to other forms of primary production, therefore, is the main reason for the differences found in the methods of marketing wool......"

1) The Marketing of Wool, p. 102.

'n Ander baie belangrike faktor wat aanleiding gegee het tot die verskillende bemarkingsisteme, is die geografiese ligging van die produsent; met ander woorde die afstand wat die sentrum van konsumpsie van die produksie-area geleë is. In gevalle waar die produsent byvoorbeeld naby die fabrieksentrum is, kan die wol direk aan die meule verkoop word.

Verder het die grootte van die produsent se produksie 'n belangrike rol gespeel. 'n Klein skeersel besit gewoonlik nie die kwaliteit en reëlmatigheid in lengte soos dié van 'n groot skeersel nie en regverdig nie die besteding van waardevolle tyd van groot kopers nie. „As it is of insufficient importance to be put up as a seperate lot at some seperate auction market, other methods of disposal are adopted"[2].

3. <u>Die geskiedkundige ontwikkeling van die wolmark en metodes van verkoop</u>.

Die ontwikkeling van die wolmark kan soos volg behandel word :

a. Ontwikkeling gedurende die 19de eeu,
b. ontwikkeling gedurende die 20ste eeu.

a. <u>Ontwikkeling gedurende die 19de eeu</u> : Tot die einde van die vorige eeu was die metode van verkoop van wol nog baie eenvoudig, en aangesien die boer oor die algemeen sy benodigdhede in ruil vir wol verkry het, kan die metode van bemarking met reg genoem word die „Ruilhandelsisteem". Elke boer het een winkelier ondersteun, by wie ook die nodige krediet ontvang is gedurende tye van droogtes en ander rampe. Die winkelier het soms ook verbande oor plase as dekking van groot skulde geëis. Omdat baie boere soms groot skulde by die winkelier gehad het, het hy geen afdingingsvermoë ten opsigte van sy wol besit nie en moes hy maar tevrede wees met die prys wat hom aangebied is.

Omdat die kleinhandelaars min of geen kennis van wol

2) Du Plessis: a.w., p. 103.

gehad het nie, is daar nie onderskei tussen goeie en swak wol nie. Geldenhuys merk in dié verband die volgende op : ....... „No matter how industrious the wool farmer, and no matter how good his wool, he received the price ruling in the district"[3]. Om hierdie rede het boere hulle nie veel gesteur aan die kwaliteit van hulle wol nie en het oneerlike verpakking dikwels voorgekom. Later is daar egter onderskeid gemaak tussen „goeie merino" en „gewone merino". Die gebrek aan 'n stelsel van behoorlike klassifisering het verder groot skade aan die wolbedryf berokken, omdat die gehalte Suid-Afrikaanse wol wat op die oorsese mark aangebied is, van 'n baie lae gehalte was.

Uit die <u>Grahamstown Journal</u> van 17 Januarie 1832, waarin heelwat bemarkingsaangeleenthede van daardie tyd saamgevat is, blyk dat gedurende die periode 1 Oktober 1831 tot 30 September 1832 3,243 pond wol teen 'n gemiddelde prys van 6 pennies per pond op die produktemark verkoop is. Verder word ook vermeld dat wolhandelaars nou na vore gekom het om behulpsaam te wees met die verkoop van wol. Hulle dienste het daarin bestaan dat hulle vir die wol van hulle kliënte tenders gevra het. Omdat hierdie tenderstelsel nie bevredigend was nie, het twee firmas in Durban toen ongeveer 1880 hulle spesiaal daarop toegelê om op te tree as makelaars. Publieke veilings is toe gehou in hulle pakhuise. Ook is wol deur die markmeesters per publieke veiling op die produktemark verkoop. „Die firmas het onder andere 'n metode gevolg waardeur die koper aan die afslaer, op een of ander onhoorbare wyse, sy bot maak, hetsy deur te knik of sekere gebare te maak"[4]. Die motief hiermee was waarskynlik om te verhoed dat medekopers verstaan wat die een koper bereid was om te betaal.

---

3) S.M. Geldenhuys: <u>A study of the development of the wool industry of East London</u>,1952, p. 19.

4) J.C. de Klerk: <u>'n Eeu van merinoskaapboerdery in die O.V.S.</u>, p.28.

Aangesien wol geen vasgestelde prys gehad het nie, het daar groot moontlikhede vir afdinging en kibbeling oor die pryse van klein lotte ontstaan, wat meestal buite verhouding met die waarde van die wol was. Geen wolhandelaar het oor die tyd beskik om oor klein prysverskille te kibbel nie. Vir hierdie doel is 'n agentskapsisteem in die lewe geroep, en so het die agente vir wolhandelaars of fabrikante wat op kommissiebasis gefunksioneer het, ontstaan.
A.F. du Plessis[5)] definieer die funksie van dié agente soos volg : „The function of the agent may be merely that of canvassing for his principal, so as to facilitate subsequent deals when the principal can effect his purchases on a rapid tour through the area." Aangesien hy definitiewe opdragte van sy prinsipaal ontvang betreffende prysbeperkings en voorrade, onderneem hy geen groot risiko vir sover dit prysfluktuasies aangaan nie.

Dit is van belang om hier op te merk dat alhoewel die agent in baie gevalle net so min kennis as die boer gehad het van die waarde van die wol, hy op instruksies van die prinsipaal gehandel het, sodat hy in elk geval seker was van die grond waarop hy gestaan het.

Die ontstaan en ontwikkeling van publieke wolveilings in Port Elizabeth dateer reeds vanaf 1858, toe tweeweeklikse wolveilings daar gehou is. In die Grahamstown Journal van 30 Oktober 1858 lees ons van 'n aanbieding van 95 bale waarvan 56 teruggehou is; en van 43 bale wat op die volgende veiling aangebied is, is 36 verkoop teen 'n gemiddelde prys van 1/4½ pennies en 10½ pennies per pond vir fyngewaste en ongewaste wol respektiewelik. „Vanaf 1870 was daar elke 14 dae veilings op die volgende voorwaardes :

(i) Wol word verkoop min 2 persent.
(ii) Gewig toegelaat vir 'n sak : 10 pond.
(iii) Koste per sak : 5 sjielings.

5) The Marketing of Wool, p. 107.

(iv) Bieëry geskied teen ⅛ pennie per pond vetwol en 'n ¼ pennie per pond vir gewaste wol"[6].

Die aard van die wolmark in Natal gedurende hierdie tydperk word duidelik weerspieël in die volgende aanhaling uit Eeufees van Natal en die wol handel : „Gedurende die tydperk 1880 - 1900 werd behalwe die ruilstelsel van wol ook nog verkopings gehou gedeeltelik met Private Ooreenkomst, ook gedeeltelik deur middel van die Markt Meester op die Maritzburgse Markt Plein. Die kopers het gereeld gedurende die seisoen die reis moet maak van Durban na Maritzburg"[7]. Namate die belangrikheid van die wolhandel toegeneem het, het die wolproduksie ook toegeneem, en gevolglik het die stelsels van die verkoop ook vermeerder. Die vernaamste metodes van verkoop tot voor die uitbreek van die Engelse Oorlog kan soos volg opgesom word :

(1) verruiling aan 'n plaaslike kleinhandelaar;
(2) verkoping op die produktemark wat daagliks gehou word;
(3) die inwinning van tenders deur die agente;
(4) verkopings aan agente deur middel van private onderhandeling;
(5) kleinskaalse verkopings deur middel van publieke veilings.

Ten opsigte van die belangrikste metode van verkoop, naamlik deur middel van privaat ooreenkomste, kan die volgende kritiek geopper word :

Dit is waar dat in gevalle waar wol die primêre bron van inkomste vir die boer is, 'n kredietsisteem essensieel is om die produksie, wat seisoensgewyse geskied, te finansier. Sommige boere het 'n groter behoefte aan kontant as ander, en die privaat ooreenkoms leen hom besonder goed

6) J.C. de Klerk : 'n Eeu van merinoskaapboerdery in die O.V.S., p.13.
7) G. Crossman: Eeufees van Natal en die wol handel, p. 2.

tot voorsiening in die behoeftes van die behoeftige boer. Maar nieteenstaande hierdie voordeel het hierdie stelsel groot leemtes en gebreke ingehou, wat kortliks soos volg saamgevat kan word :

(a) Omdat die boer nie op hoogte was van die waarde van sy skeersel nie, was hy in 'n uiters swak afdingende posisie.

(b) Die sisteem het hom goed geleen tot die uitbuiting van die behoeftige boer, aangesien laasgenoemde nie in staat was om sy skeersel vir 'n lang tyd op te berg nie - dit moes dadelik verkoop word.

(c) Die gebrek aan publisiteit, wat 'n kenmerk was van die privaat verkopings, het 'n onsekerheid ten gevolg gehad, wat uitgeloop het op wilde spekulasies. Die boer het nie geweet wat die werklike markprys was nie, behalwe in gevalle waar 'n goed ontwikkelde publieke veiling binne die distrik was.

(d) Die koper, met sy groter kennis van wol, is in 'n sterk afdingende posisie geplaas, wat alleenlik deur kompetisie uitgeskakel kon word. Mededinging is alleenlik die sterkste in 'n gesentraliseerde mark waar produsente en kopers saamgetrek is. Privaat ooreenkomste in produserende gebiede is nie bevorderlik vir die sterkste vorm van mededinging nie. Dr. Booth sê in 'n toespraak gehou op 1 Desember 1947 voor die Bradfordse Tekstiel Vereniging : „In short, private treaty sale results in weak competition, prices which do not give real market value and which do not differentiate sufficiently in favour of superior classes of wool"[8].

b. Ontwikkeling gedurende die 20ste eeu.

Tot die einde van die 19de eeu was die vernaamste metode van verkoop deur middel van privaat ooreenkomste, maar in 1907 het die stelsel van publieke veilings prominent na vore getree, waardeur die wolbedryf met rasse skrede vooruitgegaan

8) Dr. Edgar H. Booth : „The Marketing of wool" (Address to Bradford Textile Society, 1st. December, 1947), p.10.

het, soos blyk uit 'n toespraak van mnr. Dugmore voor die Wodehouse-Boerevereniging[9].

In 1923 het die „Durban Central Wool Exchange", die eerste wolbeurs in die Unie, tot stand gekom, wat dan ook uiteindelik aanleiding gegee het tot die ontstaan van verskillende ander wolbeurse[10]. Die wolveilings onder beskerming van die Oos-Londense Kamer van Koophandel het byvoorbeeld voortbestaan tot 1928-29, toe 'n besluit geneem is deur die wolhandel om sy eie wolbeurs tot stand te bring om die verkopings aldaar te reël. Sedertdien tref ons hier publieke veilings aan onder die beheer van die wolbeurs[11].

Die belangrikste gebeurtenisse in die wolmark sedert 1908 kan onder die volgende hoofde saamgevat word :

(1) Konferensie in 1914.
(2) Imperiale wolaankoopskema, 1917 - 1918.
(3) Rapport van die Centraal Wolkomitee, 1918.
(4) Rapport van ondersoek na die wolindustrie, 1920.
(5) Koöperatiewe bemarking van wol vanaf 1922.
(6) Die Nasionale Wolkwekersvereniging, 1922.
(7) Stigting van die Wolraad, 1929.
(8) Arbeidswetgewing in die wolbedryf, 1937 tot 1952.
(9) Die Britse Wolkommissie, 1940 - 1946.
(10) Die Gesamentlike Organisasie, 1946 - 1952.

Hier volg nou 'n kort bespreking van elkeen van bogenoemde.

(1) <u>Konferensie in 1914</u>.

Die Eerste Wêreldoorlog het in 1914 finansiële paniek veroorsaak wat die wolbedryf ook nadelig getref het. Die

9) S.M. Geldenhuys: A Study of the development of the wool industry of E.London, p. 38.
10) A. MacMillan: Durban Past and Present, p.155.
11) S.M. Geldenhuys: A study of the development of the wool industry of E.London, p. 31.

Suid-Afrikaanse regering het dit toe nodig geag om 'n konferensie byeen te roep om 'n skema te oorweeg waardeur voorskotte aan kwekers gemaak kon word tot tyd en wyl die wol wat toe in groot hoeveelhede opgehoop het, verkoop is. So 'n skema is ontwerp, maar nog voordat dit in werking gestel kon word, het die aanvraag verbeter en pryse het tot bokant dié van die Skema uitgestyg[12].

(2) Imperiale wolaankoopskema, 1917-1918.

Aan die einde van die 1916-1917-seisoen was die posisie in die wolbedryf weer baie kritiek, aangesien meer as die helfte van die wolskeersel nog onverskeep en 'n groot persentasie selfs nog onverkoop was. So ernstig was die posisie dat die Suid-Afrikaanse regering 'n beroep op die Imperiale Regering moes doen om hulle uit die moeilikheid te help deur middel van die verskaffing van skeepsruimte ten einde die opgehoopte produksie te verskeep. Aan hierdie versoek kon hulle egter nie voldoen nie. Die Britse Regering het in die plek hiervan aangebied om die hele skeersel vir die seisoen 1917-18 aan te koop teen 'n basis van ongeveer 55 persent hoër as die heersende markpryse van voor die uitbreek van die oorlog[13].

Volgens die Minister van Landbou was daar op daardie stadium 230,000 bale wol onverkoop. 'n Konferensie is toe in Pretoria byeengeroep om in die lig hiervan die voorstel van die Britse Regering te oorweeg. As gevolg van die gemengde gevoelens wat na vore gekom het, is toe besluit dat dit 'n vrywillige en geen verpligte saak moet wees nie. Alle wolkwekers wat bereid was om met die voorstel van die Britse Regering akkoord te gaan, moes hulle wol laat registreer om daarna deur staatsaangestelde agente in die hawes gewaardeer te word. 'n Sentrale komitee om die skema te beheer is in Port Elizabeth aangestel, terwyl adviserende komitees in die

12) J.L.M. McHardy: Ongepubliseerde brief o.d. 22.3.51 aan Grootfonteinse Landboukollege, p.2.
13) S.M. Geldenhuys: A study of the development of E.London, p. 72.

ander hawes benoem is. Die totale aantal bale wat volgens hierdie skema op 31 Oktober 1917 geregistreer was, was 190,669[14].

Omdat daar verwag is dat groot steun aan hierdie skema verleen sou word, het kopers in die ope mark vir die Verenigde State van Amerika en Japan, wat tot 1916 nog 'n onbelangrike koper in die Suid-Afrikaanse hawes was, hulle prinsipale geadviseer om tot elke prys supergehaltes op te koop. Dit het die gevolg gehad dat pryse in die ope mark geweldig gestyg het. As gevolg van die hoë pryse wat op die ope mark behaal is in vergelyking met die Imperiale pryse, het baie wolkwekers hulle registrasie by die skema teruggetrek. Gevolglik was die balans wat uiteindelik na die Imperiale Regering gegaan het, slegs 119,383 bale, wat ongeveer eenkwart van die Unie se produksie was[15]. Omdat 'n onvoldoende aantal bale geregistreer is, het die Imperiale Regering sy ooreenkoms herroep.

(3) Rapport van die Centraal Wolkomitee, 1918.

Op 21 Junie 1918 is 'n sentrale wolkomitee onder voorsitterskap van mnr. B. Enslin deur die Minister van Landbou aangestel, wat 'n rapport moes uitbring oor die handel in wol, bokhaar, velle en huide in Suid-Afrika tesame met aanbevelings vir verbeterings in die destydse verkoopstelsels.

Hierdie komitee het die bestaande metodes van verkoop soos volg saamgevat[16]: Op hierdie stadium het ongeveer 60 persent van die wolkwekers hulle wol verruil aan die binnelandse winkeliers, handelaars of spekulante (wat deur groot handelaars of makelaars aan die kus ondersteun is), terwyl slegs 40 persent hul wol direk na die kus gestuur het om daar teen 'n kommissiebasis verkoop te word.

Die meeste van hierdie handelaars was geen wolkopers in die ware sin van die woord nie, en hulle het ook nie oor die nodige kennis en ondervinding beskik om die skoongewaste

14) Geldenhuys : a.w., p. 72.
15) Idem, p. 73.
16) Centraal Wolkomitee : „Rapport oor Handel in Wol, Bokhaar, Velle en Huide in S.A.", 1918.

opbrengs van die wol te skat nie. Gevolglik is wol aangekoop teen 'n vetwol-basis sonder inagneming van die kwaliteit en skoonopbrengs. Omdat die meeste winkeliers die wol op 'n ruilstelsel verkry het en die wol later aan die kus teen 'n basis van skoonopbrengs verkoop het, het hulle dubbele wins uit hierdie soort transaksies gemaak.

Die metode van verkoop in die verskillende hawes was ook baie verskillend, soos uit die volgende sal blyk :

(a) Kaapstad : Alle wol is volgens privaat ooreenkoms uit die hand verkoop deur die wolmakelaars.

(b) Port Elizabeth : Meer as 'n driekwart van die wol wat in hierdie hawe aangekom het, is volgens privaat ooreenkoms tussen die makelaars en die kopers verkoop en die restant op publieke veiling onder die beheer deur die Stadsbestuur.

(c) Oos-Londen : Voor die oorlog (1914-18) het verkopings hier op dieselfde wyse as in Port Elizabeth plaasgevind, maar daarna het verkopings op publieke veilings toegeneem.

(d) Durban : In hierdie hawe het twee afsonderlike verenigings bestaan, naamlik die Wolkopersvereniging en die Wolmakelaarsvereniging. Hierdie verenigings het ooreengekom dat geen wol onder privaat ooreenkoms verkoop sal word nie tensy dit eers op publieke veiling aangebied is.

(e) Mosselbaai : By hierdie hawe is wol volgens katalogus per publieke veiling aangebied, onder beskerming van die munisipaliteit.

Uit die ondersoek van die Komitee het dit toe geblyk dat die vernaamste gebreke in die metode van bemarking op die volgende wyses uitgeskakel kan word :

(i) Vermy alle onnodige tussenagente deur wolprodukte direk na die naaste kushawe te stuur, waar die grootste kompetisie die hoogste pryse aan die produsent kan laat toeval.

(ii) Verkopings van wol onder privaat ooreenkoms was nie

bevredigend nie, want onder dié stelsel kon daar onder gewetenlose makelaars wanpraktyke voorkom, veral in gevalle waar sommige van hulle kopers sowel as verkopers verteenwoordig het. Daarom het die Komitee aanbeveel dat publieke veilings, wat in Australië sedert die instelling daarvan in 1914 so 'n groot sukses geblyk het, by alle hawes waarvandaan wol verskeep word, ingestel behoort te word.

(4) Rapport van ondersoek na die wolindustrie, 1920[17]:

'n Baie belangrike gebeurtenis het plaasgevind in 1920 toe die Departement van Landbou mnr. B.G.L. Enslin, hoof van die afdeling Skape en Wol, oorsee gestuur het om ondersoek in te stel en 'n rapport uit te bring oor die wolindustrieë in Groot-Brittanje en die Verenigde State van Amerika met die doel om die wolindustrie te bevorder.

Sy bevindings en aanbevelings was van baie groot belang vir ons industrie en het ook saamgehang met die rapport van die Sentrale Wolkomitee.

Die vernaamste besware wat deur die oorsese fabrikante teen ons skeersels ingebring is, was :

(a) dat skeersels onreëlmatig was wat betref lengte en kwaliteit;
(b) dat die wol nie behoorlik geklassifiseer was nie;
(c) dat die wol in baie gevalle te kort was vir kamdoeleindes, meestal omdat die wol op 6, 8 en 10 maande geskeer word;
(d) dat daar te veel teerwol was;
(e) dat bale dikwels oneerlik verpak is;
(f) dat die skoonopbrengs van sommige skeersels baie laag was weens te veel vetterigheid en vuil in die wol.

Ten einde al hierdie gebreke te oorkom het hy die volgende aanbevelings gemaak :

17) B.G. Enslin : De Wolindustrie ('n Rapport), 1920, p.32.

(i) Stig Koöperatiewe Verenigings met die doel om hulle eie verkopings plaaslik te kan organiseer.

(ii) Stig Wolkwekersverenigings om toe te sien dat kritiek op ons skeersels uit die weg geruim word.

(iii) Om sorg te dra dat wol wat vir uitvoer bestemd is, van goeie gehalte is, moet 'n inspeksiediens aan die hawes ingestel word soortgelyk aan die „Bureau of Markets" in die Verenigde State van Amerika.

(5) Koöperatiewe bemarking van wol vanaf 1922:

Die doeleindes van koöperatiewe bemarking van wol kan soos volg kernagtig saamgevat word :

„The object of co-operation is to provide an organisation for bulking, grading, and packing wool in a centre within an area of production, so that it can be offered for sale in large quantities ....... in a form which will attract both English and foreign buyers, and secure the advantage of more effective competitive buying"[18].

'n Aantal jare voor 1918 reeds is deur vooruitstrewende produsente aangevoel dat hulle nie vergoed word ooreenkomstig hulle gevorderde metodes en geldelike uitgawes nie. Australiese wol van dieselfde gehalte en opbrengs is teen baie hoër pryse van die hand gesit. Verder is daar ook beweer dat kamwolfabrikante nadat hulle Suid-Afrikaanse superwol gekam het, dit dikwels verkoop het as Australiese kamwol. Met verloop van tyd het dit aan die lig gekom dat hierdie vermoedens nie ongegrond was nie en het dit die produsente laat besef dat hulle hierdie onreëlmatighede alleenlik die hoof kon bied deur middel van georganiseerde optrede[19].

Met verloop van die daaropvolgende jare het die volgende belangrike koöperasies tot stand gekom alleenlik met die doel

18) A.F. du Plessis: The Marketing of Wool, p. 195.
19) F.C.U. : Milestones, p. 5.

om die onderlinge belange van die boeregemeenskap teen die gewetenlose handelaars te beskerm :

(a) Farmers' Co-operative Wool and Produce Union, Ltd. (F.C.U.),

(b) Boere-Saamwerk Beperk (B.S.B.),

(c) Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk (K.W.B.).

Ons sal elkeen kortliks bespreek.

(a) Farmers' Co-operative Wool and Produce Union.

Die Farmers' Co-operative Wool and Produce Union is opgerig gedurende 'n tydperk toe 'n groot finansiële krisis Suid-Afrika in die gesig gestaar het. As die direkteure hulle nie groot opofferings getroos het nie, sou die F.C.U. nie op hierdie tydstip opgerig kon word nie[20].

Alhoewel die F.C.U. eers in 1922 onder die Koöperatiewe Wet geregistreer is, is dit reeds op 13 Oktober 1919 as 'n maatskappy geregistreer. In 1920 is wol vir die eerste keer deur die nuwe organisasie hanteer. Die F.C.U. het so vinnig uitgebrei dat dit in Desember 1923 addisionele geboue moes verkry. In 1924 is op die algemene jaarvergadering besluit om 'n tak in Port Elizabeth te open. In 1927 is takke ook geopen in Durban en Kaapstad. So fenominaal was sy vooruitgang dat die F.C.U. in 1927 bates in die vorm van geboue, masjinerie en uitrusting in Oos-Londen en Port Elizabeth besit het ter waarde van nie minder as £80,000 nie[21].

Die F.C.U. het in sy doel geslaag, naamlik om diens te lewer. Dit het dadelik die algemene kommissie by die verkoop van wol verminder van 2 persent tot 1 persent, wat 'n baie groot besparing teweeggebring het. Hierdie optrede van die F.C.U. het ten gevolg gehad dat die meeste ander makelaars hulle tarief tot 1 persent moes verlaag. 'n Ander oogmerk van die F.C.U. was om hulle produkte sistematies, effektief en op 'n ekonomiese manier te bemark en om te help met die

20) S.M. Geldenhuys: A study of the development of the wool industry of East London, p. 91.
21) Idem, p. 92.

produksie van beter wol. Die kompetisie wat hierdie vereniging na vore gebring het, het die gehalte van die Unie se skeersels aanmerklik laat styg[22].

Gedurende die 1950/51-seisoen het die F.C.U. op publieke veiling 59,076 bale wol aangebied, wat 17,125 bale meer was as die van sy naaste mededinger[23].

Die F.C.U. lewer baie goeie dienste aan die boer, en as gevolg van die vertroue wat hulle in dié koöperasie stel, brei sy ledetal nog jaarliks uit.

( b ) Boere-Saamwerk Beperk.

Die fundamentele oogmerke vir die stigting van die Boere-Saamwerk Beperk met sy hoofkantoor in Port Elizabeth was dieselfde as die van die Farmers' Co-operative Wool and Produce Union.

Na die lae pryse wat die boere gerkry het gedurende die 1914 - 1918-oorlog, het produsente gevoel dat hulle die prooi van gewetenlose spekulante geword het. Toe het hulle besluit om te organiseer en hulle gevoelens daadwerklik te laat geld.

Op 29 Julie 1920 is B.S.B. kragtens die ou Kaapse Maatskappywet van 1892 gestig met 'n gemagtigde kapitaal van £3,000,000, bestaande uit £1- aandele, dog later is die Statute gewysig tot 'n totaal van £1,500,000, bestaande uit 10 sjieling-aandele. Die agt direkteure het tesame vir 10,250 aandele ingeskryf[24].

Na 'n uiters moeilike begin het die omstandighede later so gunstig ontwikkel dat 'n tak gedurende 1921 in Oos-Londen geopen kon word èn dat Wm. H. Muller en Kompanie, 'n ou gevestigde saak, te Durban uitgekoop is[25].

Oorspronklik het die B.S.B. hom net daarop toegelê om die wol van sy lede en ondersteuners ten beste te vertoon en

---

22) Geldenhuys : a.w., p. 92.
23) Idem, p. 92.
24) „Boere-Saamwerk Beperk, sy ontstaan en ontwikkeling", ongepub. brosjure, Junie 1950, p.2.
25) Idem, p. 2.

te verkoop. Deur sy toedoen is die wolverkoopskommissie in 1927 vanaf 2 persent tot 1 persent verminder. Later het die B.S.B. sy dienste uitgebrei deur goed gekwalifiseerde Afrikanerseuns as wol- en skaapdeskundiges aan te stel wat die boere van raad gedien het in verband met die klassifisering van wol en die teling van skape[26].

Met die loop van tyd het die gelde aangewys en wel sodanig dat die eerste bonus in 1927 aan die boere uitbetaal kon word ooreenkomstig die aantal bale wol wat by die koöperasie bemark is. Hiermee is 'n mylpaal bereik. Dit is belangrik dat daarop gewys moet word dat alhoewel die stigting van die B.S.B. oorspronklik onder die Maatskappywet plaasgevind het, dit reeds vanaf 6 Junie 1923 onder die Koöperatiewe Wet van 1922 ressorteer en in 1939 kragtens die gewysigde Koöperatiewe Wet van daardie jaar geregistreer is[27].

Met die totstandkoming van die Vleisbeheerorganisasie het die B.S.B. ook 'n agentskap te Port Elizabeth geopen, en op Johannesburg is daar in 1943 'n spesiale tak opgerig vir die hantering van lewende hawe, markprodukte en eiers. Hierdie tak staan vandag bekend as die grootste van sy soort in die Unie[28].

In 1950 het die B.S.B. ongeveer 'n kwart van die Unie se skeersel bemark, en dit het werklik 'n krag in die wolhandel geword met 'n omset van ongeveer £10,000,000 en 'n ledetal van 15,000. Van die 1949-surplus van £143,000 is ongeveer £80,000 in kontant aan die lede uitbetaal in die vorm van bonusse en dividende. Die balans is by die reserwes gevoeg, sodat die werklike waarde van sy besittings op daardie stadium ongeveer £1,000,000 teenoor 'n opbetaalde kapitaal van slegs £118,184 was[29].

'n Ander ideaal van die B.S.B. is om 'n wolfabriek in

26) „Boere-Saamwerk Bpk., sy ontstaan ens.", p. 3.
27) Idem, p. 3.
28) Idem, p. 3.
29) Idem, p. 3.

Suid-Afrika tot stand te bring. Om hierdie rede het hy dan ook 'n woldeskundige, mnr. H. Rausch, uit Duitsland laat kom om die moontlikhede te ondersoek. Sy bevinding was dat ons nie op hierdie stadium op die vervaardiging van materiale ensovoorts moet konsentreer nie, maar dat ons wel die wol in halfverwerkte toestand (as kambolle) behoort uit te voer[30].

Die groot sukses wat die organisasie behaal het, is toe te skryf aan die besef by die personeel om diens te lewer.

(c) Koöperatiewe Wolmaatskapy Beperk[31].

Die Britse Wolaankoopskema vir die 1918-19-seisoen het aan skaapboere die pertinente vraag gestel of hulle die Suid-Afrikaanse skeersel teen 'n voorafbepaalde prys aan Brittanje gaan verkoop. Omdat die skaapboere van Transvaal ook hierdie onderwerp moes bespreek en 'n gesamentlike antwoord hierop moes gee, het die Suid-Afrikaanse Landbou-unie die skaapboere saamgeroep om 'n vergadering te dien effekte te hou. Dit het gelei tot die ontstaan van die Vereniging van die Transvaalse Skaap- en Bokboere en uiteindelik tot die stigting van 'n provinsiale organisasie van Transvaalse skaapboere onder die naam die Transvaalse Skaap- en Bokboere-Vereniging, wat op 19 Maart 1919 sy eerste kongres op Bethal gehou het. Die naam van hierdie organisasie is op 9 April 1919 te Standerton verander na die Transvaalse Skaapboere-vereniging (T.S.V.).

Die funksies van die T.S.V. was tweeledig, naamlik (i) om die wol van die lede op die voordeligste wyse van die hand te sit en (ii) om die algemene skaapboerderybelange van die lede te behartig.

Reeds vroeg het die behoefte by die T.S.V. ontstaan om te voorsien in 'n eie makelaarsaak. Geleidelik het die ontevredenheid oor die behandeling van die gevestigde

30) „Boere-Saamwerk Bpk., sy ontstaan ens.", p. 4.
31) C.A. Bisschoff: Die verhaal van 'n organisasie, Pietermaritzburg, 1953.

makelaars toegeneem en het die ideaal om 'n eie onderneming te stig steeds sterker geword. Die ooreenkoms met die B.S.B., wat die betrokke makelaars was, was vir die T.S.V. onbevredigend. Die heffing van 2/6 per baal wat aan die B.S.B. betaal moes word, was vir hulle onbillik, en die feit dat hulle nié eens een direkteur as verteenwoordiger op die direksie van die B.S.B. kon kry nie, het verdere ontevredenheid veroorsaak. Verder het die T.S.V. gevoel dat een organisasie nie die uiteenlopende belange van die Transvaal en die Kaap kon behartig nie.

Op 17 Mei 1927 is 'n vergadering met die B.S.B. gehou waar al die griewe van die T.S.V. gelug is. Laasgenoemde het geëis dat aan sy versoeke voldoen moes word anders sou hy oorgaan tot die stigting van sy eie makelaarsbesigheid. 'n Oplossing is nie gevind nie, met die gevolg dat die Transvaalse Skaapboerevereniging op 18 Mei 1927 oorgegaan het tot die stigting van 'n eie onderneming, die Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk (K.W.B.).

Die doeleindes van die K.W.B. was om nie alleen die funksies van die T.S.V. oor te neem nie maar ook die bemarking van die lede se wol te behartig. Die voortbestaan van die moedervereniging was dus nie meer nodig nie, en op 'n vergadering van die bestuur van die T.S.V. en die direksie van die K.W.B. wat op 31 Januarie 1928 te Ermelo gehou is, is besluit om die T.S.V. te ontbind.

Aanvanklik is die K.W.B. georganiseer met sy hoofkantoor in Belfast en sy besigheid op gehuurde persele in Durban. Gaandeweg is nuwe persele in gebruik geneem, totdat die nuwe gebou te Merebank op 25 Junie 1951 in gebruik geneem is. Omdat dit spoedig onprakties geblyk het om die hoofkantoor in Belfast te hê, is dit vanaf 15 Oktober 1928 na Durban oorgeplaas.

Die vernaamste dienste wat die K.W.B. aan sy lede lewer, is : die aanstelling van opgeleide skaap- en wolbeamptes om

die lede persoonlike en deskundige diens in die binneland te kan gee en die oprigting van takkantore om te kan voorsien in die skeerbenodigdhede en veemiddels van sy lede.

'n Ander onderneming wat deur die K.W.B. aangekoop is en wat tot nasionale voordeel is, is die Unie Industriële Chemikalieë wat oor die prosesse beskik om beenmeelvervangende beenkorrels te vervaardig uit ontkalkte beenmeel en dikalsiumfosfaat. Hierdie onderneming is op koöperatiewe beginsels geskoei en word gevolglik deur die K.W.B. beheer.

„Die stigting van die Koöperatiewe Wolmaatskappy Beperk was nie 'n spontane ingewing nie, maar die rypwording van 'n gedagte en 'n begeerte wat veertig jaar gelede gebore was by manne, wat na 'n vorm van onderneming gesoek het om hulle bestaan as boere te verseker en so ook 'n seggenskap te verkry in die bepaling van die waarde van hulle produkte"[32].

Ten slotte haal ek die treffende slagspreuk van die koöperasie aan, wat dan ook tiperend is van die gees waarin by hierdie onderneming gewerk word : „Wanneer 'n Koöperasie roem op sy winste, dan het hy sy siel verloor".

6) Die Nasionale Wolkwekersvereniging, 1922.

Omdat die Suid-Afrikaanse wolprodusent die prooi geword het van die sekondêre bedryf, het hy as gevolg van 'n drang tot selfbehoud besef dat sy vooruitgang in organisasie lê.

Alhoewel die eerste wolkwekersvereniging reeds op 3 September 1907 in Dewetsdorp in die Vrystaat gestig is, het die stigting van twee wolkwekersverenigings in 1922 onder leiding van mnr. R.W. Thorton, die destydse hoof van Grootfonteinse Landboukollege, te Middelburg, Kaap en Graaf-Reinet aanleiding gegee tot die oprigting van die organisasie op 'n nasionale grondslag[33].

Dergelyke organisasies het gaandeweg oor die hele Unie ontstaan en later het die behoefte ontstaan om die verskil-

32) R.P. Botha: Die verhaal van 'n organisasie, 1953, Voorwoord, p. 1.
33) P.D. Rose : „Nasionale Wolkwekersvereniging" in Boerdery in Suid-Afrika, XV, 176 (Nov. 1950), p. 421.

lende organisasies in een geheel saam te snoer. Met die kongres op 6 Januarie 1931 te Bloemfontein is hierdie ideaal dan ook verwesenlik.

Die doelstellings van die Nasionale Wolkwekersvereniging kan kortliks soos volg saamgevat word[34]:

(a) Om te dien as mondstuk vir alle wolboere rakende sake in die wolbedryf en om in samewerking met die Wolraad die nywerheid te beskerm;

(b) om die vertroue van wolkopers oor die hele wêreld te wen sal wolboere aangemoedig word om die regte tipe wol te kweek en dit op die doeltreffendste en eerlikste wyse te verpak;

(c) om in oorleg met die Wolraad behulpsaam te wees met die afset van die Suid-Afrikaanse wolskeersel op die doeltreffendste en winsgewenste manier;

(d) om vir die lede van die Vereniging 'n brandmerk te verkry wat op hulle skeersels geplaas kan word, en verder ook om fasiliteite te verskaf vir die registrasie van die lede se skape, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat van tyd tot tyd deur die Vereniging neergelê mag word;

(e) om indien nodig standaarde vas te stel vir die klassifisering van wol en vir die toepassing daarvan ten einde die nodige bevoegdheid vir die gebruik van die Vereniging se brandmerk te verwerf;

(f) om met die Suid-Afrikaanse Landbou-unie te affilieer en saam te werk mits daar tot bevredigende affiliasie-voorwaardes ooreengekom kan word; om affiliasie te aanvaar of te amalgameer met en geldelik steun te verleen aan enige organisasie wat die verbetering en verkoop van merinoramme ten doel het, ten einde eenvormigheid in die kuddes te bring;

34) T.F. Hurley : „Die wolbedryf in Suid-Afrika," in ongepubliseerde artikel; 1951, pp. 8 en 9.

(g.) om in samewerking met die Wolraad 'n Internasionale Wolreklame- en Wolnavorsingsorganisasie daadwerklik te steun deur toe te stem tot die beginsel van geldelike toekennings uit heffingsgelde aan die organisasie vir die doel van navorsing en wolreklame en sodanige verdere doeleindes en oogmerke van die organisasie as waarop die Internasionale Uitvoerende Bestuur kan besluit.

Voor die dertiger jare was die simbole op die wolbale van 'n betreklik uiteenlopende aard, wat baie verwarring geskep het. Met die reorganisasie van die Nasionale Wolkwekersvereniging is aanbeveel om klasstandaarde op te stel, wat uiteindelik dan die toets van meer as twintig jaar deurstaan het.

Behalwe die klasstandaarde het die Nasionale Wolkwekersvereniging ook die Springbokkop-merk ontwerp, wat die waarborg is dat elke baal eerlik en doeltreffend verpak is. Die vereiste wat gestel word voordat die merk aangebring kan word, is dat die eienaar van die wol 'n lid van die Nasionale Wolkwekersvereniging moet wees en dat die wol volgens die Nasionale Wolkwekersvereniging geklassifiseer moet wees. Alle bale wol wat hierdie merk besit, word deur die Regering se wolinspekteur by die verskillende makelaars in die hawes deeglik ondersoek. Indien die wol nie aan die standaarde van die Vereniging voldoen nie, het hy die reg om óf die wol op koste van die produsent te laat oorklassifiseer óf die merk te verwyder.

Om die produsent in die geleentheid te stel om opleiding in wolklassifisering te ontvang word met behulp van die Landboukolleges wol- en skaapkursusse aangebied. Sodra die produsent die kursus bygewoon het en aan die vereistes voldoen het, word hy ingeskryf as leerlingklasser. Hierna moet hy twee agtereenvolgende jare ten minste 20 bale per jaar of in een jaar 50 bale klassifiseer. Hierdie wol word deur die wolinspekteur baie noukeurig nagegaan, waarna

hy 'n kommentaar oor die klassifikasie lewer. As die persoon aan die vereistes voldoen, word hy geregistreer by die kantoor van die Nasionale Wolkwekersvereniging en 'n klassifiseerdersdiploma aan hom uitgereik. Hy kry dan 'n nommer wat aan die wolinspekteur verstrek word. Sodra hy nou in die toekoms wol klassifiseer, dra die baal wol die Springbokkop plus hierdie toegekende nommer. Al sodanige bale word deur die wolinspekteur nagegaan, en kommentaar word daaroor gelewer. By die ontdekking van foute in die klassifisering word die kantoor hiervan in kennis gestel, en die betrokke klassifiseerder word dan op taktvolle wyse daarop gewys. Ingeval daar geen verbetering kom nie, besit die Vereniging die reg om sy klassifiseerdersdiploma sowel as sy geregistreerde nommer terug te trek.

Die Kopersvereniging aksepteer hierdie merk as 'n waarborg van eerlike verpakking. Pogings word ook aangewend om die oorsese kopers hieroor in te lig ten einde by hulle die vertroue in sodanige wol te verwerf, sodat hulle hul verteenwoordigers aan ons hawes opdrag kan gee om groter aandag aan die met die Springbokkop gemerkte skeersels te wy.

Dit loon die produsent ongetwyfeld om sy wol doeltreffend te klassifiseer. Die bewys hiervoor is dat die Britse Wolkommissie duidelik te kenne gegee het dat die Vereniging se klasstandaarde hulle uitstekend pas. Verder is ook deur die Britse Wolkommissie beter pryse in die geslote mark, soos gedurende die oorlogsjare bestaan het, vir goed geklassifiseerde wol betaal as vir ander.

Dit is baie duidelik dat die Nasionale Wolkwekersvereniging reeds in feitlik al sy oogmerke en doelstellings geslaag het. Na 'n onlangse besoek aan die Australiese, Nieu-Seelandse en Amerikaanse skaapareas het mnr. J.H. Moolman, die president van die Vereniging, verklaar dat die Suid-Afrikaanse skeersels die besgeklassifiseerde skeersels in die hele wêreld is. Hierbenewens het hy verklaar dat ons

wolprodusente ook die beste georganiseerd is[35]. Dit alles is voorwaar prestasies waarop ons almal met reg trots kan voel.

Ten slotte kan ook net opgemerk word dat die Vereniging deur die Regering erken word as die mondstuk van die wolkwekers oor die hele Unie, en dit geniet bowendien nog die volgende addisionele voorregte :

Dit het vaste verteenwoordiging op[36]:

(i) die Suid-Afrikaanse Wolraad;

(ii) die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, waarvoor 'n lid van die Nasionale Wolkwekersvereniging as voorsitter verkiesbaar is;

(iii) die Landbou-Adviesraad van die Minister van Landbou en Bosbou (hierdie Raad word geraadpleeg met betrekking tot alle voorgestelde indiening van landbouwetgewing);

(iv) die Suid-Afrikaanse Wolbemarkingskomitee, wat deur die Minister van Landbou en Bosbou aanvaar word as sy adviserende raad in sake rakende die bemarking van wol.

Die Vereniging is heeltemal demokraties en verwelkom alle wolprodusente. Produsente kan hulle stem laat hoor alleenlik deur middel van die Vereniging, en dit is daarom belangrik dat dit so sterk moontlik uitgebou moet word : sy invloed wissel na gelang sy ledetal toeneem of kwyn.

In die Unie is daar vandag ongeveer 38,500 wolprodusente, van wie 33,000 lede is van die Nasionale Wolkwekersvereniging (N.W.K.V.) Laasgenoemde lewer niks minder as ongeveer 85 persent van die totale skeersel van die Unie nie[37]. Die N.W.K.V. het gegroei tot 'n kragtige organisasie wat ook deur die oorsese lande erken word as die mondstuk van die

35) Hurley : t.a.p., p. 11
36) P.D. Rose : „Nasionale Wolkwekersvereniging" in Boerdery in S.A., Nov. 1940, p. 422.
37) T.F. Hurley : t.a.p., p. 13.

Suid-Afrikaanse wolboer.

(7) Die stigting van die Wolraad 1929.

Ten einde voorsiening te kon maak vir wolreklame, navorsing en organisasie het die wolprodusente van die Unie gedurende 1928 'n kongres gehou waar besluit is om die Minister te versoek om 'n heffing op wol te plaas. Dit het ten gevolg gehad dat die Minister in 1929 'n adviserende raad gestig het ,wat hom van die nodige advies in die verband moes dien. Hierdie Raad het toe bekend gestaan as die Wolraad - 'n voorloper van die huidige Wolraad.

Byna onmiddellik na die skepping van die Wolraad het dit in samewerking met die Afdeling van Ekonomie en Markte 'n ondersoek na die bemarking van wol ingestel, en as gevolg van die aanbevelings wat toe gemaak is, het die Raad sekere maatreëls aanbeveel vir die verbetering van die wolbemarkingstelsel. Die aanbevelings was die volgende : „Dat alle wol vir verkoop by publieke veiling tenminste een keer aangebied moet word, en as dit van verkoop onder reserwe teruggetrek word, behoort dit vry te wees om uit die hand verkoop te word, maar dat spesiale middels daargestel behoort te word wat in abnormale tye in werking kan kom of wanneer sekere omstandighede dit in die belang van die nywerheid nodig maak maak"[38).

Omdat die Wolraad gevoel het dat dit wetlike magte behoort te hê, is die sogenaamde „konsepwetgewing" in die dertiger jare voorgestel. Hierdie voorstel het aanleiding gegee tot soveel teenkantig van die kant van die privaat wolmakelaars asook van sommige produsente, dat later van die gedagte afgesien is [39).

Met die Bemarkingswet van 1937 is pogings aangewend om die wetlike magte te verkry deur middel van 'n skema kragtens die Bemarkingswet. Om verdere steun in hierdie verband te

38) Rapport van die Kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet, 1934, p.110.
39) T.F. Hurley : t.a.p., p.l.

verkry is vergaderings dwarsdeur die land gehou. Alhoewel ongeveer 95 persent van die produsente ten gunste daarvan was, was al die privaat makelaars daarteen gekant. Hierdie teenkanting het die Minister laat huiwer om die skema goed te keur.

Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is die Gesamentlike Organisasie-bemarkingsmetode ingestel. Hierdie instelling is bekragtig deur middel van die Wolwet (nommer 19, 1946) waarin aan die Wolraad wetlike magte verleen is, en dit is toe ook wetlik ingestel met regspersoonlikheid [40].

(a.) <u>Samestelling van die Wolraad</u>.

Die Wolraad bestaan uit nege lede, naamlik -

een lid benoem deur die Nasionale Wolkwekersvereniging;

twee lede benoem deur die Kaapse Tak van die Nasionale Wolkwekersvereniging;

een lid benoem deur die Vrystaatse tak van die Nasionale Wolkwekersvereniging,

een lid benoem deur die Transvaalse tak van die Nasionale Wolkwekersvereniging;

een lid benoem deur die Natal en Griekwaland-Oos-tak van die Nasionale Wolkwekersvereniging;

twee lede benoem deur die Minister na raadpleging van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie, om dié wolprodusente te verteenwoordig wat nie lede van die Nasionale Wolkwekersvereniging is nie;

een lid, wat 'n departementele amptenaar moet wees, deur die Minister benoem.

Alle lede word deur die Goewerneur-generaal vir twee jaar aangestel met uitsondering van die departementele amptenaar, wat solank dien as wat dit die Goewerneur-generaal behaag [41].

40) Idem, p. 1.
41) Idem, p. 1.

(b) Oogmerke van die Raad.

„Die oogmerke van die raad is om die wolbedryf in die Unie te bevorder, om navorsing in verband met die kweek van wol en daarmee in verbandstaande aangeleenthede te bevorder en te onderneem, en om sodanige stappe, met inbegrip van propaganda, te doen en te steun, as wat bereken mag wees om die verbruik van wol en wolstowwe te stimuleer" [42].

(c.) Finansies - die wolheffing[43].

Vanaf die instelling van die wolheffing in 1929 tot 1946 is dit alleenlik gehef op uitvoerwol teen 'n tarief van een sjieling per baal. Vanaf 1932 tot 1936 is hierdie heffing opgeskort. Hierdie een sjieling is deur die doeanekantoor by uitvoer geïn en daarna aan die Departement van Landbou oorbetaal. Hier het die Minister die seggenskap gehad oor hoe dit bestee sal word.

Toe die Gesamentlike Organisasie in die lewe geroep is, is die heffing verander na 'n persentasieheffing op die bruto verkoopswaarde van die wol. Hierdie heffing is aan die Sekretaris van Landbou betaal, wat dan ook die uitsluitlike beheer daaroor gehad het. Die Wet bepaal egter die doeleindes waarvoor hy dit mag aanwend, naamlik :

(i) om Suid-Afrika se deel van die Bedryfskoste van die Gesamentlike Organisasie te dek;

(ii) om jaarliks aan die Suid-Afrikaanse Wolraad 'n bedrag oor te betaal maar nie te bowegaande 3/20 pennies per pond gewig wol nie, waarop die heffing betaalbaar is;

(iii) om enige rente, lenings ens. te dek wat die Gesamentlike Organisasie aan die Reserwebank mag skuld, en

(iv) om 'n reserwefonds op te bou wat die Minister as toereikend beskou.

Die wyse waarop wolheffing bereken word, verskil egter van jaar tot jaar. Die basis van berekening vir die

42) Wet No. 19, 1946, p. 17.
43) T.F. Hurley : t.a.p., p. 3.

1951/52-seisoen was volgens 'n waardebasis van 1 persent van die brutowaarde, terwyl die heffing vir die afgelope seisoen weer volgens 'n gewigsbasis van drie-agste pennie per pond bereken is.

(d) Werksaamhede van die Wolraad.

(i) Wolreklame : „Deur reklame verstaan ons die gedurige onder die aandag bring van verbruikers van een of ander artikel of die voortreflikheid daarvan, sodta 'n verbruiker daardie artikel bo 'n soortgelyke een verkies wanneer inkope gedoen word"[44].

Omdat geen spesifieke artikel by wolreklame gepropageer word nie, is dit nie so maklik nie. Dit is werklik 'n reklame van 'n ontasbare iets, en om hierdie rede word nie bloot wol gepropageer nie maar wel die voortreflikheid en goeie hoedanigheid van wol. „Die duursaamheid van wol, sy kreukelvryheid, sy onontvlambaarheid, sy lae hittebegeleiding ensovoorts, is almal hoedanighede waarop klem gelê word"[45].

Sedert die totstandkoming van die Wolraad het wol meer publisiteit geniet as enige ander artikel in die Unie.

(ii) Wolbevordering : Hieronder word verstaan wolopvoeding. Omdat die jeug die wolverbruikers van die toekoms is, word opvoedkundige lesings waarin die voortreflikheid van wol beklemtoon word, aan ons skole gegee. Hier speel kleurrolprente 'n baie belangrike rol. Verder word lesings ook aan die verkoopspersonele van kleinhandelaars gegee ten einde hulle in staat te stel om te weet wat hulle verkoop, om sodoende verbruikers te oortuig dat wolgoedere die doeltreffendste is.

Hierbenewens het die Wolraad ook 'n mobiele eenheid wat die land deurreis. Hiermee word beoog om die plattelandse verbruiker se aandag op wolgoedere te vestig[46].

44) T.F. Hurley : t.a.p., p.3.
45) Idem, p. 4.
46) Idem, p. 5.

(iii) Inligting : Die Wolboer is die amptelike orgaan van die Raad. Hierdie blad verskyn maandeliks en is bedoel om die wolkweker gedurig op hoogte te hou van wolaangeleenthede. Omdat die Raad gedurig in kontak is met die Australiese en Nieu-Seelandse Wolrade sowel as die Internasionale Wolsekretariaat in Londen, is dit altyd op hoogte van heersende woltoestande oor die hele wêreld[47].

Die Raad hou deur middel van radio-uitsendings en persverslae die boer gedurig op hoogte van heersende markpryse.

(iv) Navorsing : Internasionale Wolsekretariaat: Die Internasionale Wolsekretariaat is in 1937 in Melbourne gestig en is saamgestel uit een verteenwoordiger van die drie deelnemende dominiums: Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika. Die bestuur het 'n vierde lid aangestel, wat bekend staan as die bestuurslid, om die hoof administratiewe beampte te wees. Die salaris van die vier lede is sover moontlik gelyk, en hulle beklee ook gelyke status. Die Sekretariaat word beheer en is verantwoording verskuldig aan die Internasionale Bestuur, wat saamgestel is uit twee lede van elke Wolraad van die deelnemende lande. Die voorsitter van die Bestuur word jaarliks deur die Bestuur self gekies[48].

Die geldelike bydrae van die verskillende Rade tot die goedgekeurde begrotings is soos volg [49]:

| | |
|---|---|
| Australië | 62.16 persent. |
| Nieu-Seeland | 20.60 persent. |
| Suid-Afrika | 17.24 persent. |

Met die stigting van die Sekretariaat is ooreengekom dat die onderskeie Wolrade alleenlik biologiese navorsing in hulle onderskeie lande sal doen en dat ander navorsing oorsee gedoen sal word. Met die ontwikkeling op nywerheidsgebied het die Rade egter besluit om nie so stip op hierdie ooreenkoms te let nie, en om hierdie rede kan ons navorsing soos

47) T.F. Hurley : t.a.p., pp. 5 en 6.
48) T.F. Hurley, „Die Internasionale Wolreklame en Navorsingsekretariaat", ongepubl. art., 1951, p. 4.
49) Idem, p.4.

volg verdeel :

i) Biologiese navorsing.

Biologiese navorsing is sedert die ontstaan van die Wolraad hoofsaaklik uitgevoer op Onderstepoort en Grootfontein. By Onderstepoort het die Raad 'n bedrag van £7,000 aan geboue bestee, terwyl dit by Grootfontein 'n laboratorium van £22,000 opgerig het[50].

Die twee navorsingstasies, waarvan een buite die skaap-area val, het aanvanklik heelwat probleme opgelewer, totdat daar besluit is dat die biologiese navorsing alleenlik by Grootfontein uitgevoer sal word. Vir sodanige wolnavorsing skenk die Raad jaarliks 'n bedrag van £2,000.

As in aanmerking geneem word dat wol, naas goud, die Unie se belangrikste uitvoerproduk is, is dit werklik teleurstellend dat die Unie-regering so min steun aan hierdie só belangrike bedryf verleen. Beter fasiliteite betreffende hulp en inligting kan meehelp dat die produsente selfs nog beter skeersels kan bemark.

ii) Wetenskaplike navorsing.

Tot op hierdie stadium is daar nog geen sprake van wetenskaplike navorsing in die Unie nie. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad is 'n liggaam waarmee die Raad kan saamwerk om sodanige navorsing uit te voer.

Hierdie Navorsingsraad het in die afgelope tyd sulke goeie werk op die gebied van navorsing gedoen dat ons daarvan oortuig is dat dit nog tot groot seën vir die wolbedryf as geheel sal wees.

Etlike beurse is reeds deur die Raad aan nagraadse studente toegeken, wat dan ook by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad op hierdie gebied werksaam is.

iii) Tekstielnavorsing.

As gevolg van die snelle nywerheidsontwikkeling van

50) T.F. Hurley: „Die Suid-Afrikaanse Wolraad", pp. 6 en 7.

Suid-Afrika het meer probleme en behoeftes na vore gekom waarin voorsien moet word. Die Wolraad het in hierdie verband ook definitiewe stappe gedoen om 'n Wolteksteilnavorsingsinstituut te stig. Metodes word tans bestudeer waarvolgens wol se vatbaarheid vir aanvalle teen motte, sy stekerigheid, inkrimping wanneer dit gewas word, en vilting teen te werk. Verder word sy molekulestruktuur met behulp van X-strale bestudeer ten einde 'n duideliker begrip van die kwaliteit van wol te verkry.

Ten slotte moet hier net opgemerk word dat die Internasionale Wolsekretariaat 'n geweldige organisasie is met takke in onder andere Engeland, Frankryk, België, Holland, Denemarke, Noorweë, Swede, Switserland, Italië, Indië, Pakistan, Verenigde State, Kanada ensovoorts. Dit is ontwerp vir die produsente en word uitsluitlik gefinansier deur die produsente van die drie bydraende dominiums.

(8) <u>Arbeidswetgewings in die wolbedryf, 1937 tot 1952</u> .

Lone en werkure in die wolbedryf is vir die eerste keer in 1937 deur die Loonwet vasgestel. Die Wet het onder andere voorsiening gemaak vir 'n loonweek van 48 uur (vakansiedae uitgesluit). Hierdie bepaling het makelaars onder andere in staat gestel om arbeid na gelang van omstandighede te gebruik. In 1941 is alle makelaars egter in kennis gestel dat hulle geregistreer moet word onder die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk van 1941. Artikel 19 van hierdie Wet het dit prakties onmoontlik gemaak om wol daarvolgens te bemark sonder om 'n totale disorganisasie te veroorsaak [51].

Omdat die Minister die wolbedryf in sekere gevalle onthef het van die bepalings van artikel 19(2)(a) en 20(1), is bewys gelewer dat hierdie wetgewing nie al die behoeftes van die wolbedryf in aanmerking geneem het nie. As gevolg

51) Artikel 19 bepaal onder andere dat geen werkgewer dit mag vereis of toelaat dat enige werknemer, met uitsluiting van maaltye, meer as 46 uur in een week werk nie. Hierdie aantal ure is nie genoegsaam om die bedryf vlot te laat verloop gedurende spitsperiodes nie.

van die ontevredenheid oor die loonvasstelling en onvoldoende werkure gedurende spitsperiodes het die wolbedryf dan ook uiteindelik aansoek gedoen om vrystelling van hierdie wetgewing.

Op 24 Augustus 1950 het die Loonraad in opdrag van die Minister 'n ondersoek ingestel na die wolbedryf. Op 16 Junie 1951 lewer hulle verslag aan die Minister en rapporteer onder andere oor werkure soos volg : „In die algemeen word 46 gewone werkure per week gewerk; maar wat klerklike werknemers betref is die werkgewers toegelaat kragtens 'n vrystelling verleen onder die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, om te vereis dat die betrokke klas werknemers vir 61 uur per week werk gedurende 16 weke van elke jaar op voorwaarde egter dat hulle gewone werkure vir die oorblywende 36 weke nie 37 uur per week oorskry nie. Verdere voorwaardes is ook in die betrokke vrystelling neergelê wat die vrygestelde werknemers geregtig stel op langer jaarlikse- en siekteverlof as wat aan ander amptenare toegestaan word.

Die werkgewers het op die huidige werkure aangedring terwyl die werknemers geen vaste voorstelle gemaak het nie alhoewel hulle die mening toegedaan was dat die werkure verminder behoort te word. Die Raad het 46 uur per week vir nie-klerklike werknemers en 60 en 37 uur per week vir klerklike werknemers gedurende die periodes van drukte en slapte onderskeidelik aanbeveel. ...... Die wolhandel is onderhewig aan heelwat seisoenveranderinge, en dit is derhalwe onmoontlik om dieselfde weeklikse werkure vir dwarsdeur die jaar aan te beveel. Om die werknemers wat 60 uur per week moet werk te vergoed, het die Raad aanbeveel dat hulle lone gedurende die periode van drukte met 7½% verhoog moet word" [52].

Die aanbevelings van die Raad van 16 Junie 1951 is onder Staatskennisgewing nr. 2094 van 17 Augustus 1951 vir

52) „Verslag van die Loonraad aan Sy Edelagbare die Minister van Arbeid insake die Wolhandel", 16.6.51, p.12.

besware gepubliseer. Die volgende liggame het toe besware na die Raad vir oorweging verwys :

(a) Suid-Afrikaanse Vak- en Arbeidsraad,

(b) The Natal Employers' Association,

(c) die Kaapstadse Wol- en Bokhaarmakelaarsvereniging.

Op die wysiging van klousule 3(1)(b) en 'n paar geringe wysigings aan die bewoording ná het die aanbevelings van die Raad, ten spyte van die besware, onveranderd gebly en het „Vasstelling No. 164" op 18 Februarie 1952 van krag geword.

Uit 'n brief van mnr. R.C. Lloyd, onder-sekretaris van The Natal Employers' Association van 16 Mei 1952, gerig aan die Sekretaris van Arbeid, blyk dat hierdie „Vasstelling" sekere probleme oplewer by die uitvoering daarvan. As gevolg hiervan versoek hy namens die Suid-Afrikaanse Wol- en Bokhaarmakelaarsvereniging dat hierdie „Vasstelling" in die algemeen gewysig moet word sodat die belange van die bedryf beter behartig kan word.

Aan hierdie versoek is egter nie voldoen nie, en gevolglik is alle makelaars gebonde om uitvoering te gee aan „Vasstelling No. 164".

Hieruit blyk dus duidelik dat die arbeidswetgewing in die wolbedryf ook 'n groeiproses belewe het en dat daar nog steeds gepoog word om die belange van die bedryf ook op hierdie terrein te bevorder.

(9) Die Britse Wolkommissie, 1940 tot 1946 .

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 3 September 1939 het Engeland dadelik die hele Australiese en Nieu-Seelandse skeersels solank die oorlog duur en een jaar daarna opgekoop. Suid-Afrika het egter nie dadelik sy wol aan Engeland verkoop nie maar het dit vir die eerste jaar van die oorlog nog op die ope mark aangebied, met die afwyking dat enige wol wat nie 'n sekere prys behaal nie, deur

Engeland teen 'n minimum prys oorgeneem sal word. Hierdie periode word dus gekenmerk as 'n periode waarin die produsent sy wol moes verkoop teen pryse wat die koper bereid was om daarvoor te betaal.

Aan die begin van 1940 het die Britse Regering aan die Suid-Afrikaanse Regering te kenne gegee dat hulle nie langer akkoord gaan met die vorige reëlings nie en dat hulle óf die hele skeersel wil koop solank die oorlog duur en een jaar daarna, óf Suid-Afrika sal dit maar op die ope mark moet waag[53].

Die Suid-Afrikaanse Regering het hierdie voorstel tentatief aanvaar, en nadat dit voor die Nasionale Wolkwekersvereniging gelê en deurtastend bespreek is, is dit finaal aanvaar. Dit was 'n baie goeie besluit wat geneem is as in aanmerking geneem word dat Frankryk op daardie tydstip reeds oorwin is en Italië en Japan ook tot die oorlog toegetree het. Daar was gevolglik op daardie tydstip geen land oor om die Suid-Afrikaanse wol op die ope mark te koop nie. Amerika het nou wel oorgebly, maar Engeland het die Australiese en Nieu-Seelandse skeersels reeds opgekoop en was in staat om in Amerika se behoeftes te voorsien. Aan die ander kant moet ook in aanmerking geneem word dat al kon hulle nog ons wol koop, daar bykans geen skepe was om dit te vervoer nie[54].

Op 1 Julie 1940 het die Britse Wolkommissie sy werksaamhede aanvaar en het dit weer op 30 Junie 1946 beëindig. Dit het 'n kantoor in elke hawe besit met sy eie waardeerders, hoofwaardeerder en administratiewe personeel[55].

By die aankoms van wol in die hawes het die makelaars dit uitgestal, en daarna het die Britse Wolkommissie se waardeerders die wol getipeer en die skoonopbrengs vasgestel ten einde die prys te bepaal. Ingeval van dispuut oor die tipe waarin die wol geklassifiseer is, is voorsiening gemaak vir arbitra-

53) T.F. Hurley, „Wolbemarking in Suid-Afrika", p.2.
54) Idem, p. 2.
55) Idem, p. 2.

sie.

Gedurende die ses seisoene wat die Britse Wolkommissie die wol gekoop het, het die hoeveelheid wol wat by die vier hoofwolhawes gekoop is, gewissel en ten laaste 'n daling getoon.

Vergelykende syfers vir die eerste en laaste seisoen onder die Britse Wolkommissie[56].

1940/1941.

| Hawe | Gewig(pd.) | Waarde (£) | Prys per pond |
|---|---|---|---|
| Durban | 62,139,094 | 2,647,735 | 10.226 pennies |
| Oos-Londen | 66,810,865 | 2,765,867 | 9.935 pennies |
| Port Elizabeth | 99,256,736 | 4,264,753 | 10.312 pennies |
| Kaapstad | 31,065,840 | 1,251,219 | 9.666 pennies |
| | 259,272,535 | 10,929,574 | |
| | Gemiddelde prys per pond | | 10.117 pennies |

1945/1946.

| Hawe | Gewig(pd.) | Waarde (£) | Prys per pond |
|---|---|---|---|
| Durban | 46,234,594 | 2,155,146 | 11.187 pennies |
| Oos-Londen | 53,762,780 | 2,662,893 | 11.867 pennies |
| Port Elizabeth | 81,664,704 | 4,266,387 | 12.538 pennies |
| Kaapstad | 28,022,933 | 1,474,345 | 12.626 pennies |
| | 209,685,011 | 10,558,771 | |
| | Gemiddelde prys per pond | | 12.085 pennies |

Vir die periode 1939/1940 tot 1945/1946 het Durban en Oos-Londen 'n agteruitgang getoon in vergelyking met die periode voor 1938/1939[57]. By Port Elizabeth en Kaapstad is 'n aansienlike vooruitgang te bespeur in die gemiddelde

56) British Wool Commission : Wool Review, 1946.
57) S.M. Geldenhuys gee in sy A study of the development of the wool Industry of East London, p. 125, die gemiddelde syfers vir gewig, waarde en prys per pond vir die periode 1919 tot 1938/39 soos volg:

| Hawe | Gewig(pd.) | Waarde (£) | Gem. Prys(d.) |
|---|---|---|---|
| Durban | 60,011,912 | 2,939,172 | 12.9 |
| Oos-Londen | 76,518,301 | 3,792,497 | 12.5 |
| Port Elizabeth | 73,595,929 | 3,916,963 | 14.2 |
| Kaapstad | 15,995,535 | 840,639 | 14.7 |
| Totaal | 226,121,677 | 11,489,271 | Gem. prys 13.6 |

gewig en waarde van die wol. In die geval van elke hawe was die gemiddelde prys per pond laer as vir die vorige periode.

Ten slotte kan net opgemerk word dat die skema se groot waarde daarin gelê het dat die produsent min of meer geweet het wat die prys van sy wol gaan wees. As gevolg van die vasgestelde pryse is 'n groot mate van stabiliteit in die wolbedryf hiermee bereik. Omdat die besgeklassifiseerde wol 'n beter prys op die mark behaal het, het die produsente besef dat dit hulle loon om hulle wol goed te klassifiseer. Verder is die Nasionale Wolkwekersvereniging se klassifiseerstandaarde deur die Britse Wolkommissie aanvaar as basis waarvolgens geklassifiseer kon word.

Die grootste voordele wat vir die Suid-Afrikaanse wolbedryf uit hierdie skema gebore is en wat die grondslag gevorm het vir die bemarking na 1946, kan in twee punte saamgevat word :

(a) Die samestelling van die tipe-lys, want daarmee is die wol gegradeer en kan 'n prysbeheer op internasionale grondslag gevoer word, en

(b) die direkteur van die Britse Wolkommissie het sy skema hier gebou op die selfstandigheidsgevoel en organisasie van die skaapboer. Dit het die skaapboere dan ook met die bemarkingstelsel vertroud gemaak, en hulle organisasie kon dan selfstandig besluit hoe die na-oorlogse probleme aangedurf moes word.

(10) Die Gesamentlike Organisasie, 1946-1952.

In die begin het die wending van die oorlog gelei tot die afsluiting van Europa van die grondstowwe van die buitewêreld, met die gevolg dat wol ook nie die industrieë van Europa kon bereik nie, en die voorrade het onvermydelik in die skure van die Britse Wolkommissie opgehoop. Toe die oorlog geëindig het, was die opgehoopte wol 10,407,000 bale,

en die probleem was hoe om hierdie voorraad en daarby nog die jaarlikse nuwe skeersels van die hand te sit sonder om 'n katastrofale prysineenstorting te veroorsaak. Hierby moes nog in aanmerking geneem word dat Europa met sy miljoene beskaafde mense, die normale verbruikers van wol, verarm was, dat die industrieë vernietig was, dat daar groot gebrek aan geskoolde arbeid was asook finansiële verwarring. Dit was waarlik 'n donker toekoms wat die skaapboer in die gesig gestaar het, en daarom dan ook geen wonder dat baie boere besluit het om hulle merinoskape te verkoop nie.

Met verloop van tyd, toe dit duidelik geword het dat die vyandelikhede spoedig gestaak sou word, is 'n inter-regeringskonferensie in Londen belê gedurende April-Mei 1945. Hierdie konferensie is bygewoon deur afgevaardigdes van die Suid-Afrikaanse, Australiese en Nieu-Seelandse regerings om planne te beraam vir die toekomstige bemarking van wol en veral om die ou wol sistematies van die hand te sit. Engeland se belang was die van 'n persoon wat die eienaar was van goed wat hy nie kon verbruik nie en so gou moontlik van die hand wou sit om sy kapitale belegging te herwin.

Die beraamde wolvoorrade op 6 Maart 1945 in miljoene ponde (vet of gewas) was soos volg[58]:

| | |
|---|---|
| Australië ... ... ... | 2,060 |
| Nieu-Seeland. ... ... | 540 |
| Suid-Afrika.. ... ... | 645 |
| Verenigde Koninkryk ... | 70 |
| Totaal ... ... | 3,315 |

Die vernaamste besluite van hierdie konferensie kan kortliks soos volg saamgevat word[59]:

(a) Dat 'n Gesamentlike Organisasie gestig moet word onder beheer van nege direkteure, wat verteenwoordigers van die onderskeie regerings moet wees, en wel in die volgende

58) T.F. Hurley: „Wolbemarking in S.A.", p. 3.
59) Idem, pp. 4 en 5.

verhouding : Groot-Brittanje 4, Australië 2, Suid-Afrika 1 en Nieu-Seeland 1, met 'n onafhanklike voorsitter gesamentlik deur die vier betrokke regerings aangestel (hiermee sou die Britse Wolaankoopskema ontbind word);

(b) dat so gou moontlik oorgegaan sou word na 'n ope mark met publieke veiling as grondslag vir verkoping;

(c) dat 'n reserweprys vir wol van jaar tot jaar vasgestel moet word en dat enige wol wat nie daardie reserweprys behaal nie, deur die Gesamentlike Organisasie teen 'n reserweprys ingekoop moet word;

(d) dat elke dominium die helfte van sy eie opgehoopte wolvoorraad van Groot-Brittanje moet terugkoop en dat Groot-Brittanje dan ook verantwoordelik sal wees vir die helfte van die inkoopprys van enige wol wat teen die reserweprys ingekoop moet word;

(e) dat enige opgehoopte wolwins op daardie datum van die inkoopprys afgetrek word en dat die kapitale bedrag verskuldig aan Groot-Brittanje, in vier eweredige jaarlikse paaiemente, sonder rente, betaal moet word;

(f) dat die bedryfskoste van die Gesamentlike Organisasie tesame met die van sy ondergeskikte organisasies deur die produsente gedra word en wel deur die oplê van heffing.

'n Volledige verslag van hierdie konferensie is aan die verskillende regerings voorgelê. Ook is die aanbevelings aan die Bestuur van die Nasionale Wolkwekersvereniging voorgehou. Hierdie aanbevelings is heelhartig aanvaar, en wetgewing is toe ingedien wat later bekragtig is deur die Wolwet Nommer 19 van 1946.

Alhoewel die Gesamentlike Organisasie op 1 Augustus 1945 tot stand gekom het, het dit nie aktief met sy werksaamhede begin voor 1 September 1946 nie[60]. Hierdie geregistreerde

60) Dr. Edgar H. Booth: „The Marketing of Wool", (Address to Bradford Textile Society) 1 Des. 1947, p. 23

privaat maatskappy het drie aktiewe filiaalmaatskappye in die dominiums gehad wat namens hom opgetree het. Hierdie filiaalmaatskappye was die Australiese Wolrealisasiekommissie, die Nieu-Seelandse Wolafsetkommissie en die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie[61].

Op 1 Augustus 1946 het die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie die volgende bates van die Britse Wolkommissie oorgeneem[62]:

| | Aantal Pakhuise | Bale | Prys van Geboue (£) |
|---|---|---|---|
| Durban | 4 | 267,000 | 137,000 |
| Oos-Londen | 3 | 394,000 | 152,000 |
| Port Elizabeth | 7 | 697,000 | 292,000 |
| Kaapstad | 2 | 202,500 | 89,000 |
| Totaal | 16 | 1,560,500 | 670,000 |

Aangesien die Britse Wolkommissie nie geregtig was op die aankoop van grond in Suid-Afrika nie, is die geboue op paggronde gebou, en daarom het die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie hierdie gronde ook aangekoop teen 'n bedrag van £40,000.

Die vordering wat die Gesamentlike Organisasie gemaak het met die bemarking van die voorraad van bykans 10,500,000 bale, blyk uit die volgende tabel(bale in duisende)[63]:

| | Australië | Nieu-Seeland | Suid-Afrika | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Voorraad op : | | | | |
| 31.7.45 | 6,796.0 | 1,777.0 | 1,834.0 | 10,407.0 |
| 30.6.46 | 3,789.0 | 1,425.0 | 572.0 | 5,786.0 |
| 30.6.47 | 3,076.0 | 1,092.0 | 347.0 | 4,515.0 |
| 30.6.48 | 2,271.0 | 801.0 | 146.0 | 3,218.0 |
| 30.6.49 | 1,254.0 | 411.0 | 35.0 | 1,700.0 |
| 30.6.50 | 379.1 | 103.8 | 1.5 | 484.4 |
| 30.6.51 | 11.8 | 6.0 | -- | 17.8 |

61) Idem, p. 24
62) S.M.Geldenhuys : A study of East London, pp.161 en 162.
63) International Wool Secretariat: World Wool Digest,Vol. III, No. 3, 6th Febr., 1952, p.3.

Die groot vermindering van regeringsvoorrade aan die einde van die eerste jaar van sy bestaan moet toegeskryf word aan die feit dat die Europese lande aan die einde van die oorlog oor feitlik geen voorrade wol beskik het nie.

Nadat die Organisasie sy laaste baal wol van die hand gesit het, het dit besluit om op 22 Januarie 1952 in likwidasie te gaan. Sir Harry Shackleton, die voorsitter sedert die stigting daarvan ses jaar vantevore, is toe aangestel as likwidateur.

Uit 'n vergelyking tussen die laasgenoemde twee organisasies blyk dat hulle die volgende verskille openbaar :

(a) Doelstellings : Die Britse Wolkommissie is in die lewe geroep met die doel om die wol onder oorlogsomstandighede aan te koop. Dit was 'n koper om beheer te kry oor die wol. Die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie aan die ander kant is in die lewe geroep om in die mark regulerend op te tree met die doel om die ou voorrade stelselmatig te verkoop en om die nuwe skeersels teen minimum aankooppryse te beskerm. Die Organisasie wou dus nie wol koop nie en het ook geen belange daarin gehad om wolvoorrade te besit nie. Dit het alleen koper geword wanneer die pryse onder die reserwepryse gedaal het.

(b) Samestelling : Die Britse Wolkommissie is beheer deur een direkteur, wat direk verantwoordelik was aan die British Wool Control in Londen, en was nie verplig om hier aan enige persoon verantwoording te doen nie. Die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie weer is beheer deur 'n Raad van Direkteure, wat so saamgestel is dat die skaapboere deur hulle eie organisasies die oorwegende verteenwoordiging daarop gehad het. Ons kan dus sê dat die Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie 'n Suid-Afrikaanse organisasie was en in die lewe geroep is om die belange van die skaapboer te behartig.

4. Slot.

Samevattend sien ons dus dat die ontwikkeling van die wolmark oor die algemeen gekenmerk word deur die skepping van verskillende organisasies om behulpsaam te wees met die bemarking. Hiervan is die Wolraad, die Britse Wolkommissie en die Gesamentlike Organisasie seker die belangrikste. Laasgenoemde twee het nie alleen aan Suid-Afrika nie maar ook aan die ander wolproduserende dominiums 'n groot diens bewys.

Wat die ontwikkeling van die metodes van verkoop betref, is dit merkwaardig dat dit geleidelik ontwikkel het vanaf die heel eenvoudige ruilstelsel tot die mees moderne metode van publieke veiling op die wolbeurs, wat beskou word as die hoogste vorm van ontwikkeling van die gewone mark.

In die volgende hoofstuk word die bemarkingstegniek bespreek met spesiale verwysing na die veilings op die beurs.

# HOOFSTUK IV.

## DIE BEMARKINGSTEGNIEK VAN WOL.

### 1. Inleiding.

As gevolg van die groot verskeidenheid van menslike behoeftes, die verdeling van arbeid en produksie het 'n verwydering tussen die produsent en die uiteindelike verbruiker gekom wat oorbrug moes word. Dit is dan nou ook die funksie van bemarking om die eiendomsreg van goedere en ook van dienste oor te dra na die verbruiker. Elkeen van die drie groepe persone beoog hulle eie belange : die produsent probeer om die hoogste prys vir sy produk te kry; die verbruiker poog om die minste daarvoor te betaal, terwyl die tussenpersoon die meeste vir sy dienste probeer verkry.

Soos reeds in hoofstuk III opgemerk, het die bemarkingsmetodes geleidelik ontwikkel tot die hoogste vorm van georganiseerde bemarking, naamlik veilings op die wolbeurs.

### 2. Veilings.

Die hoofkenmerke van die stelsel van publieke veilings kan kortliks soos volg saamgevat word :

a. Groot hoeveelhede word versamel by sentra waar die vernaamste wolkopers van oor die hele wêreld gekonsentreer is.

b. Die klein produsent kan tegniese advies inwin, en klein skeersels kan geklassifiseer, gegradeer en saamgevoeg word. Dit bevorder die verkoop van klein skeersels, aangesien kopers nie soseer belangstel in „sterlotte" nie.

c. Ten einde die hoogs moontlike prys vir skeersels te behaal word die produsent gelei tot deegliker klassifisering en verpakking.

d. Wolprodusente bly op hoogte van die heersende pryse, aangesien dit oor die radio aangekondig word en in die meeste koerante verskyn.

e. Die publisiteit wat aan die publieke veilings gegee word, is 'n wêreldwye advertensie vir wol.

f. Byna direk na die veiling word die produsent betaal vir die skeersel, en hy weet dat hy die volle waarde daarvoor kry.

Elke hawestad beskik oor 'n wolbeurs waar al die wolveilings dan ook plaasvind. Die wolbeurs bestaan uit 'n gelyke aantal verteenwoordigers van die makelaarsvereniging, wat ten doel het „to bring about joint action on the part of Selling Brokers in order to maintain an efficient selling service, and to regulate matters pertaining to the well-being of the Wool and Mohair Industries" 1), en die kopersvereniging, waarvan die vernaamste doelstelling is „to consolidate and protect the interests of all buyers and/or shippers of wool or mohair who are members of the affiliated Associations in the Union of South Africa and South West Africa"2).

In Suid-Afrika bestaan vandag 24 makelaarsfirmas wat deur die verskillende makelaarsverenigings in die onderskeie hawes verteenwoordig word. Soos hierbo aangehaal, is die hoofdoel van hierdie vereniging om die belange van die makelaars en van die nywerheid in die algemeen te beskerm en te bevorder.

Die hoogste gesag van die kopers is die Federasie van Suid-Afrikaanse Wol- en Bokhaar-kopersvereniging. Hierdie Vereniging bestaan uit 117 kopersfirmas, wat ten doel het die saamsnoering van die kopers tot 'n hegte eenheid: eenheid van denke en handeling verleen krag aan 'n organisasie.

Georganiseerde optrede van die kant van die makelaars sowel as van die kopers hou nie alleen groot voordele in vir die onderskeie verenigings nie maar ook vir die wolbedryf in die algemeen. Dit stel kopers en verkopers verder in staat om van tyd tot tyd samesprekings te voer oor sake rakende ook

1) „Rules and Regulations of the Cape Town, Durban, East London and Port Elizabeth Wool and Mohair Selling Brokers' Association", p.l.
2) „Constitution of the Federation of S.A. Wool and Mohair Buyers' Association", p.l.

die belange van die bedryf. Hierdeur word 'n hartlike onderlinge samewerking bewerkstellig.

Elke veiling is onderworpe aan die beursreëls, wat by alle beurse ongeveer dieselfde is.

Die metode wat gevolg word by die veiling is die volgende : Die makelaar wat as afslaer optree, bestyg die rostrum ('n verhoog waarop 'n tafel staan) met 'n katalogus en is vergesel van een of twee van die firma se senior klerke wat die pryse wat behaal word, en name van die kopers neerskryf. Die sekretaris van die wolbeurs noteer ook die name van kopers en alle pryse van bale wat opgeveil word. Die kopers sit agter tafels soos lessenaars met hulle katalogusse voor hulle oop. Die makelaarsfirma se afslaers begin met lotnommer een op sy katalogus en roep 'n prys uit wat min of meer ooreenstem met sy waardasie. Die kopers maak hulle aanbiedings, en as die afslaer tevrede is daarmee, kry die hoogste bieder dan die lot. Sodra 'n koop plaasvind, slaan die afslaer met sy afslaershamer op die tafel en noem daarna die naam van die koper en die prys waarteen verkoop is. In geval die wol nie verkoop word nie, word die hoogste bieder se naam ook genoteer tesame met die prys waarteen hy bereid was om te koop. Die rede hiervoor is om daarna die uit die hand-verkope te vergemaklik. Op hierdie wyse word al die wol wat in die katalogus aangebied word, verkoop. Sodra 'n koper 'n lot gekoop het, vul hy 'n vorm in wat vir die doel deur die makelaar aan hom verskaf is. Op die vorm vul hy dan die lotnommer in en stuur sy bediende om monsters van die lot of lotte wat hy gekoop het, te verkry.

Alle onverkoopte wol word gewoonlik uit die hand verkoop, en die privaat onderhandelings vind plaas tussen die makelaar en die hoogste bieder (die vorige dag op die beurs) wat 'n opsie vir 24 uur het[3]. Gedurende hierdie tyd het die

3) Uit die hand-verkope vind plaas omdat dit nie 'n goeie beleid is om wol wat een keer op 'n veiling was, weer daarop aan te bied nie, aangesien kopers geneig is om, wanneer die mark nie intussen gestyg het nie, sulke wol te brandmerk.

makelaar geen reg om met enige ander koper te onderhandel nie.

Onmiddellik nadat die wol verkoop is, stel die makelaar die boer per telegram of telefonies in kennis van die pryse wat behaal is. Die koper aan die ander kant weer kabel onmiddellik die volgende inligting omtrent sy aankope aan sy lasgewer: aantal bale, gewig, tipe en prys. Hierna word hierdie informasie deur middel van 'n faktuur aan laasgenoemde verstrek. By ontvangs van die faktuur en die nodige verskepingsdokumente word 'n kredietbrief aan die koper (agent) se bank gestuur, sodat die totale onkoste aan laasgenoemde se persoonlike rekening gekrediteer kan word.

Veertien dae na die veiling moet die koper (agent) sy skuld vereffen deur middel van 'n tjek getrek op sy eie plaaslike bank. Terselfdertyd moet die makelaar sy verslagrekening en tjek aan die boer pos. Ingeval die koper die wol uit die pakhuis verwyder voordat die 14 dae verstreke is, moet die betaling vir die spesifieke wol onmiddellik plaasvind.

Hier volg nou 'n afskrif van genoemde afrekeningstaat :

Telefoon 819681 Posbus 1907 Telegramme : „Ledewol".

KOöPERATIEWE WOLMAATSKAPPY, BEPERK.
Geregistreer kragtens die Koöperatiewe Wet No. 29 van 1939.

DURBAN.

__________19___

AFREKENING van WOL verkoop ten behoewe van

M ____________________

____________________ No. 980

____________________ Per : ____________

| Koper | Lot | Nom- mers | Bale | Sakke | Beskry- wing | Bruto Gewig | Tarra | Netto Gewig | Prys | £.s.d |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | |

AFTREKKINGS £ s. d.

| | | |
|---|---|---|
| VOORHANDE: | S.A. Wolraad ... ... ... ... | |
| Bale | Spooronkoste ... ... ... ... | |
| Sakke | Weeg, ontvangs, ensovoorts ... | |
| | Kommissie (1 persent) ... ...* | |
| | Brandversekering (¼ persent)... | |
| | Telegramme, Telefone. ... ... | |
| | Katalogusfooi... ... ... ... | |
| | Verpakking (Sakkies/Bale). ... | |
| | | Netto opbrings |
| | Wolsakke en goedere.. ... ... | |
| | Voorskotte ... ... ... ... | |
| | K.W.B. ... ... ... ... ... | |
| | Rente ... ... ... ... ... | |
| | Bankkommissie ( persent) ... | |
| | | £_____ |

F. & W.U.

Voordat wol op die veiling aangebied kan word, is daar egter 'n paar uiters belangrike funksies wat verrig moet word, en in die volgende paragrawe kortliks bespreek sal word.

3. Funksies van bemarking.

a. Vervoer.

Aangesien die wolproduserende streke oor die hele Unie

versprei lê en die wolbeurse aan die hawes geleë is, speel vervoer 'n baie belangrike rol by die bemarking van wol. Die hooffunksie van vervoer is om die struikelblok van plek te oorbrug en aan wol 'n plekwaarde te gee.

Die doeltreffendheid van vervoer ten opsigte van die wolbedryf hang saam met die volgende vereistes :

(1) <u>Vervoerkoste</u> : Hierdie item speel 'n belangrike rol by die vasstelling van die winsgewendheid van die bedryf. 'n Produsent wat sy produk goedkoper kan vervoer as sy mededinger, kan gevolglik ook teen 'n laer prys as laasgenoemde verkoop en daardeur 'n mark verower. As die vervoerkoste vanaf Suid-Afrika na die buiteland byvoorbeeld hoër was as dié van sy mededingers, sou dit die Unie se wolbedryf nadelig getref het.

(2) <u>Voldoende vervoergeriewe</u> : Dit is veral belangrik dat daar gedurende die skeerseisoen voldoende spoorwegtrokke of enige ander vervoerfasiliteite beskikbaar moet wees ten einde die wol so gou moontlik by die makelaars te kry. In geval die boer voorsiening moet maak vir sy eie bêrefasiliteite tot tyd en wyl die wol versend kan word, beteken dit slegs 'n verhoging van sy produksiekoste.

(3) <u>Vervoerfasiliteite</u> : Hieronder word verstaan dat daar voldoende op- en aflaaifasiliteite moet wees op plekke waarvandaan die wol versend word.

(4) <u>Snelheid en veiligheid</u> : Ingeval goedere teen 'n hoër snelheid vervoer kan word, sal daar byvoorbeeld minder treine nodig wees, en gevolglik sal vervoerkoste ook verminder kan word. Snelheid verskaf terselfdertyd 'n tydwaarde aan wol. Dit gaan egter ook gepaard met veiligheid, en daarom word die spoorweg- en seevervoerrisiko's vandag respektiewelik deur die S.A.S. en H. en Lloyds waargeneem.

Die prosedure by die vervoer van wol kan kortliks soos volg saamgevat word :

Nadat die wol geskeer en vir die mark voorberei is, word dit per spoor na die betrokke makelaars aan die hawes versend, waarvandaan dit dan na die pakhuise geneem word. Dit is dan ook van die grootste belang dat die produsent by die afsending van sy wol die makelaar onmiddellik in kennis stel van die datum van versending, die getal bale en die gewig daarvan. Sommige makelaars voorsien boere van vorms vir vragbriewe en raai hulle om drie kopieë van elke vragbrief te maak : een vir die spoorwegadministrasie, een vir die boer as kwitansie dat hy die wol weggestuur het, en een wat die boer aan sy makelaar moet stuur sodat die makelaar kan weet om die aankoms van die wol te verwag. As die bale reg gemerk en die vragbrief reg ingevul is, is die boer gedek teen alle blaam ingeval verdere foute sou voorkom.

By die aankoms van die wol by die pakhuis betaal die makelaar die spoorvrag, om later weer nadat die wol verkoop is, die spooronkoste af te trek van die opbrengs van die besending. Die makelaar betaal in hierdie geval die spoorvrag dus vooruit maar is in ieder geval verseker van sy geld. Ingeval die produsent verkies om die spoorvrag self te betaal, kan hy dit doen by versending.

b. <u>Katalogisering en waardering</u>.

Sodra die wol die pakhuis binnekom, word dit sorgvuldig geweeg op 'n akkurate skaal wat periodiek getoets, reggestel en geyk word. 'n Gewigslys word in duplikaat uitgemaak, waarvan een kopie aan die kweker gestuur word, terwyl die ander een geliaseer word, aangesien vereffenings op inweegbasis geskied. Ingeval rantsoenering nie toegepas word nie, word al die bale per hyser of karretjies na die vertoonvloer vervoer, waar die bale volgens hulle klasse en eienaars uitgestal word. By die uitstalling is goeie, egalig verspreide lig, goeie ventilasie en netheid essensieel. Elke eienaar se skeersel word saamgepak behalwe die sakkies wat saam met

die ander eienaars se sakkies geklassifiseer en in bale verpak word. Die bale word nou aan die een end oopgesny, en verteenwoordigende monsters word uit elke baal geneem en langsaan op die vloer geplaas om gewaardeer te word. Hierna word 'n katalogus deur die makelaar opgestel waarin die volgende besonderhede geadverteer word : die lotnommer[4], naam van die eienaar, plek vanwaar wol kom, getal bale in klas of lot, gemiddelde gewig van bale, beskrywing van inhoud van baal. Verder word openings gelaat vir die reserweprys, die behaalde prys en die naam van die koper.

Hier volg nou 'n voorbeeld van 'n katalogus van die makelaar :

K.W.B. KATALOGUS No. 25. 30 APRIL 1953. DURBAN.

| Lot | Naam van eienaar | Aantal bale | Beskrywing | Gem. gewig | Opmerkings | Res. Prys | Prys | Koper. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | J.T.Mulder Sonop | 3 | CM | 256 | | | | |
| 2. | | 1 | BP | 286 | * | | | |
| 3. | P.G.van Zyl Rooikraal | 4 | CBP | 215 | | | | |
| 4. | | 1 | LOX | 240 | * | | | |

Sodra die katalogus gereed is, word dit onder die kopers versprei, wat daarmee dan na die vertoonvloer gaan om monsters te verkry van lotte waarin hulle belangstel, ten einde dit te waardeer[5]. By die inspeksie word veral op die volgende punte gelet : skoonopbrengs, dit wil sê, hoeveel skoongewaste wol verkry kan word uit elke honderd pond wol in die vet of ghries; lente en egaligheid daarvan, spinvermoë, gesondheid, kleur en algemene voorkoms of aantreklikheid.

4) Die lotnommer word gewoonlik vanaf 'n vierkantige plankie aan die baal of groep bale verkry. „Sterlotte" word op die katalogus met 'n sterretjie gemerk.
5) Hierdie waardering deur die kopers begin gewoonlik 'n dag of twee voor die veiling, sodat hulle genoeg tyd kan hê om waardasies te voltooi.

Die skoonopbrengs word gewoonlik geskat deur 'n armvol op te tel en te bepaal hoeveel skoonwol verkry sal word nadat die wol gewas is. Kopers is geregtig om monsters te trek uit enige deel van die baal, maar die ooptorring van bale word sterk afgekeur.

Nadat elke lot waardeer is, vul die koper gewoonlik sy pryse in die waardasiekolom in by wyse van 'n kode wat hy alleen kan uitmaak. Nadat hy sy waardasies gemaak het, is hy gereed om na die verkooplokaal by die wolbeurs te gaan.

Die makelaar waardeer die wol op dieselfde wyse as die koper maar voeg ook daarby opmerkings en aanbevelings oor elke boer se skeersel. In gevalle waar die kweker die kwessie van die reserweprys aan die oordeel van die makelaar oorgelaat het, vorm hierdie waardasie die basis daarvan.

Voor elke veiling moet die Regeringsinspekteur die wol wat vir veiling aangebied word, nagaan om toe te sien dat die wol aan die Verpakkings- en Bemarkingsregulasies voldoen. Ingeval van lotte wat nie aan die vereistes voldoen nie, mag daardie lot of lotte nie op die veiling verkoop word nie alvorens dit aan die vereistes voldoen[6].

In hierdie verband kan ook opgemerk word dat die regulasies reeds verouderd is en dat dit van die allergrootste belang is dat dit hersien moet word. Dit is van lewensbelang vir die bedryf dat die regulasies voorsiening moet maak vir 'n bepaling dat alle kruiswol en minderwaardige wol uit die merinoskeersels verwyder moet word.

c. Opberging en versending.

Wolboere skeer omtrent dieselfde tyd van die jaar, en daarom bereik die Unie-skeersels die makelaars binne 'n tydsbestek van ongeveer 6 weke. Aangesien die ontvange wol weens tegniese en fisiese probleme nie onmiddellik op die wolbeurs aangebied kan word nie en dit selfs ook nie onmiddellik na die

6) Gedurende die 1951/52-seisoen is in die vier hawes die verkoop van ongeveer 3,300 bale verbied tot tyd en wyl dit bevredigend hersorteer is.

veiling verwyder kan word nie, moet die verskillende makelaars voorsiening maak vir pakhuise met geweldige groot vloerruimtes[7]. Die oprigting van pakhuise dreineer daarom ook die vernaamste gedeelte van die makelaar se kapitaalbelegging.

Sommige makelaars maak in hulle pakhuise voorsiening vir twee afsonderlike verdiepings - die eerste verdieping vir die ontvangs, inweeg en saamgroepering van wol, terwyl die tweede verdieping gebruik word as vertoonruimte. Hierdie afsonderlike vertoonruimte stel die waardeerders in staat om te midde van baie geringe steurnisse hulle werk te doen.

Aangesien elke baal wol volgens meriete waardeer word, is dit belangrik dat die beligting van die vertoonverdieping sodanig moet wees dat die eienskappe van wol die beste na vore kan kom. 'n Besoek aan die vernaamste makelaarsfirmas in die Unie het aan die lig gebring dat sommige makelaars ook voorkeur daaraan gee om die mure en dak van die vertoonlokaal met ander kleure as die gewone wit, byvoorbeeld liggroen, te verf. Volgens hulle verleen dit 'n sagter en strelender uitwerking op die oog en ontbloot dit nogtans die werklike eienskappe van die wol.

Die waarderingsproses stel besonder hoë fisieke eise aan die waardeerders. Daarom word ook voorsiening gemaak vir goeie ventilasie in die pakhuis asook vir ander geriewe, soos byvoorbeeld badkamers, tee- en sitkamers, waar die waardeerders ook kan ontspan. Dit kan ook baie goed begryp word dat as die kopers die wol binne uiters ongerieflike, bedompige en swak-beligte pakhuise moet gaan waardeer, dit outomaties 'n swak sielkundige uitwerking op hulle sal hê by die waardering van die wol.

---

7) Die pakhuis van die K.W.B. het op een stadium reeds 200,000 vk. voet beslaan. Tans is hulle besig met verdere aanbouingswerk.
Die B.S.B. het op 30 Junie 1953, 909,200 vk. voet aan vloerruimte gehad, en op die oomblik is 'n pakhuis in Durban in aanbou met vloerruimte van 200,000 vk. voet.

Vloerruimte en fasiliteite vir maklike hantering en aantreklike uitstalling is vandag 'n absolute vereiste en die vooruitgang van 'n makelaarsonderneming is tot 'n groot mate afhanklik van die geboue tot sy beskikking. Omdat die verskillende ondernemings die belangrikheid hiervan besef is Suid-Afrika vandag bevoorreg om oor die modernste bemarkingsgeriewe ter wêreld te kan beskik.

Die makelaar bewaar die wol vir die produsent gratis; en ingeval die koper dit verkies, is hy geregtig op gratis opberging vir 28 dae na die veiling, en daarna word die berggeld bereken teen 3 pennies per baal per week.

Sodra die koper die verskepingsinstruksies van sy lasgewer ontvang het, word die volgende funksies deur die makelaar op versoek van die koper verrig: Hy pers die bale deur middel van 'n elektriese pers in baalgroottes van ongeveer een-derde van hulle oorspronklike grootte, trek daaromheen drie bande van ysterhoepels en plaas daarna die koper se verskepingsmerke op elke geperste baal. Die huidige koste verbonde aan hierdie proses word bereken teen .45 pennies per pond. Omdat skeepsvrag bereken word in terme van ruimte wat in beslag geneem word, is dit baie voordelig om die volume tot die kleins moontlike te beperk.

Nou is die wol gereed om verskeep te word. Alle verdere onkoste in verband met die vervoer van die van die wol na die skip en die laaikoste word deur die koper self gedra, en hy is ook verantwoordelik vir alle reëlings in die verband.

d. <u>Rantsoenering</u>.

Omdat die wolboere ongeveer dieselfde tyd skeer, bereik die wol die makelaars, soos onder opberging reeds vermeld, binne 'n tydsbestek van ongeveer 6 weke. Dit beteken 'n geweldig vinnige toestroming. Die groot hoeveelhede wol kan nie alles op die veilings aangebied word nie, aangesien dit onmoontlik is vir die kopers om die wol binne 'n beperkte

tyd voor elke veiling te kan waardeer.

Ten einde die saak mer prakties toe te lig kan ons Durban as voorbeeld neem. Veilings vind hier plaas op Maandae en Donderdae. Op Maandae bied die F.C.U. en die W.B.F. wol op die beurs aan, terwyl Donderdag deur K.W.B. en B.S.B. gebruik word. As gevolg van hierdie reëling moet die wol van laasgenoemde makelaars vanaf Maandagmiddag, na die veiling van die eersgenoemde twee makelaars, tot Donderdag-oggend gewaardeer word. Die ondervinding het geleer dat daar binne die bestek van twee-en-'n-half dag ongeveer 1,500 lotte gewaardeer kan word. Om hierdie rede is dit prakties onmoontlik om al die wol by ontvangs regstreeks op die veiling te plaas. Gevolglik word 'n rantsoeneringsbeleid toegepas.

Die huidige stelsel van rantsoenering wat in Suid-Afrika by alle wolbeurse toegepas word, kom op die volgende neer : Sodra die wol by die pakhuise van die verskillende makelaars ingeweeg is, word dit weggepak en wag elke boer se skeersel sy rantsoeneringsbeurt streng volgens ontvangs af. Rantsoenering op die wolbeurs waar die makelaars sowel as kopers verteenwoordig is, geskied pro rata die lotte deur elke makelaar ontvang, in ag nemende ook die hoeveelheid lotte wat in die betrokke hawe per week verkoop word. Die toekenning van lotte beteken nie die hoeveelheid bale nie, want dit is vanselfsprekend dat as die een makelaar byvoorbeeld groot skeersels ontvang, hy meer bale behoort te kan aanbied.

By 'n prysdaling hou die stelsel van rantsoenering dus vir die boer, wie se skeersel streng volgens ontvangs aangebied word, verliese in. Ten einde hierdie verliese tot 'n minimum te beperk pas makelaars 'n metode van saamgroepering van wol toe, wat daarop neerkom dat meer bale per lot aangebied kan word. Hierdie metode het ook beperkings, aangesien sommige boere wie se wol goed geklassifiseer is, nie bereid is om hulle wol met die van ander te laat saamgroepeer wat nie van dieselfde gehalte is nie.

e. Versekering.

Die boer se skeersel word deur die makelaars gedek teen alle moontlike risiko vanaf die dag dat die wol geskeer is totdat dit uiteindelik verskeep is. Op 'n kollektiewe transitopolis[8] word die premie bereken teen 6 pennies per baal. Op die brandversekeringspolis word die premie bereken teen ¼ persent van die bruto opbrengs. Hierdie polis dek die risiko teen brand in die pakhuis vir sowel die boer as die koper. Al hierdie versekeringskoste word van die opbrengs van die skeersel afgetrek.

Verder bestaan daar ook 'n polis om koperswinste te verseker, en premies word slegs op verkoopte wol bereken.

f. Finansiering.

As gevolg van die seisoenale aard van die bemarking van wol moet daar uiteraard gedurende die seisoen 'n groot dreinering van finansiële middele plaasvind. In die verbruikerslande word hierdie uitgebreide vraag na kapitaal egter nie so sterk gevoel nie, „because the diversity of commercial and industrial interest makes it possible to balance the seasonal demand for wool credit with an off-period demand for credit for some other seasonal commodity"[9]. In die produsentelande, veral Australië en Suid-Afrika, waar die waarde van geproduseerde wol 'n aanmerklike persentasie vorm van die totale produksie van uitvoerartikels, is dit egter nie so maklik om die swaar finansiële dreinering van die banke te ontwyk nie. „It is very important, therefore, to take into consideration the fact that the seasonal nature of the wool trade demands great elasticity of financial resources"[10].

Aanvanklik is die produksie en die distribusie van wol hoofsaaklik deur die handelsbanke gefinansier - nie deur middel van korttermynlenings nie maar deur middel van bank-

8) Hierdie polis word egter nie deur alle makelaars gebruik nie en dek alle risiko totdat die wol by die makelaar se stoor aanland.
9) A.F. du Plessis : The Marketing of Wool, p. 300.
10) Idem, p. 301.

oortrekkings of langtermynlenings teen sekuriteit. Die sekuriteit kan wees die goeie naam en eerlikheid van die persoon of 'n verband oor 'n eiendom of sy skeersel.

Hierdie metode van finansiering het vandag grootliks in onbruik geraak en moet die metode van voorskotte deur die makelaars teen 7 persent rente aan die lener met die verwagte skeersel as sekuriteit, as die belangrikste finansieringsmetode beskou word. Volledige besonderhede is egter nie beskikbaar nie, maar benewens die sowat £900,000 per jaar wat makelaars bestee vir die voorsiening van wolsakke en ander skeerbenodighede, wat gewoonlik eers na die verkoop van die wol verhaal word, word gemeen dat lenings teen wol moontlik 2 of selfs 3 miljoen pond per jaar in beslag neem. Omdat die makelaars nie oor soveel fondse beskik nie moet hulle op hulle beurt weer by die handelsbanke om gedeeltelike hulp aanklop.

Vereffening van voorskotte wat deur makelaars aan die produsente verskaf is, vind plaas deur middel van 'n aftrekking van die opbrengs van die skeersel. Sodoende word daar weinig risiko geloop in verband met die invordering daarvan.

Om te voorkom dat boere by meer as een makelaar voorskotte op hulle skeersels kry, tree byvoorbeeld die Wolbeurs in Port Elizabeth as kredietburo op en noteer met behulp van die makelaars alle voorskotte deur hulle verleen.

## 4. Slot.

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat die huidige verkoopsisteem, naamlik deur middel van publieke veiling, baie doeltreffend is en dat dit onteenseglik die grootste voordele aan die wolboer verseker. Die feit dat wol eers op publieke veiling aangebied moet word alvorens dit uit die hand verkoop kan word, verseker hom van 'n sterk mededingende vraag na sy produk en uiteindelik van die

hoogste prys.

Alhoewel die waardasie deur die kopers 'n belangrike rol speel by die vasstelling van die prys, is daar nog ander dieper liggende faktore wat wolpryse bepaal. Hierdie faktore word in die volgende hoofstuk behandel.

# HOOFSTUK V.

## FAKTORE WAT WOLPRYSE BEPAAL.

### 1. Inleiding.

Die prys van 'n artikel is sy markwaarde uitgedruk in terme van geld. Alhoewel daar verskillende erkende soorte waardes is, is die ruilwaarde die belangrikste by bemarking. Onder ruilwaarde word verstaan die eienskap van 'n artikel of diens om ander goedere of dienste te ruil.

'n Beskouing van pryse van verskillende produkte ontbloot twee baie belangrike kenmerke : eerstens dat hulle varieer, en tweedens dat daar 'n belangrike onderlinge verwantskap tot mekaar bestaan.

Met die aanwending van geld word 'n sisteem van pryse geskep - 'n meganisme wat die distribusie en produksie reguleer. Verbruikers maak hulle vraag bekend deur middel van aankope teen verskillende pryse, terwyl verskillende pryse aan die anderkant weer die aanbod in 'n groot mate beïnvloed. Hieruit blyk dus baie duidelik dat pryse in 'n groot mate 'n regulerende of kontrolerende invloed uitoefen oor ons hele ekonomiese sisteem.

### 2. Aanbod en aanvraag.

#### a. Die aanbod.

(1) Algemene faktore wat die aanbod beïnvloed:

(a) Gerda Blau verdeel die belangrikste faktore wat die aanbod van wol beïnvloed, in twee, naamlik[1]: faktore buite die beheer van die produsent en voorafberekende veranderings in die aanbod.

Onlangse wetenskaplike verbeterings in die teling van skape en skaapboerdery in die algemeen het die tenders om die twee genoemde faktore in 'n groot mate onafskeidelik saam te smelt, wat gevolglik 'n onderskeid tussen die twee bemoeilik.

1) Gerda Blau : Wool in die World Economy, 1946, p.12.

Sekere faktore, soos byvoorbeeld siektes onder die vee, kon vroeër baie maklik bestempel word as „buite die beheer van die produsent", dog dit kan vandag baie maklik bekamp word deur middel van wetenskaplike metodes. Selfs die gevolge van droogte kan in 'n sekere mate voorkom word deur middel van gevorderde metodes van irrigasie en kunsmatige voeding. Gronderosie is 'n ander belangrike faktor wat op die grens tussen die twee lê. Vir sommige boere kan gronderosie 'n faktor buite hulle beheer wees, terwyl dit vir 'n ander groep boere of vir die landstreek as geheel 'n faktor kan wees wat deur middel van erosiebestryding bekamp kan word. Alhoewel wetenskaplike ontwikkeling die faktore buite beheer in 'n groot mate verminder het, het dit die belangrikheid van hierdie faktore op verre na nie heeltemal uitgeskakel nie. „On the other hand, the scope for producers' deliberate decisions of policy based on their market expectations may be severely restricted in practice by the lack of alternative uses for the productive resources at their disposal"[2].

(b) In vrugbaarder streke word wol saam met vleis geproduseer. „In this section, changes in wool output may be brought about as a mere by-product of deliberate decisions in regard to meat output which tends, at times, to make the supply of crossbred wool even less elastic then the supply of merino"[3].

(c) In hoofstuk I is aangetoon dat : die Karoo die Unie se vernaamste wolproduserende gebied is en dat skaapboerdery in die ander skaapgebiede in die Unie, waar besproeiing moontlik is, geleidelik vervang is deur meer winsgewende intensiewe boerderybedrywe; dat die drakrag van die Karoo weens gronderosie afneem, en dat ten spyte van hoër wolpryse, veral sedert 1946, die produksie maar slegs 'n geringe toename toon.

2) Idem, p. 12.
3) Idem, p. 12.

Hieruit kan ons onder andere die volgende gevolgtrekkings maak, naamlik dat :

(i) indien geen ernstige pogings aangewend word om die drakrag van die grond en die produksie per skaap te verhoog nie sal die Unie se wolproduksie in die toekoms eerder 'n dalende as 'n stygende tendens vertoon;

(ii) wolpryse die aanbod oor die kort termyn baie min affekteer maar dat pryse die aanbod oor die lang termyn tog in 'n sekere mate beïnvloed. Hoë pryse en betreklike lae produksiekoste sal die aanbod dus gunstig beïnvloed, terwyl lae pryse en hoë produksiekoste presies die teenoorgestelde uitwerking sal hê.

(2) Produksiekoste :

Ten einde te kan vasstel of 'n bedryf lonend is, is dit van die allergrootste belang dat die produksiekoste daarvan vasgestel moet word. In die geval van die wolbedryf is dit egter baie moeilik om 'n betroubare analise te maak van dié koste, aangesien dit so baie varieer tussen die verskillende areas, verskillende rasse en tussen goeie en swak jare. Vir die doel van 'n analise kan die verskillende koste-items gegroepeer word in drie hoofkategorieë, naamlik, (a) veranderlike, (b) semi-veranderlike en (c) vaste koste[4]. Hier volg nou 'n gespesifiseerde lys van die vernaamste uitgawes wat in berekening gebring moet word ten einde die produksiekoste te kan bereken[5]:

(a) Skeer.
Vraggeld.
Droogte-uitgawes.
Hantering en verkoopsonkoste.

4) Gerda Blau: Wool in the World Economy, p. 13.
5) Idem, p. 13.

(b) Lone, salarisse en rantsoene.
Reparasie en instandhouding.
Belasting.
Diverse uitgawes.

(c) Huur.
Waardevermindering.
Rente op geleende kapitaal.
Rente op eienaar se kapitaal[6].

In 1938 is volgens hierdie metode in Queensland vasgestel dat die totale gemiddelde koste per pond 11.10 pennies was en dat die veranderlike, semi-veranderlike en vaste koste respektiewelik 35, 31 en 34 persent van die totale koste beloop het. Hierdie gegewens dui daarop dat elke kostekategorie ongeveer een-derde van die totale koste uitmaak.

As gevolg van 'n gebrek aan Suid-Afrikaanse gegewens was dit tot dusver onmoontlik om die gemiddelde produksiekoste van Suid-Afrikaanse wol te kon bereken. Onlangs is daar egter 'n opname deur die Suid-Afrikaanse Wolraad gemaak ten einde die gemiddelde inkomste en bemarkingskoste van wol vas te stel, wat die volgende waardevolle informasie verstrek:

Gemiddelde inkomste en koste van bemarking van wol van 308 produsente uit 14 distrikte van die Sentrale Karoo en die Kaapse Middellande.

| | |
|---|---|
| Gemiddelde prys per pond ... ... ... ... | 57.755 pennies |
| Wolheffing per pond ... ... ... ... ... | .578 pennies |
| Makelaarskommissie ... ... ... ... ... | .868 pennies |
| Hanterings- en opbergingskoste... ... ... | .138 pennies |
| Verpakkingsmateriaalkoste... ... ... ... | 1.140 pennies |
| Vervoerkoste : | |
| (a) Padvervoerkoste... ... ... ... | .120 pennies |
| (b) Spoorwegvervoerkoste... ... ... | .612 pennies |
| Ander bemarkingskoste, byvoorbeeld brandassuransiepremies, katalogusfooie ens. ... | .145 pennies |
| Totale bemarkingskoste ... ... ... ... | 3.601 pennies per pond. |

6) Die item „rente op die eienaar se kapitaal" sluit in die lopende kapitale waardes van die skape, grond en voorrade en nie net werklike kap. wat in die verlede belê is nie.

Opmerking : Die wolheffing is vir hierdie spesifieke jaar volgens 'n waarde-basis van 1 persent van die bruto waarde bereken. Gedurende die pas afgelope seisoen weer is die heffing volgens 'n gewigsbasis van drie-agste pennies per pond bereken. Die ander koste-items daarenteen is aan baie geringe veranderings onderhewig.

Samevattend moet opgemerk word dat alhoewel hierdie gegewens waardevolle informasie betreffende die bemarkingskoste verstrek, dit maar slegs 'n onderdeel vorm van die totale kostestruktuur. Omdat wol ons belangrikste landbouproduk is, is dit gebiedend noodsaaklik dat die produksiekoste-aspek ook ontleed moet word.

Omdat wol vandag met goedkoper kunsvesels moet meeding, wat in baie gevalle ook maar dieselfde doel dien as wol, word terdeë besef dat dit noodsaaklik is dat pogings aangewend moet word om die produksiekoste van wol te verlaag. Die volgende stappe word aanbeveel :

(a) Daar moet geboer word met die beste tipe skaap wat aanpas by die streek; dit wil sê, as die streek 'n skaap kan dra wat gemiddeld 9 pond wol in 12 maande kan lewer, is alle skape wat minder wol lewer, onekonomies en moet hulle dus plek maak vir die wat dit wel kan lewer.

(b) Dit is van die grootste belang dat die ooie jaarliks geklassifiseer moet word ten einde die ongewenste ooie met kort wolletjies, harige wol, slegte kwaliteit ensovoorts uit die kudde te verwyder.

(c) Goeie ramme moet altyd aangekoop word en sover moontlik by dieselfde ramteler, sodat die tipe behou kan word.

(d) Swak bestuur moet tot elke prys uitgeskakel word, want vrekte onder die vee en lae lammeroeste as gevolg van nalatigheid is verliese wat uiteindelik gedek moet word deur die skape wat oorbly.

(e) As gevolg van Suid-Afrika se uiters wisselvallige klimaat en veral reënval is dit essensieel dat daar gedurende die voorspoedjare voorsiening gemaak moet word vir tye van droogtes, waarmee Suid-Afrika in die toekoms nog altyd te kampe sal hê. Daar moet dus vroegtydig teen droogte bestande voergewasse aangeplant word, en voerreserwes vir tye van gebrek moet gedurig aangehou word. Verder is wintervoeding en verbeterde byvoeding ook essensieel.

(f) Die grond moet bewaar word deur middel van oordeelkundige beweiding, want dit beteken weer beskerming van gewasse en die dier. Vir voordelige beweiding van grond is kampe met water nodig.

(g) Veesiektes en die jakkalsplaag[7)] moet op die mees effektiewe wyse bestry word.

Hierdie sake is van die allergrootste belang by die verlaging van die produksiekoste van wol en kan deur elke wolprodusent toegepas word sonder dat daar juis veel addisionele moeite en inspanning geverg word.

Die aanbod is baie belangrik[8)] maar die aanvraag wat oneindig meer elasties is as die aanbod, speel net so 'n belangrike rol by die bepaling van wolpryse.

b. <u>Die vraag</u>.

Wol is 'n grondstof wat nie direk verbruik kan word nie. Die vraag na die grondstof bestaan nie direk uit die behoefte aan eersgenoemde nie maar uit die vraag na die voltooide

7) Die rooi-, draai- en maanhaarjakkals, die rooi- en wildekat en roofvoëls berokken Suid-Afrika jaarliks skade van honderd-duisende ponde. Ondanks die geweldige somme geld wat jaarliks in die Unie bestee word om die ongediertеplaag te bestry wil dit egter voorkom asof dit alles tevergeefs is. Omdat die beloningstelsel as metode van bestryding uitgedien skyn te wees, word op die oomblik navorsing gedoen by Putfontein, naby Bloemhof, waar gepoog word om 'n metode deur middel van wetenskaplike navorsing te vind vir meer effektiewe bestryding van hierdie ontsettende plaag.

8) 'n Droogte in Australië kan byvoorbeeld merinowolpryse in een seisoen soveel as 15 tot 25 persent laat styg.

goedere. Verbruikersvraag na wolgoedere en daarom indirek na ru-wol is 'n samegestelde vraag bestaande uit die behoefte aan die groot verskeidenheid van wolgoedere.

Daar bestaan verskillende faktore wat die jaarlikse verbruik van wolgoedere beïnvloed, byvoorbeeld verandering in die koopkrag en die algemene peil van sake-aktiwiteite, bevolkingsveranderings, gewoontes, modeveranderings wat nie alleen die algemene vraag na wolgoedere beïnvloed nie maar ook die vraag na spesifieke tipes, koste van wolklere in verhouding tot die koste van substituutprodukte en ander items op die individuele begroting, verbruikersvoorkeur, sentrale verwarming en verbeterde vervoerfasiliteite wat ten gevolg het die dra van somergewig klere, en advertensie.

Alhoewel klere een van die basiese benodigdhede uitmaak, is dit tog nie so belangrik as die voorsiening van voedsel en beskutting nie. Klerasie verteenwoordig dus 'n konsumpsiekategorie waar die bestedings binne 'n jaar skerper kan inkrimp of uitbrei as in die geval van enige ander noodsaaklike en absoluut essensiële behoefte.

In lande met 'n meer gematigde klimaat sal die wolkonsumpsie per capita en daarom die aanvraag relatief minder wees as in koue lande, wat onderhewig is aan groot klimaatsveranderings. Terselfdertyd sal 'n land met 'n hoër inkomste per capita neig om meer wol te verbruik as een met 'n laer individuele inkomste. Hierdie verwagtings is alleenlik waar tot op 'n sekere punt. Gerda Blau bewys dan ook dat die V.S.A. met die hoogste inkomste per capita gedurende die jare 1925 en 1935 (1,381 internasionale eenhede) tiende gestaan het op die lys van vernaamste wolverbruikers in die wêreld, terwyl België met die tiende hoogste inkomste per capita (600 internasionale eenhede) op drie na die belangrikste wolverbruiker in die wêreld was. Onderstaande tabel toon die belangrikste

wolverbruikende lande met hulle onderskeie inkomste per capita vir hierdie genoemde tydperk[9]:

| Land | Wolkonsumpsie per capita | Gemiddelde inkomste per capita. |
|---|---|---|
| Verenigde Koninkryk | 5.27 pond (skoon - gewig) | 1,069 (int.eenhede) |
| Nieu-Seeland | 4.65 | 1,202 |
| Australië | 4.63 | 980 |
| België | 4.55 | 600 |
| Swede | 3.55 | 653 |
| Frankryk | 3.52 | 684 |
| Switserland | 3.32 | 1,018 |
| Argentinië | 3.00 | 1,000 |
| Duitsland | 2.87 | 646 |
| Verenigde State van Amerika | 2.66 | 1,381 |
| Tsjeggo-Slowakye | 2.04 | 455 |
| Joego-Slawië | 1.74 | 330 |
| Japan | 1.26 | 353 |
| Italië | 1.22 | 343 |
| Hongarye | 1.12 | 359 |
| Pole | 0.99 | 352 |
| Rusland | 0.87 | 320 |
| Suid-Afrika | 0.83 | 276 |
| Indië | 0.20 | 200 |
| Sjina | 0.10 | 100 -120 |

Langtermyn- en grootskaalse veranderings in die vraag na wolgoedere wat verteenwoordig word deur ooreenstemmende veranderings in die wolpryse, kan uitsluitlik gemeet word in terme van die verandering in die aard van die aanvraag van die verskillende inkomstegroepe. In 'n land met 'n hoë inkomste per capita kan 'n vermeerdering in die wolverbruik per capita teweeggebring word alleenlik deur middel van 'n vergroting van die relatief onelastiese aanvraag by wyse van advertensie, nuwe uitvindings en ontwerpe, substitusie van ander materiaal deur wol ensovoorts. Die vermeerdering in

9) Gerda Blau: Wool in the World Economy, p.18.

die wolverbruik by die laer inkomstegroepe in dieselfde land kan alleenlik verwag word by 'n verhoging van die reële lone. Opsommend kan die posisie kernagtig soos volg saamgevat word: „Wool consumption in a country with a high real income will be most increased by attacking the most inelastic part of demand at the highest incomes, and making it more elastic, while in a poor country the most elastic demand must either be made proportionately more inelastic or wool must be really cheap in relation to the lower real income groups"[10].

Die konsumpsie van wolgoedere word verder beïnvloed deur die komeptisie van ander tekstielvesels. Die mate van substitusie vir enige spesifieke gebruik hang hoofsaaklik af van relatiewe pryse en kwaliteitseienskappe van die materiaal en die verbruikersvoorkeur. Substitusie in die woltekstielnywerheid is nie net beperk tot die vervanging deur ander materiaal nie, maar twee of meer tipes wol kan ook vir dieselfde gebruike aangewend word.

Die na-oorlogse gemiddelde konsumpsie van wol is ongeveer 15 persent groter as die wolproduksie[11]. Die gemiddelde vraag na fynwol is baie hoër as na enige ander tipe, aangesien 'n buitengewone vraag na beter klere en fyner tekstielgoedere bestaan. In die Verenigde State van Amerika, byvoorbeeld, was die verbruik van fynwol, dit wil sê met 'n spintelling van 60 en daarbo, gedurende die eerste ses maande van 1950 41 persent hoër as dié van dieselfde periode van die vorige jaar. Die konsumpsie van medium wol (spintelling van 50 tot 60) weer het 'n toename van 29 persent aangetoon. Die toename in die vraag na fynwol en beter kwaliteit goedere is 'n baie duidelike weerspieëling van die verbetering van die verbruikers se algemene ekonomiese posisie. Die konsumpsie van beter wol is ook baie opvallend in die lande wat gedurende die oorlog verplig was om gebruik te maak van minderwaardige

10) P. Nettl : „Some Economic Aspects of the Wool Trade" in Oxford Economic Paper, Vol. 4, No. 2, July 1952, p.192.
11) F. Eugene Ackerman: „Talk before the National Woolgrowers Convention" in Woolfacts, Dec. 1950, p.2.

materiale. Dit is nie alleen waar in die geval van Duitsland nie maar ook in die geval van Japan en Italië[12].

Uit die voorafgaande blyk duidelik dat weens die lae buigsaamheid van die wolaanbod in verhouding tot prysveranderings die korttermynveranderings in die aanvraag nie gebalanseer word deur korttermynveranderings in die produksie nie. Daarom word die volle uitwerking van die verandering in die intensiteit van die vraag weerspieël in wolprysskommelinge. Aan die ander kant kan die invloed wat pryse op die vraag uitoefen, kortliks soos volg saamgevat word : „The influence of wool price changes on demand is much less marked than the influence of changes in demand on wool prices"[13].

3. Slot.

Eindelik sien ons dus dat wolpryse ook maar net soos die prys van enige ander produk bepaal word deur die aanvraag en die aanbod. Ons merk ook dat die aanbod betreklik onelasties is en dat alhoewel pryse die aanbod oor die lang termyn wel in 'n sekere mate beïnvloed, die aanbod 'n veel groter invloed op pryse het. Dit wil egter nie sê dat 'n toename van die aanbod oor die lang termyn noodwendig 'n prysverlaging moet inhou nie, want dit kan 'n proporsionele vermeerdering in verbruik of effektiewe vraag teweegbring.

Wat die aanvraag betref, merk ons op dat dit uiters elasties van aard is - met ander woorde net die teenoorgestelde van die aanbod. As die vraag na wol sou afneem en die aanbod konstant bly, sal pryse in dieselfde verhouding daal as die afname in die aanvraag. As die publiek byvoorbeeld weier om wolgoedere teen heersende pryse aan te koop, sal alle wolgoedere uiteindelik teen verlaagde pryse van die hand gesit moet word. Die neiging bestaan egter vandag dat die publiek meer waarde aan wolgoedere heg as ooit voorheen en dat die vraag daarna 'n stygende tendens openbaar. Dit is

12) Idem, p.3.
13) Gerda Blau : Wool in the World Economy, p. 38.

'n gerusstellende teken vir almal wat in hierdie bedryf betrokke is, want die opkoms van die kunsvesel as mededinger van die natuurlike vesel het reeds by sommige persone sorg gewek.

-------

# HOOFSTUK VI.

## DIE BELANGRIKHEID VAN KUNSVESELS AS MEDEDINGER IN DIE WOLMARK.

### 1. Inleiding.

Mnr. F. Eugene Ackerman, die president van die Wolburo in New York, het onlangs gesê dat die wolmark vandag meer as ooit tevore uitgedaag word deur 'n groep sintetiese veselprodusente en „distributors who are engaged in the most extensive, most expensive and, ....... most intelligent sales promotion campaign ever seen in any of the textile industries"[1].

Alhoewel dit in sommige kringe algemeen aanvaar word dat die steeds opkomende kunstekstielveselnywerheid 'n groot bedreiging vir die wolbedryf inhou, kan dit nie sonder meer aanvaar word alvorens 'n analise van die toestand gemaak is nie. Voordat 'n objektiewe en nugtere mening uitgespreek kan word, is dit essensieel dat die opkoms van die kunsvesel as mededinger van wol vooraf geskets moet word.

### 2. Die opkoms van kunsvesels.

Sedert die begin van die beskawing gebruik die mensdom reeds vesels soos katoen, wol, sy en vlas vir tekstiel- en ander doeleindes, terwyl die gedagte om vesels self te vervaardig eers sedert die middel van die 17de eeu ontstaan het. Ten spyte hiervan is die menslike tekstielbehoeftes teen die einde van die 18de eeu deur 4 persent katoen, 18 persent linne en 78 persent wol bevredig.

In 1889 het Chardonnet met die vervaardiging van die eerste vesel, naamlik rayon, groot opspraak binne die wetenskaplike wêreld verwek. Rayon is toe vir die eerste keer op kommersiële skaal vervaardig uit nitrosellulose, en hierdie ontdekking het as spoorslag gedien vir die uiteindelike ont-

1) Vergelyk Die Wolboer, „The Key to the Future", Jaargang 6, No. 10, Mei 1953, p.1.

dekking van die kuprammonium-viskose- en asetaatproses[2].

Op die oomblik word nie minder as vyf tipes kunsvesels vervaardig nie, naamlik a. sellulose- b. proteïen- c. alginaat- d. glas- en e. sintetiese vesels[3].

a. Sellulosevesels: Hierdie vesels bestaan uit drie belangrike tipes, naamlik, viskose-, asetaat- en kuprammonium-vesels, wat almal bekend staan onder die naam rayon. Rayon word vervaardig uit houtpap of katoenpluis en is vandag verreweg die vernaamste kunsvesel.

Vanaf die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het rayon 'n relatiewe voordeel bo wol en katoen gehad, aangesien dit heelwat goedkoper was. In verband met die prysverwantskap skryf die Rayon Revue soos volg : „Daar is een belangrike voordeel wat nie onderskat moet word nie, naamlik dat enige land, afgesien van watter klimaat ookal, rayon met 'n on-onderbroke aanbod kan produseer, aangesien rayon nie soos katoen afhanklik is van oeste of ekonomiese of politieke toe-stande nie. Verder beskou die meeste vervaardigers die groter prysstabiliteit as 'n werklike groot voordeel"[4].

Die opkoms van wolsubstitute is 'n faktor wat die wol-verbruik in 'n sekere mate beïnvloed. Omdat die karakteris-tieke eienskappe van rayon totaal anders is as die van wol, kan dit nie gebruik word as 'n substituut by die vervaardiging van artikels met 'n „wolkarakter" nie, maar dit het tog daarin geslaag om wol in sekere damesklere te vervang. Hierdie ver-skynsel is verder beïnvloed deur die neiging om van ligter klere gebruik te maak „and especially in the field of woman's wear, by the greater demand for variety which tends to lessen the importance of derability"[5].

b. Proteïenvesels: Van al die proteïene waarmee daar tot dusver geëksperimenteer is, het slegs vier aan kommersiële

2) Vergelyk The S.A. Standards Bulletin, „Sal kunsvesels wol vervang?" Augustus 1951, pp. 298 - 305.
3) Idem.
4) Vergelyk Wool Record and Textile World, December 1952, p.2007
5) Gerda Blau: Wool in the World Economy, p. 21.

vereistes voldoen, naamlik melkkaseïen, die seïen van mielies en die proteïene van sojaboontjies en van grondboontjies.

Die proteïenvesel, „Caisein", is in 1935 deur Ferritti in Italië ontdek. Dit word vervaardig uit die kaseïen van afgeroomde melk.

„Vicara", 'n ander belangrike proteïenvesel, word weer vervaardig uit die plantaardige proteïenseïen wat in mieliegluten voorkom. Na bewering is hierdie vesels bestand teen alkalies en is sterk te midde van vogtigheid. Uit die plantaardige proteïen van grondboontjies word die „Ardilvesel" vervaardig.

c. Alginaat-vesels : Hierdie tipe verteenwoordig 'n klein groepie vesels wat vervaardig word uit algiensuur, wat uit sekere soorte seewiere verkry word.

d. Glasvesels: Die produksie van hierdie vesels uit gesmelte glasalbasters is maar baie gering en word gebruik vir isoleringdoeleindes in die elektriese bedryf.

e. Sintetiese vesels: Dit is vesels wat uit ander as natuurlike bronne vervaardig word. Alhoewel die produksie hiervan nie lank gelede nie die kommersiële stadium bereik het, bestaan daar nogtans 'n groot verskeidenheid van hierdie vesels, met nylon as die belangrikste van hierdie groep.

Die vernaamste sintetiese vesels is onder andere die volgende : (1) poliamiedvesels, (2) poliëstervesels, (3) aknielharsvesels en (4) vinielharsvesels.

(1) Poliamiedvesels: Die soort vesels word deur nylon verteenwoordig, waarvan die vernaamste tekstieleienskappe die volgende is : Dit besit 'n egalige hoë treksterkte, buitengewone hoë elastisiteit, bestand teen wrywing, lae vogabsorpsie en vinnige droging en die vermoë om vinnig styf te word.

Met die produksie van nylon (hoofsaaklik gemaak uit steenkool en stikstof) is 'n begin gemaak kort voor die uitbreek

van die Tweede Wêreldoorlog. Aangesien 'n „woltipe"-nylon ook geproduseer kan word, dui dit daarop dat die mededinging daarvan nie langer meer net gemik gaan wees teen sy- en rayonprodukte nie maar dat dit ook 'n bedreiging vir wol kan word.

(2) Poliëstervesel: Hierdie tipe vesel staan in Groot-Brittanje bekend as „Terylene" en in Amerika as „Dacron". Materiaal wat hieruit gemaak word, besit onder andere die volgende belangrike tekstieleienskappe : Dit kreukel nie maklik nie, afgesien van die feit of dit droog of nat is, hou 'n duidelike plooi vir 'n onbepaalde tyd, het 'n goeie treksterkte en is bestand teen wrywing, krimp nie en hoef nie gestryk te word nie. As gevolg van hierdie besondere eienskappe beskou sommige wetenskaplikes hierdie kunsvesel as 'n sterk mededinger vir wol.

(3) Aknielharsvesels: Die naam wat in die V.S.A. aan hierdie vesels gegee is, is „Orlon". Dit is ligter as wol en nogtans warmer, en aangesien dit vooraf gekrimp word, kan die materiaal herhaaldelik gewas word sonder dat dit sy fatsoen of grootte verloor. Verder is dit besonder bestand teen sonstrale en buitelug en word dit weer netjies glad onmiddellik nadat dit erg gekreukel is.

Op grond van hierdie besondere eienskappe en ook lae prys het die Pastoral Review op een stadium verklaar dat dit nie meer lank sal duur voordat hierdie kunsvesel 'n baie ernstige mededinger vir die Asutraliese wolkwekers sal word nie.

(4) Vinielharsvesel: 'n Nuwer vinielharsvesel as die „Vinyon" onder die naam „Dynel" het in die V.S.A. op die mark verskyn. Dit is 'n sterk en warm vesel met 'n natuurlike sagtheid en veerkrag en krimp minder as 1 persent wanneer dit gewas word.

Afgesien van die waardevolle fisiese eienskappe van die

genoemde vesels beskik dit oor 'n ekonomiese eienskap wat wol oortref, naamlik dat dit oor die kort termyn 'n meer stabiele pryshoogte besit. Die verskynsel moet in 'n groot mate toegeskryf word aan die feit dat die produksie van 'n fabrieksproduk baie makliker oor 'n kort periode aangepas kan word by die behoeftes, terwyl die produksie van 'n landbouproduk soos wol baie minder elasties is en afhanklik is van verskillende faktore buite die beheer van die produsent. Verder moet ook onthou word dat die prysnoterings van sintetiese vesels in die verlede gemaak is deur 'n relatiewe klein aantal grootskaalse fabrikante, terwyl die wolpryse op die vrye mark soms die resultaat is van groot markskommelings. Die relatiewe hoë mate van prysstabiliteit by „substituutvesels" dra baie by tot die wenslikheid om korttermynwolprysskommelinge uit te skakel.

Professor T.G. Hunter, hoof van die afdeling chemiese ingenieurswese aan die Universiteit van Sydney, het onlangs 'n duistere toekoms vir die wolbedryf voorspel. Volgens hom staan die wolbedryf teenoor die nuwe kunsvesels presies net soos die sybedryf dertig jaar gelede teenoor rayon gestaan het. Net soos die voordele van rayon bo sy die oorsake van die ondergang van die sybedryf was, net so sal die voordele van die kunsvesels bo wol die ondergang van die wolbedryf wees[6].

Kompetisie vir die wolbedryf is hoofsaaklik afkomstig van die chemiese nywerhede van die V.S.A., wat uit 10,000 Maatskappye bestaan met ongeveer 650,000 werknemers in diens. Aangesien die V.S.A. een van die wêreld se grootste wolverbruikers is, is dit ook uiters gewens om die invloed van kunsvesels op die wolverbruik in hierdie land na te gaan.

Statistieke saamgestel deur mnr. C.H. Bethell, lid van die Nieu-Seelandse Wolraad, toon 'n groot toename in die produksie en verbruik van kunsvesels in die V.S.A. gedurende

6) Vergelyk Koöperasie, „Wat is die toekoms van wol?", Mei 1953, p. 5.

die afgelope paar jaar wat in 'n groot mate toegeskryf moet word aan die hoë wolpryse[7].

Omdat die V.S.A. maar 'n baie klein en beperkte gedeelte van sy eie wolverbruik produseer, is hy hoofsaaklik vir sy behoeftes van invoere afhanklik. Daarom is dit dan ook vanselfsprekend dat dit baie simpatiek teenoor die vervaardiging van kunsvesels staan. Hi̮rbenewens moet ook in aanmerking geneem word dat die Amerikaanse verbruiker hom gewoonweg nie aan duursaamheid steur nie.

By nadere beskouing van hierdie statistieke blyk dat die V.S.A. gedurende 1946 ongeveer 738 miljoen pond gewaste wol verbruik het teenoor 684 miljoen pond kunsvesels. In 1951 daarenteen was die verbruik van gewaste wol 479 miljoen pond teenoor 'n produksie van 1,171 miljoen pond kunsvesels[8]. 'n Verdere raming dui daarop dat kunsvesels in 1960 nagenoeg 2,000 miljoen pond sal beloop en dat die masjinerie reeds beskikbaar is om dit te kan produseer.

Volgens mnr. Bethell het die jongste betroubare syfers, Junie 1952, die volgende vergelykende kostesyfers per pond aangegee : Wol (64/70's) op die Boston-mark $1.29, „Orlon" $1.90, „Dacron" $1.80 en „Nylon" $1.75. Dit beteken dat die prys van wol nog laer.was as die prys van hierdie kunsvesels. Hierdie verskynsel moet toegeskryf word aan die feit dat die omvang van die produksie van kunsvesels relatief kleiner is as dié van wol. Dit tesame met baie hoë navorsingskoste aan die begin beteken 'n hoër produksiekoste per eenheid in die geval van kunsvesels. Ten einde 'n goeie indruk te kry van die geweldige kapitaalbesteding in verband met navorsing kan verwys word na Du Pont, wat gedurende die vier jaar voor die produksie van nylon op kommersiële skaal 'n bedrag van 80 miljoen dollars daaraan bestee het. Hierdie onkoste moet tog

7) C.H. Bethell : „Synthetics and Wool Competition in U.S.", 29 Mei 1953.
8) Gedurende 1951 het die wolverbruik per capita in die V.S.A. met meer as 25 persent gedaal, terwyl die verbruik per capita van kunsvesels, op rayon na, met 40 persent toegeneem het.

immers gedelg word, en as die duur produksieprosesse van die meeste kunsvesels in berekening gebring word, is dit voor die hand liggend dat die pryse van die meeste kunsvesels op die oomblik hoër moet wees as die van die natuurlike vesels. Namate produksie van kunsvesels uitbrei, sal die produksiekoste per eenheid ook daal.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat kunsvesels deur 'n ongekende vooruitgang in die V.S.A. gekenmerk word, en aangesien die V.S.A. vandag 'n leidende rol speel in die wêreldekonomie, vloei daaruit voort dat 'n toename in die verbruik van kunsvesels in die V.S.A. 'n groter verbruik vir die res van die wêreld beteken. Produsente van kunsvesels besef die groot deugde en byna onoortreflike eienskappe van wol, en daarom word daar steeds gepoog om 'n kunsvesel te vervaardig met al die eienskappe van wol.

3. Die voortreflike eienskappe van wol.

Die vernaamste van die „wonderbaarlike eienskappe" van wol kan onder die volgende hoofpunte saamgevat word[9]:

a. Wol is 'n natuurlike veldekking: Omdat wol bedoel is as natuurlike beskermer en bedekking van die skaap, is dit vanselfsprekend dat dit aan hierdie funksie van dekking en beskerming sal voldoen.

b. Wol is lig : Die gewig van die wolvesel is ligter as dieselfde hoeveelheid van enige ander vesel. Moderne modes vereis ligte fabrikate, en vanuit enige ander standpunt gesien, is dit baie voordelig dat klere lig moet wees.

c. Wol behou hitte: Wol se hittegeleidingsvermoë is laer as enige ander tekstielvesel. Dit wil sê, wol behou sy hitte beter as enige ander tekstielmateriaal. Die oorsaak vir hierdie verskynsel is natuurlik dat die wolfabrikaat, soos ook die uit ander dierevesels, meer lug deur middel van sy struktuur bewaar. Die lug binne die fabrikaat verskaf die

9) Vergelyk Bulletin of the British Research Association for Woolen and Worsted Industries, Vol.1, No.4, 19 Mei 1930, pp.46-52.

nodige isolasie-eienskappe.

d. <u>Wol absorbeer vog</u> : Wol absorbeer nie alleen meer vog as enige ander tekstielvesel nie maar behou dit ook langer. Om hierdie rede besit wolmateriaal nooit daardie klam gevoel wat so dikwels by katoen en kunsmatig vervaardigde sy ervaar word nie. Die klammigheid word veroorsaak deur die kondensasie van vog van die liggaam, wat die tekstielmateriaal geleidelik deurweek.

e. <u>Wol skep hitte</u> : Die aangename warm gloed wat 'n wol kledingstuk veroorsaak wanneer dit aangetrek word, is by almal baie bekend. Hierdie unieke eienskap word toegeskryf aan die vermoë van droë wol om hitte op te wek wanneer dit in aanraking met vog gebring word. Wetenskaplik is bewys dat 'n pond droë wol wat natgemaak word, in staat is om 'n pond water tot 43 grade F. te verhit.

f. <u>Hoë elastisiteit</u> : Wanneer wol natgemaak word, kan dit 70 persent van sy oorspronklike lengte uitrek en kan dan weer terugkeer tot sy oorspronklike lengte. Geen kunsvesel is hiertoe in staat nie, en dit is juis hierdie eienskap wat wol die mees waardevolle grondstof vir die tekstielnywerhede gemaak het.

g. <u>Sterkte</u> : Die spankrag van wol onder normale omstandighede is 17 ton per vierkante duim, wat presies dieselfde is as dié van smeedyster. Die volgende tabel vergelyk die syfers van verskillende metaaldrade en wol :

| Materiaal | Spankrag per vierkante duim. |
|---|---|
| Wol ... ... ... ... ... | 17 ton. |
| Koperdraad, getemper.. ... | 18 ton. |
| Goue draad.. ... ... ... | 17 ton. |
| Alluminiumdraad.. ... ... | 12 ton. |
| Silwerdraad. ... ... ... | 19 ton. |

h. <u>Duursaamheid</u> : Wetenskaplike toetse vir die duursaamheid van wol is baie moeilik uitvoerbaar, maar die dra-eienskappe van wol is baie bekend. Sterkte en duursaamheid is twee paralelle eienskappe, en die groot sterkte van wol is reeds bespreek. Wetenskaplikes in Duitsland het verskillende stowwe getoets onder dieselfde omstandighede en hulle bevindings was die volgende :

| | Tydperk van blootstelling om sterkte tot helfte van die oorspronklike te verminder. |
|---|---|
| Sy ... ... ... ... ... | 200 uur. |
| Jute.. ... ... ... ... | 400 uur. |
| Rayon (kunsmatige sy) ... | 900 uur. |
| Katoen ... ... ... ... | 940 uur. |
| Vlas.. ... ... ... ... | 990 uur. |
| Hennep ... ... ... ... | 1,100 uur. |
| Ru-wol ... ... ... ... | 1,200 uur. |
| Chroom-wol ... ... ... | 1,920 uur. |

Uit bogenoemde ontleding blyk dus dat wol duursamer is as enige ander tekstielvesel.

i. <u>Natuurlike sagtheid en glans</u> : Die natuurlike glans wat wol besit, is meer bevredigend as die kunsmatige helderheid van sintetiese produkte. Die sagtheid van wol oortref ook baie ander tekstielmateriale.

Op grond van hierdie voortreflike eienskappe van wol kan ons dus die gevolgtrekking maak dat daar op die oomblik geen waardige plaasvervanger vir wol bestaan nie maar dat „the production of synthetics on an increasing scale must be regarded as an important factor affecting the future of wool"[10].

Terwyl professor Hunter aan die een kant 'n duistere toekoms vir die wolbedryf voorspel, is dr. M. Lipson, hoof van die woltekstielnavorsingslaboratoria te Geelong, aan die

10) Gerda Blau : Wool in the World Economy, p. 23

ander kant weer die mening toegedaan dat wol wel deeglik die aanslae van die kunsvesels kan verduur. Om sy argumente te staaf haal hy die volgende produksiesyfers aan (alle syfers in miljoene ponde)[11]:

| Jaar | Wol (Gewas). | Katoen | Sy | Kunsvesels | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1920 | 1,780 | 9,850 | 46 | 33 | 11,709 |
| 1951 | 2,440 | 15,730 | 44 | 4,218 | 22,432 |

Hieruit maak hy die volgende gevolgtrekkings :

(1) Die wêreldproduksie van byna alle vesels het verdubbel binne 'n tydperk van ongeveer 30 jaar.

(2) Die toename in die produksie moet toegeskryf word aan die steeds toenemende tekstielbehoeftes van die mensdom met 'n normale aanwas van 20 miljoen mense per jaar.

(3) As gevolg van die groot aanwas van die bevolking sal alle beskikbare tekstielmateriale 'n sterk vraag geniet.

(4) Om in die tekstielbehoeftes van die mensdom in die toekoms te kan voorsien sal die produksie van kunsvesels nog baie moet toeneem.

(5) Katoen is verreweg die vernaamste vesel, terwyl wol slegs vir omtrent 10 persent van die wêreld se veselproduksie verantwoordelik is.

(6) Nuwe kunsvesels sal steeds met wol vermeng word in 'n poging om materiale te lewer met beter eienskappe as óf suiwer wol- óf suiwer kunsveselmateriaal.

(7) Ten spyte van die geweldige toename van kunsvesels, veral rayon, is dit opmerklik dat die sybedryf slegs 'n klein vermindering in produksie aantoon[12].

(8) Die toekoms van die wolbedryf is goed, en die vraag na wol is vandag net so sterk as ooit tevore.

11) Vergelyk Koöperasie, Mei 1953, p. 5.
12) Sy kon nie tred hou met die vermeerdering in die aanvraag om tekstiele nie. As die kunsvesels nie bestaan het nie, sou sy nogtans nie in die behoefte kon voorsien wat vandag deur rayon voorsien word nie.

Opmerkings.

Myns insiens raak dr. Lipson die kern van die toekoms van die wolbedryf met gevolgtrekkings (2), (3), (4), (5) en (8), maar wat punt (6) betref, sou ek graag op die volgende wou wys : Vermenging vind vandag plaas met goedkoper kunsvesels, maar sodanige vermenging lei tot groot tegniese probleme, in besonder by spin en kleuring, wat in 'n groot mate die besparing as gevolg van vermenging kanselleer.

Soms word daar ook geargumenteer dat 'n toename in vermenging van wol met kunsvesels uiteindelik sal lei tot 'n vermeerdering van die totale verbruik van wol teen laer pryse. Wetenskaplike berekening het egter aan die lig gebring dat wolvermenging met „substitute" van 'n laer prys nie meehelp om die kleinhandelspryse van die voltooide produkte sodanig te verlaag dat dit die vraag daarna so laat toeneem dat vir die verlies van wolverbruik vergoed kan word nie. Of hierdie laer kleinhandelsprys vir die verbruikers groter voordele inhou, sal afhang van hulle waardasies van die verskillende tekstielgoedere by verskillende gebruike. Verbruikers moet egter ten volle in die geleentheid gestel word om te kan kies op 'n basis van genoegsame informasie betreffende die veselsamestelling van die goedere wat hulle koop.

'n Ondersoek in die V.S.A. het aan die lig gebring dat 62 persent van die 1,100 grootste kleinhandelsake die mening toegedaan is dat 'n suiwer wolpak 'n beter belegging vir hulle klante is as pakke wat gemaak is van gemengde vesels. Volgens hierdie ondersoek het ook aan die lig gekom dat die hoeveelheid suiwer wolpakke wat verkoop is, ook nie afgeneem het nie. Verder het die V.S.A. se Wolburo vasgestel dat 95.9 persent van die pakke klere voorhande van suiwer wol vervaardig is; gemengde materiaal het slegs 4.1 persent beloop[13].

Hiermee wil egter nie tekenne gegee word dat wolvermenging met kunsvesels nie uiteindelik ook in staat is om 'n

13) Vergelyk Koöperasie, Februarie 1953, p. 4.

**HOEVEELHEDE MATERIAAL GEBRUIK BY KLEDING, KLERE EN HOEDE-MAKERY, 1945/1946 tot 1949/1950.**

**A. GEBREIDE STUKGOEDERE.**

(1,000 jt.)

| Jaar | Suiwer wol en wol-mengsels | Persen-tasie van totaal | Rayon | Persen-tasie van totaal | Katoen | Persen-tasie van totaal | Rayon en Katoen.-mengsels | Persen-tasie van totaal | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945/46 | 45 | .68 | 2,688 | 40.41 | 3,648 | 54.85 | 270 | 4.06 | 6,651 |
| 1946/47 | 112 | 1.23 | 3,471 | 38.21 | 5,249 | 57.79 | 251 | 2.77 | 9,083 |
| 1947/48 | 90 | .90 | 4,178 | 41.69 | 5,483 | 54.71 | 271 | 2.70 | 10,022 |
| 1948/49 | 57* | 1.35 | 1,820* | 43.07 | 1,979* | 46.83 | 370* | 8.75 | 4,226* |
| 1949/50 | 18* | .30 | 2,965 | 49.20 | 2,836 | 47.06 | 207* | 3.44 | 6,026 |

* Uitgedruk in 1,000 pd.

## B. ANDER STUKGOEDERE.

(1,000 jt.)

| Jaar | Suiwer wol | Persentasie van totaal | Wolmengsels | Persentasie van totaal | Rayon | Persentasie van totaal | Katoen | Persentasie van totaal | Rayon & katoenmengsels | Persentasie van totaal | Ander | Persentasie van totaal | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1945/46 | 4,136 | 8.01 | 3,945 | 7.64 | 4,425 | 8.57 | 35,793 | 69.34 | 2,111 | 4.09 | 1,213 | 2.35 | 51,623 |
| 1946/47 | 4,825 | 8.98 | 5,058 | 9.31 | 5,276 | 9.71 | 35,547 | 65.44 | 2,206 | 4.06 | 1,410 | 2.60 | 54,322 |
| 1947/48 | 5,700 | 9.25 | 5,735 | 9.31 | 6,501 | 10.55 | 38,464 | 62.40 | 3,937 | 6.39 | 1,295 | 2.10 | 61.632 |
| 1948/49 | 6,636 | 9.11 | 6,161 | 8.46 | 11,156 | 15.32 | 40,707 | 55.88 | 6,283 | 8.63 | 1,898 | 2.60 | 72.841 |
| 1949/50 | 5,382 | 7.73 | 5,961 | 8.56 | 15,164 | 21.77 | 35,849 | 51.47 | 5,198 | 7.47 | 2,093 | 3.00 | 69.647 |

beter stof te lewer as die van suiwer wol nie. As gevolg van die hoër skuurweerstand van byvoorbeeld nylon word dit gebruik om wolsokkies sterker te maak deur hulle by die hak en toon met nylon te versterk. Op grond hiervan kan ons die gevolgtrekking maak dat sommige kunsvesels wol op die oomblik eerder aanvul as vervang.

Ten einde 'n duidelike beeld te kry van die hoeveelhede vernaamste materiaal wat gebruik word by kleding, klere- en hoedemakery word die bygaande tabelle verstrek, wat aantoon ook die mate waarin vermening plaasvind. Uit tabel A blyk dat katoen vir die vervaardiging van gebreide stukgoedere die vernaamste vesel was tot 1948/49 met rayon as die tweede. Die leierskap van katoen is in 1950 deur rayon oorgeneem. Omdat rayon vandag so 'n gewilde vesel is, kan aangeneem word dat die verbruik daarvan nog verdere hoogtes sal bereik. Opvallend ook by hierdie afdeling is die voorkeur wat die rayon-kantoen-mengsel geniet. In tabel B is katoen die vernaamste vesel, met rayon kort op die hakke. Kenmerkend is ook hier die vooruitgang wat laasgenoemde gemaak het ten koste van katoen. Wat vermenging betref, is die wolmengsels hier die vernaamste.

Mnr. J.L. McHardy, besturende direkteur van die ontbinde Suid-Afrikaanse Wolafsetorganisasie (S.A.W.A.O.), het ook in antwoord op die mening van professor Hunter die volgende opgemerk : „Similar and even more extravagant claims for substitutes have been made in the past, whilst the superposition of the durability and many characteristics of wool has remained unchallenged......... Substitutes for diamonds, karakul pelts, etc., have been announced from time to time but the industry remains uneffected, and so will it be where claims are made regarding substitutes for wool"[14].

14) J.L. McHardy : "Threat to wool no cause for sleepness nights", in Evening Post, 2nd August, 1950.

4. Stappe wat gedoen kan word om die kompetisie van die kunsvesels tot 'n minimum te beperk.

Uit die voorafgaande het duidelik geblyk watter fenomenale vooruitgang gemaak is en nog steeds gemaak word deur die produsente van kunsvesels. Onder andere is ook daarop gewys dat alhoewel die bestaande kunsvesels nie aan al die eienskappe van wol voldoen nie, dit tog daarin geslaag het om wol in sekere damesklere te vervang. Om hierdie probleem van kompetisie op die doeltreffendste wyse te bekamp is dit gebiedend noodsaaklik dat 'n gesamentlike optrede moet uitgaan van al die „wolmense", dit wil sê produsente sowel as fabrikante.

Gesamentlike optrede kan wel op die volgende wyses geskied :

a. Wolnavorsing en

b. advertensie- en propagandaveldtogte.

a. Wolnavorsing: Wetenskaplikes is die mening toegedaan dat doeltreffende en intensiewe navorsing in verband met die verbetering van die wolgehalte en bestryding van veesiektes tans noodsaakliker geword het as ooit tevore. Jaarliks word miljoene ponde bestee aan navorsing ten opsigte van kunsvesels, met die gevolg dat wolnavorsing alreeds in sekere opsigte 'n agterstand het om in te haal.

Die erns van die saak word deur al die instansies besef, en daarom soek wolnavorsingsinstitute dwarsdeur die wêreld na nuwe metodes om die gehalte van die wol te verbeter. In Suid-Afrika word wolnavorsing by Onderstepoort en Grootfontein gedoen. Ten einde navorsing op 'n groter skaal te kan aanpak moet meer geld vir hierdie belangrike saak beskikbaar gestel word[15].

Ten opsigte van navorsing sê mnr. Bethell die volgende : „If we are to keep wool at the top of the tree as the best fibre for textiles then we must go on spending money and more

15) Aan navorsing in die Unie word vandag £18,000 per jaar bestee.

money....... We for our part should be prepared to expend at least 1 per cent of our income to keep out product, the best textile yet produced"[16]. Dit beteken dat as die wolkwekers van die drie dominiums 1 persent van hulle totale inkomste vir Maart 1952 aan navorsing sou bestee het, dit 'n bedrag van £3,500,000 sou beloop het.

b. Advertensie- en propagandaveldtogte : Die grootste persentasie van die wêreldbevolking glo vandag aan opvoeding, en as advertensies opvoedkundige waarde besit wat aan die publiek nuwe feite bring in verband met die eienskappe van wol, sal hulle dit waardeer. Sommige glo dat 'n vermenging van wol en katoen sterker kledingstowwe lewer as byvoorbeeld dié wat uitsluitlik van wol vervaardig is. Verder is dit by hulle onbekend wat die etikette „Pure Wool", „All Wool" of „Wool-cotton Mixture" beteken; ook of daar ligter en fyner wol bestaan wat nie die vel irriteer nie en of daar enige wol-kledingstowwe bestaan wat nie krimp nie[17].

Volgens dr. Zweig kan die beste resultate met wolpropaganda verkry word wanneer dit toegespits word op die jeug van tussen 18 en 30 jaar, aangesien hulle ongeveer twee maal soveel koop as die middel-ouderdomsgroep en baie meer as die nog ouer groep. Hulle motiewe by aankope staan glad nie in verband met gesondheid, beskerming of gerief nie maar is alleenlik op deftigheid toegespits - 'n verskynsel wat grotendeels by dames aanwesig is. Die „leitmotiv" by woladvertensie moet daarop gemunt wees om dames sowel as mans se aandag te vestig op die duursaamheid en deftigheid van suiwer wolklere bo dié van katoen of rayon[18].

Navorsing het verder ook aan die lig gebring dat dames van wolmateriaal hou mits dit kleurvol, lig in gewig en lugtig is en 'n sagte tekstuur besit. Dit is belangrik om die

16) C.H. Bethell: „Synthetics and Wool Competition in U.S.", p. 4.
17) Dr. F. Zweig: The clothing habits of the working classes, July, 1947, p.19.
18) Idem, p. 20.

publiek se aandag daarop te vestig dat daar wel sulke wol-materiaal verkrygbaar is.

Die gesegde „You are born in wool and die in wool", behoort die slagspreuk te wees by die advertensie van wol by kinders en ou mense.

Om bogenoemde redes is dit belangrik dat opvoedkundige„ veldtogte van stapel gestuur word, beginnende by die kinder- en jeuggroepe. Ook sal dit lonend wees om stukkies materiaal aan skole te stuur vir distribusie onder die kinders.

5. Slot.

Gedurende die jongste tyd is daar veel publisiteit gegee aan kunsvesels wat as plaasvervangers vir wol bestempel is. Maar omdat „synthetic fibres are so totally inferior to wool in its essential qualities"[19], is dit duidelik waarom die groot verskeidenheid kunsvesels nog nie daarin geslaag het om wol te vervang nie.

Omdat die wêreldbevolking vinnig toeneem en die produksie van wol betreklik onelasties is, is dit vanselfsprekend dat die kunsveselproduksie, wat elasties van aard is, sal toeneem ten einde in die tekstielbehoeftes van die wêreld te kan voorsien. Namate die produksie verder toeneem, sal die eenheidskoste ook daal. Op die oomblik is kunsvesels reeds 'n bedreiging vir wol ten opsigte van sekere dameklere, en as die prys van kunstekstielgoedere vir die verbruiker gunstiger word, kan ons wel verstaan dat die kompetisie sterker sal word en selfs 'n nadelige uitwerking op die verbruik van wol sal hê.

Ten spyte van hierdie moontlike bedreiging bestaan daar geen rede waarom die wolboere die toekoms nie met vertroue tegemoet kan gaan nie. Hulle moet voortgaan met die verbetering en uitbreiding van hulle kuddes, sodat wolproduksie

19) T. Cordes verwys in sy artikel, „Synthetic Fibres, no real Threat to Wool", in Daily Dispatch, 8.5.1952, na hierdie uitspraak van J.H. Devereaux.

kan toeneem[20]; verbruikers moet ingelig word oor die goeie deugde en eienskappe van wol, terwyl navorsing aan die verskillende navorsingsinstitute verder uitgebou moet word. As hierop gelet word kan wol, wat die wêreld vir die afgelope 5,000 jaar gedien het nie tot 'n antieke oudheid verval nie"[21].

20) Mnr. C.H. Bethell is daarvan oortuig dat „the greatest deterrent to the man-made fibre is an expanding supply of wool".

21) J.C. de Klerk : „Is wol opgewasse teen kunsvesels?" in Pro Patria, September 1949, p.35.

# HOOFSTUK VII.

## DIE TOEKOMS VAN DIE WOLBEDRYF EN WOLVERWERKING IN SUID-AFRIKA.

### 1. Inleiding.

Omdat die wolmark so uiters gevoelig is, is dit baie moeilik om te voorspel wat die toekoms vir die hele wolbedryf inhou. Aangesien wol een van die belangrikste grondstowwe is in die internasionale handel, hang die toekoms daarvan ook in 'n groot mate af van internasionale handelsooreenkomste, finansiële toestande en politieke spanninge oor die hele wêreld. Nietemin klink die aandurwing van so 'n onderwerp as die toekomsbepaling van so 'n sensitiewe bedryf baie ambisieus. Tog is die nodig om op 'n paar belangrike tendense in hierdie verband te wys.

### 2. Moontlikhede van die aanbod.

Wanneer ons oorgaan tot die bespreking van die produksie of die aanbod oor die lang termyn is dit essensieel om die probleem vanuit verskillende gesigspunte te benader.

Omdat merinowolproduksie gebaseer is op ekstensiewe landgebruik, is dr. F.J. Cronje die mening toegedaan dat 'n toename van die bevolking en 'n gevolglike groeiende vraag na voedsel die oorsaak sal wees dat die merinoboerdery geleidelik vervang sal word deur meer intensiewe boerderymetodes, soos byvoorbeeld die produksie van vleis en graan. Om hierdie rede sê hy het eertyds belangrike wolproduserende lande soos Duitsland, Nieu-Seeland en Argentinië die merino met vleisskape en -beeste vervang[1].

Hierteenoor moet ons egter in gedagte hou dat die aard van die merinostreke wel deeglik in aanmerking geneem word en die belangrike vraag beantwoord moet word, naamlik of intensiewe boederymetodes wel die merinoskaap in sy streek in Suid-Afrika kan vervang. In die Karoo is 'n intensiewe

1) Dr. F.J. Cronje: „Wool in the South African Economy" in The South African Journal of Economics, Junie 1949, Vol. 17, No. 2, p.132.

boerderystelsel byvoorbeeld heeltemal onmoontlik, en daarom is dit sterk te betwyfel of die belangrikste wolproduserende streke in die Unie aangewend kan word vir intensiewe boerderymetodes.

Soos reeds aangetoon, word die drakrag van die droë gebiede as gevolg van gronderosie steeds minder, en daarom moet die wetenskap alles in sy vermoë doen om hierdie dreigende gevaar die hoof te bied.

Die Wetenskaplike Navorsingsorganisasie van Australië is van mening dat die navorsing wat vandag deur hulle gedoen word ten opsigte van mineraaltekorte in die grond, dit uiteindelik moontlik sal maak om die skaapgetalle van Australië te verdubbel. Volgens dr. Davies, wat hierdie navorsingsinligting aangekondig het, sal navorsing dit in die vooruitsig stel om 340 miljoen acres onvrugbare en onontwikkelde grond vir skaapboerdery te ontgin. In die suidoostelike deel van Suid-Australië, waar die drakrag voorheen een skaap per 20 acre was, is die drakrag deur middel van die aanvulling van spoorminerale, byvoorbeeld superfosfate en sink, verhoog tot 2 skape per acre. Dit wil dus voorkom of dit praties wel moontlik is om die drakrag ook deur middel van spoorminerale aansienlik te verhoog.

Omdat die boer sy grond se vrugbaarheid self kan verbeter deur middel van die toediening van die mineraaltekorte, is navorsers in die Unie tans ook besig om 'n kaart op te stel wat die mineraaltekorte in verskillende dele van die Unie weergee.

Die Suid-Afrikaanse gronde het oor die algemeen 'n geweldige fosfaatgebrek. Daarom dan ook dat daar reeds verskillende vervaardigers van fosfaatbyvoeding ontstaan het, waarvan Unie Industriële Chemikalieë (Edms.) Beperk een van die vernaamste is. Hierdie gevestigde onderneming is in 1952 deur die K.W.B. aangekoop om in die beenmeelbehoeftes van die

Hiermee het die Grasveld Merinogenootskap opnuut weer getoon dat dit die belange van die merinoboer op die hart dra en steeds poog om die merinoras te verbeter en daarmee ook die produksie te verhoog.

Samevattende sien ons dus dat die wetenskap alles in sy vermoë doen ten einde die toekoms van die merinobedryf te bestendig - nie alleen deur middel van die verbetering van die weivelde en byvoeding nie maar ook deur middel van selektiewe teling op 'n meer georganiseerde grondslag.

Dit is daarom ook voor die hand liggend dat sodra die drakrag van die skaapgebiede verhoog word deur middel van die aanvulling van mineraaltekorte, en selektiewe teling, die produksie per skaap verhoog, die produksie oor die lang termyn groot moontlikhede inhou.

3. Moontlikhede van die aanvraag.

In hoofstuk V is die faktore wat die aanvraag beïnvloed, reeds bespreek, en daarom is dit hier slegs nodig om die toekomsverwagtings net kortliks te skets.

Die onmiddellike gevolge van die Tweede Wêreldoorlog was baie nadelig vir die wolbedryf, omdat lande wat voorheen belangrike kopers in die verskillende wolmarkte was, hulle daarvan moes onttrek of hulle wolaankope tot 'n absolute minimum moes beperk. Hier dink ons veral aan Duitsland, Italië en Japan.

Hierdie lande is besig om baie vinnig te herstel, sodat hulle eersdaags weer 'n prominente rol in die wolhandel sal speel. Die huidige stabiliteit van die Australiese wolmark moet reeds toegeskryf word aan die toetrede van Japan as dominante koper. As die geweldige verliese wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog gely is, in aanmerking geneem word, is die herstel van Japan inderdaad merkwaardig.

Tot dusver is die meeste wol wat deur Japan aangekoop is, bedoel vir tuisgebruik. Dit kan verwag word dat hy

alles in sy vermoë sal doen om sy vooroorlogse posisie in die wêreldmark te herwin. Sy wolaankope het reeds gunstig toegeneem. Vergelykende syfers toon dat hy vanaf 1934 tot 1938 203 miljoen pond wol aangekoop het, terwyl dit in 1947 maar slegs 3 miljoen pond was. Sedert 1947 het dit egter gestyg na 120 miljoen pond[5].

Hierdie voordelige handel van Japan moet in 'n sekere mate toegeskryf word aan die Koreaanse oorlog. As gevolg van die instandhouding van die Amerikaanse leërmagte in Japan is sy dollarprobleem in 'n groot mate opgelos. Weens die vredesonderhandelings word die meeste van hierdie magte nou uit Japan ontruim. Dit beteken vir Japan 'n vermindering van sy dollarbron, wat sy wolaankope heelwaarskynlik ook nadelig sal affekteer.

As gevolg van die vredesonderhandelings in Korea huldig die V.S.A. 'n betreklik pessimistiese sienswyse ten opsigte van die onmiddellike vooruitsigte vir die wolbedryf. Dit is die mening toegedaan dat die behoeftes ten tyde van hierdie oorlog die oorsaak was van 'n groter produksie en indiensname in baie bedrywe. 'n Vermindering in hierdie behoeftes beteken ook 'n vermindering van werkers en verbruikersinkome met die gevolglike vermindering van die koopkrag van die „civilian goods"[6].

Hierteenoor spreek die Yorkshire-handel hom soos volg uit : „From the standpoint of world wool supplies and demand, the Korean war has been relatively an unimportant factor in that the quantities of wool needed for this campaign have been relatively not very large. The brisk world demand for wool the past year or so has been due largely to an expansion in civilian trade, not to military requirements in any part of the globe; and the cessation of military activity in Korea

5) Vergelyk „Japan herstel vinnig, sal toetree tot die wêreldmark" in Koöperasie, deel 7, nr. 3, Februarie 1953, p. 4.
6) Vergelyk „How will truce affect wool?" in Die Wolboer, Augustus 1953, p. 34.

het ook hulle bereidwilligheid uitgespreek ten opsigte van die aankope van Britse wolstowwe. Met die oog op die aankope van wolgoedere het hulle dan ook reeds in verbinding getree met Yorkshirese- en Skotse vervaardigers. Aangesien Suid-Afrikaanse merinowol hoofsaaklik gebruik word by die vervaardiging van sajetpakke, hou hierdie houding van Rusland ook vir Suid-Afrika groot voordele in.

Hieruit blyk dus duidelik dat die vooruitsigte op 'n groter wolafset aan China en Rusland geensins denkbeeldig is nie maar dat dit reeds werklikheid geword het.

Alhoewel die V.S.A. se wolverbruik met ongeveer 1 persent gedaal het, toon die wêreldverbruik nog steeds 'n stygende tendens[10]. Gedurende die eerste drie maande van 1953 was die styging 5 persent meer as dié van die vorige kwartaal en een-derde hoër as die eerste kwartaal van verlede jaar[11].

As gevolg van die stygende tendens van die wolverbruik en die feit dat daar tot dusver geen waardige plaasvervanger vir wol bestaan nie, kan ons die voorspelling waag dat die vraag na wol oor die lang termyn betreklik rooskleurig is. Op die oomblik word die aanbod van wol nog oortref deur die aanvraag en namate die Oosterse lande al hoe meer die Westerse lande se kleredrag oorneem, bestaan daar geen rede waarom die wolboer die toekoms nie met groot gerustheid kan ingaan nie.

4. Die moontlikhede van wolverwerking in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse gemiddelde jaarlikse produksie is ongeveer 250,000,000 pond vetwol. Hierom is Suid-Afrika een van die wêreld se grootste wolprodusente.

Die Unie se skeersel word, op 'n geringe gedeelte ná wat by plaaslike wasserye gewas word, in 'n ongewaste toestand

10) Die stygende tendens van wolverbruik moet toegeskryf word aan die verhoging van die lewenstandaard oor die hele wêreld.
11) Vergelyk „Wolverbruik styg steeds" in Koöperasie, deel 7, No. 7, Junie 1953, p. 1.

uitgevoer na die buiteland om daaruit die verlangde tekstielware te vervaardig. Op 'n klein persentasie goedere ná wat plaaslik vervaardig word, word al die tekstielgoedere vanaf oorsee ingevoer.

Gedurende die afgelope jare het die Verenigde Koninkryk in die grootste gedeelte van die Unie se wolstofbenodigdhede voorsien, en wel soos volg : 64 persent in 1947, 73 persent in 1948 en 83 persent in 1949. Die volgende statistiek[12] vir bogenoemde jare gee 'n redelik goeie beeld van die Unie se behoeftes :

Uitvoer van woltekstielware uit die Verenigde Koninkryk na die Unie.

1000 vk. jt.

| | 1947 | 1948 | 1949. |
|---|---|---|---|
| Geweefde wolstowwe .. | 8,239 | 9,099 | 8,396 |
| Geweefde sajetstowwe | 4,215 | 4,349 | 3,805 |
| Totaal | 12,454 | 13,448 | 12,201 |

Die Unie is vandag die grootste invoermark vir tekstielware. Gedurende die na-oorlogse jare het die tekstielware tussen 'n kwart en 'n vyfde van die totale Unie-invoer uitgemaak. Statistieke bewys dat die Unie in verhouding tot sy bevolking, nasionale inkome en nywerheidsontwikkeling 'n verbasende klein persentasie van sy tekstielbehoeftes self vervaardig. As gevolg hiervan bestaan daar nog heelwat moontlikhede vir ontwikkeling van die tekstielbedryf in Suid-Afrika.

Uit die getuienisse van tekstielnyweraars met jarelange buitelandse ervaring blyk dat die vernaamste nadeel wat die Unie as tekstielland ervaar, geleë is in die algemene gebrek aan vaardigheid. Die verhoging van die vaardigheid by die werkers is volgens hulle maar 'n uiters stadige maatskaplike proses.

12) Vergelyk „Accounts relating to Trade and Navigation of the United Kingdom". Dec. 1949.

Ten einde so spoedig moontlik 'n hoër masjien- en arbeidsproduktiwiteit te behaal moet navorsingsinstitute opgerig word. Alleenlik deur middel van 'n wetenskaplike benadering kan daarin geslaag word om die produktiwiteit tot 'n peil te verhoog wat enigsins ooreenkom met die van lande wat jarelank reeds leweransiers van die Unie is.

Vooraanstaande ekonome, wolkwekersverenigings en -kongresse het in die verlede reeds gewys op die wenslikheid van die oprigting van wolfabrieke in die Unie. Suid-Afrika beskik oor so 'n groot hoeveelheid onbewerkte materiaal, en daarom is dit sekerlik onnodig dat die Unie al sy tekstielgoedere moet invoer.

Beskikbare bronne bring aan die lig dat dit onwaarskynlik is dat die Unie, met 'n blanke bevolking van ongeveer 2 miljoen en 'n nie-blanke bevolking van ongeveer 8 miljoen, meer as een-tiende van sy eie wolproduksie kan verbruik. Dit beteken dat die Unie 90 persent volgens een van die volgende metodes sal moet bemark :

a. In die onbewerkte staat, as vetwol;
b. in die halfverwerkte staat (gewaste wol of kambol of garing);
c. in die verwerkte staat of kledingstuk.

a. <u>In die onbewerkte staat, as vetwol</u>.

Dit is onnodig om op hierdie aspek nader in te gaan.

b. <u>In die halfverwerkte staat</u>.

Omdat hierdie metode van bemarking vandag soveel aandag geniet, is dit nodig om sover moontlik op die voor- en nadele te wys. Die vernaamste voordele verbonde aan die produksie van merinokambolle[13] kan kortliks soos volg saamgevat word[14]:

13) Nadat die wol gewas is, gaan dit deur 'n reeks masjiene, sodat ons twee aparte produkte kry: die lang vesels as kambolle, wat gebruik word vir die vervaardiging van al ons gladde, fyn rok- en pakmateriale en breiwolle, en die kort uitgekamde vesels of uitkamsels, wat weer in die viltnywerheid, vir hoedemakery, vloerbedekkings, komberse en ander wolgoedere gebruik word.

14) V. Bosman en S. Rossouw: „'n Suid-Afrikaanse Wolfabriek", herdruk uit <u>Boerdery in S.A.</u>, Julie 1942, pp 3 en 4.

(1) Omdat daar oorsee 'n lewendige belangstelling in kambolle bestaan, kan dit 'n goeie bron van inkomste vir Suid-Afrika word.

(2) In die sintetiese veselnywerheid word kambolle dikwels gebruik by die vervaardiging van byvoorbeeld „Vistra" en „Rayon".

(3) Kambolle kan aan die plaaslike sekondêre nywerhede verskaf word om in die plaaslike vraag na wolprodukte te voorsien.

(4) Die kapitale uitleg by die aanskaffing van 'n kambolinstallasie is besonder laag.

(5) Kambolle kan om die volgende redes goedkoper in Suid-Afrika geproduseer word as oorsee :

(a) Die baalperskoste vir die uitvoer van vetwol word uitgeskakel.

(b) Deur die wol te was en te kam om kambolle te vervaardig word die gewig van die ruwol met meer as die helfte verminder, wat 'n aansienlike besparing in vraggeld en 'n vermindering in hanteringsgelde beteken.

(c) Sorterings- en vermengingskoste in Suid-Afrika vergelyk gunstig met die koste oorsee.

(d) Die neweprodukte, byvoorbeeld wolvet en potassoute, kan winsgewend van die hand gesit word. Vetwol bevat ongeveer 15 persent wolvet, wat voor die oorlog teen ongeveer £20 per ton verkoop is, en ongeveer 2.5 persent potassoute (in die vorm van kalium), wat voor die oorlog ongeveer £40 per ton behaal het.

(6) Skeepsvereistes word verminder, aangesien kambolle in verhouding minder ruimte in beslag neem as vetwol.

(7) Die arbeid by die kambolstadium is minder gespesialiseerd as die proses daarvandaan tot by die finale produk.

(8) Kambolle kan vir 'n langer tydperk opgeberg word as ruwol sonder om te verswak.

Dit lê dus voor die hand dat kambolle in Suid-Afrika baie gunstig kan meeding met die wat oorsee geproduseer word, en dan ook teen 'n laer prysbasis.

Daar bestaan dus heelwat argumente ten gunste van die oprigting van kambolfabrieke in Suid-Afrika, maar dit gaan ook gepaard met sekere nadele wat oorbrug moet word. Die vernaamste hiervan is onder andere die volgende[15]:

(1) As gevolg van die invoer van byvoorbeeld die nodige masjinerie is die oprigtingskoste verbonde aan so 'n fabriek in Suid-Afrika veel hoër as oorsee.

(2) Oorsese tegnici word vir die doel benodig tot tyd en wyl die Unie sy eie werksmense kan oplei.

(3) Sommige oorsese firmas verkies vetwol, omdat :

(a) verwerkingsnywerhede reeds in hulle lande bestaan;

(b) hulle die bewerking van wolvet en potassoute waarvoor hulle niks betaal nie, self wil onderneem.

Na 'n noukeurige oorweging van die voor- en nadele van die oprigting van 'n kambolfabriek in die Unie het verskillende kammerye ontstaan met die Kaapse Kommissiekammery, Beperk, wat op 2 Julie 1950 geregistreer is, as die belangrikste.

Die vernaamste oogmerke van hierdie moderne onderneming was om :

(1) die wolkammery hoofsaaklik op 'n kommissiebasis te dryf om kambolle en uitkamsels vir die verbruik deur die plaaslike sajetspinnywerheid en oorsese kambolhandelaars en fabrikante te vervaardig;

15) Bosman en Rossouw : t.a.p., p.5.

(2) 'n wolvetherwinnings- en raffineringsinstallasie by die masjinerie en toerusting van die kammery in te sluit, daar die vraag na die neweprodukte en derivate van wolvet veral in die Verenigde State van Amerika bykans onversadigbaar skyn te wees;

(3) wanneer die direkteure daarop besluit 'n spinfabriek op te rig vir die vervaardiging van sajetgaring vir die verbruik in Suid-Afrika.

Hiermee het 'n grootse onderneming ontstaan met 'n gemagtigde kapitaal van £600,000. Aangesien Port Elizabeth die vernaamste wolbemarkingsentrum in die Unie is, is 'n geskikte perseel daar vir die doel aangekoop, en 'n baie moderne gebou is daar opgerig met die mees moderne installasies. Dit is waarlik 'n goeie stap in die rigting van industriële selfstandigheid.

c. <u>In die verwerkte staat of kledingstuk</u>.

Die wolkwekers en sommige ander vooraanstaande persone het dikwels al die mening uitgespreek dat die Suid-Afrikaanse wolskeersels verwerk moet word tot artikels wat onmiddellik deur die verbruikers benut kan word. Die volgende probleme moet egter in oënskou geneem word[16]:

(1) Aangesien Suid-Afrika slegs ongeveer 10 persent van sy wolproduksie kan verbruik, beteken dit dat die orige 90 persent uitgevoer moet word en op die tekstielmarkte van die wêreld sal moet meeding met goedere afkomstig van ou gevestigde lande.

(2) Talryke patrone en herhaaldelike veranderings daaraan is dikwels 'n duur proses, en dit verhoog die vervaardigingskoste.

(3) Die sajetnywerheid is baie ingewikkeld en gespesialiseerd, gevolglik sal baie tegnici ingevoer moet word om sleutelposisies te beklee.

16) Bosman en Rossouw: t.a.p., p.2.

(4) Die kapitaalbesteding aan 'n volledige sajet-installasie beloop etlike miljoen pond.

Ten spyte van hierdie besware teen die oprigting van fabrieke om die Suid-Afrikaanse wol tot die finale produk te verwerk is tog enkele jare gelede oorgegaan tot die oprigting van Fine Wool Products te Uitenhage, waar bewys is dat 'n sajetnywerheid deurgaans met kleurling- en naturelle-arbeiders onder blanke toesig met welslae beheer kan word. Met die oprigting van hierdie nywerheid het die Nywerheidsontwikkelingskorporasie 'n groot diens aan Suid-Afrika bewys.

Ons kom dus tot die slotsom dat die tyd reeds ryp is vir die vermeerdering van kambolfabrieke en dat nieteenstaande Suid-Afrika met ou gevestigde oorsese tekstielfabrikante moet kompeteer, die tyd ook aangebreek het dat die Unie 'n kragdadige poging moet aanwend om in ten minste sy eie tekstielbehoeftes te voorsien. Dit kan geskied deur middel van die toepassing van beskermende tariewe.

Jong nywerhede het beskerming nodig teen konkurrensie van ou gevestigde nywerhede. Hulle moet eers in staat gestel word om hulle kapitaalverpligtings te verminder voordat hulle op gelyke voet met die reeds bestaandes kan kompeteer. Dit geld veral vir die Unie se tekstielbedryf, wat maar eers vanaf 1946 ontwikkel het, toe die prys van masjinerie en geboue meer as twee keer so hoog was as in die vooroorlogse tydperk.

As in aanmerking geneem word dat geen enkele land voor die oorlog 'n tekstielnywerheid sonder die hulp van beskerming opgebou het nie, is dit dan ook heeltemal vanselfsprekend dat die Unie se tekstielnywerheid onder normale konkurrensietoestande nie tot op 'n stadium kan ontwikkel waarin hy in die volle omvang van die Unie se tekstielbehoeftes kan voorsien nie, tensy hy 'n mate van tariefbeskerming ontvang.

Omdat die nywerheid vir komberse en kafferbaai en die nywerheid vir gebreide onder- en boklere voor die oorlog beskerming geniet het, het dit ook enigermate ontwikkel.

Verder het getuienisse ook aan die lig gebring dat 'n gebrek aan sekerheid betreffende die beskerming van die tekstielnywerhede in die Unie die ontwikkeling van die nywerheid strem. Buitelandse nyweraars wat van plan is om takfabrieke in ander lande op te rig, word beïnvloed deur die doeanetariefbeskerming wat in die verskillende lande verleen word.

Aanvanklik is die Unie se doeanetarief vir die tekstielnywerheid met die oog op landsinkomste vasgestel. As gevolg van die snelle ontwikkeling gedurende die afgelope paar jaar en die groot moontlikhede in die toekoms sal hierdie tarief op 'n logieser en stelselmatiger grondslag gekonsolideer moet word, sodat daar uiteindelik beskerming verleen word aan die verskillende afdelings van die nywerheid.

5. <u>Stappe wat gedoen kan word om die toekoms van die wolbedryf te verseker</u>.

Omdat wol volgens my mening altyd Suid-Afrika se belangrikste landbouproduk sal bly, is dit ook baie belangrik dat die belange van die bedryf beskerm en bevorder moet word. Bevordering kan op tweërlei wyse plaasvind, naamlik :

a. stabilisering van die boederysisteem en

b. stabilisering van die wolpryse.

a. <u>Stabilisering van die boerderysisteem</u>: Dit is gebiedend noodsaaklik dat 'n stabiliserende boerderysisteem ontwikkel sal word, wat veral aan die volgende aandag sal skenk [17]:

(1) Navorsing moet voortgaan langs die weg wat op die oomblik gevolg word.

(2) Aandag moet geskenk word aan die skaaptipes wat by

17) Dr. L.L. Roux : „Toekoms van Wol", herdruk nr. 80 uit <u>Boerdery in Suid-Afrika</u>, Augustus 1943, pp. 5-6.

spesifieke omstandighede aanpas. Sekere tipes is ongetwyfeld produktiewer onder sekere bepaalde toestande.

(3) Die weivelde moet bewaar word teen oorbeweiding, want dit is die grootste euwel met betrekking tot gronderosie.

(4) Beskermende en genesende maatreëls deur die Departement van Landbou en Bosbou voorgeskryf, moet betyds toegepas word ten einde die hoë vrektesyfer wat in die meeste distrikte voorkom, te bekamp.

(5) In sekere dele het die brommeraanvalle 'n groot gevaar vir die bedryf geword. Telers moet aangemoedig word om 'n sekere tipe skaap (sonder mikrimpels) te teel wat minder daarvoor vatbaar is.

(6) Gebreksiektes moet bekamp word deur middel van byvoorbeeld byvoedingsrantsoene en/of lekke.

(7) Onvrugbaarheid by die skape moet toegeskryf word aan abnormale en fisieke toestande en nie aan patologiese toestande nie. Eienaars moet drastieser stappe doen om groter reproduktiwiteit by hulle ooie en ramme te bewerkstellig. Produktiwiteit kan deur middel van seleksie aangemoedig word.

(8) Beter klassifisering van wol moet plaasvind. Boere moet aangemoedig word om jaarliks volgens die standaarde van die Nasionale Wolkwekersvereniging van Suid-Afrika te klassifiseer.

b. Stabilisering van die wolpryse : Die stabilisering van die boerderysisteem sal baie makliker bereik word as die inkomste van die wolboere in 'n mate gestabiliseer kan word deur middel van 'n vermindering van die groot korttermynskommelinge in die wolpryse. Meer stabiele wolpryse sal ook 'n stabiliserende invloed uitoefen op die ekonomie van die belangrikste woluitvoerders van die wêreld. Daarom is dit noodsaaklik dat stappe in die rigting gedoen moet word.

Die Gesamentlike Organisasie was egter die eerste voorbeeld van 'n tipe bemarkingsorganisasie wat wolprysskommelinge tot 'n minimum beperk. Soos reeds vermeld, is dit in die lewe geroep om die oorlogtydse ophoping van wol reëlmatig van die hand te sit. Aan die begin van elke seisoen het dit 'n minimum reserweprys vir elke tipe wol neergelê. Die Organisasie het kopers in die drie dominiums gehad wat namens die regerings wol opgekoop het wat nie die minimum reserweprys behaal het nie. Op hierdie wyse is 'n minimum reserweprys aan die boer verseker, terwyl die bemarkingsisteem en die koper se keuse van die tipe wol nie die minste aan bande gelê is nie. Al die wol wat deur die eersgenoemde regeringskopers opgekoop is, word later weer op 'n publieke veiling aangebied wanneer die vraag daarna in verhouding tot die reserweprys verbeter het[18)].

Die gedagte was dan ook verder dat die Organisasie die te vinnige styging van pryse moes kontroleer deur middel van die vermeerdering van die aanbod uit bestaande voorrade[19)]. Daar bestaan geen rede waarom daar gedurende normale tye nie ook so 'n sisteem kan funksioneer nie ten einde die kort termynskommelinge te bekamp sonder die inmenging in die huidige bemarking- en vervaardigingsisteme[20)].

'n Ander uiters belangrike metode om meer stabiliteit in die wolmark te bekom is termynkontrakte waarmee voor die oorlog in Antwerpe, Roubaix-Toucoing en Nu-York reeds begin is. Laasgenoemde funksioneer nog, maar die hoeveelheid transaksies wat deur hom behartig word, is nie van veel be-

18) Dr. F.J.C. Cronje: „Wool in the South African Economy" in South African Journal of Economics, Vol.17, nr. 2, Junie 1949, p.140.
19) Idem, p. 140.
20) In hierdie verband moet daarop gewys word dat die Transvaalse tak van die N.W.K.V. eenparig besluit het dat die opgehoopte heffingsfonds nie uitbetaal moet word nie maar net so behou moet word om uiteindelik die kern te vorm van 'n fonds waarmee 'n stabilisasieskema in die lewe geroep kan word indien dit nodig word. Hierdie besluit is geneem op die kongres van die Transvaalse N.W.K.V. wat op 20 en 21 Okt. 1953 te Vereeniging gehou is.

lang nie[21]. Onlangs het 'n toekomsmark ook in Londen tot stand gekom, en dit het sodanig in gewildheid toegeneem dat nie minder as 90 persent van die Amerikaanse belanghebbendes van hierdie stelsel gebruik maak nie.

Die toekomsmark of termynhandel kom daarop neer dat wol vir 'n toekomstige aflewering aangekoop word. 'n Toekomskontrak is 'n ooreenkoms waardeur die verkoper belowe om 'n bepaalde tipe en hoeveelheid teen 'n bepaalde prys op 'n bepaalde datum ooreenkomstig die regulasies van die beurs aan die koper te verskaf, terwyl die koper aan die ander kant belowe om dit te ontvang en daarvoor te betaal. Die koper besit ook die reg om die kontrak aan iemand anders te verkoop. Hieruit spruit dus baie spekulatiewe transaksies voort. Ten einde ongerief of verlies weens prysveranderings te vermy bestaan daar in die toekomsmark ook verskansingstransaksies („hedging").

Alhoewel spekulasie 'n belangrike deel van hierdie soort mark uitmaak, is dit geensins spekulasie wat tot nadeel van die produsent strek nie. Die produsent se prys word behaal op die vrye mededingende veiling, en die prys word nie beïnvloed deur die prys op die toekomsmark nie.

Die onmiddellike voordele van die stelsel kan kortliks soos volg saamgevat word :

(1) Die groot waarde van hierdie stelsel lê vir die produsent daarin dat sy wol verkoop word vir lewering in die toekoms teen heersende pryse. Veronderstel die pryse daal intussen, dan wen hy daarby, maar as pryse hoër sou styg, beteken dit weer vir hom 'n verlies.

(2) Die fabrikant is verseker van sy wolvoorrade teen sekere pryse.

(3) Alle toekomsverwagtinge word baie gou op die beurs voorspel.

21) Gerda Blau: Wool in the World Economy, p. 39

(4) Ondernemingsrisiko's word tussen hulle verdeel wat dit die beste kan dra.

(5) Toekomstransaksies het 'n stabiliserende uitwerking op pryse.

Standaardisasie is baie belangrik by enige toekomstransaksie, en omdat dit onmoontlik is om wol tot in die fynste besonderhede te standaardiseer, lewer dit definitiewe probleme op by hierdie stelsel van verkoop. Ten einde hierdie probleme tot 'n minimum te beperk word elke kontrak byvoorbeeld vir 5,000 pond wol op die Londense toekomsmark gebaseer op 'n standaard-kamwol van 64 spintelling, gemaak in die Verenigde Koninkryk van Australiese wol. Ingeval die kamwol wat gelewer word, verskil van die standaard-kamwoltipe, word dit egter aangepas soos nodig mag wees.

6. Slot.

Die vernaamste struikelblok in die weg van grootskaalse wolaankope deur sommige lande moet toegeskryf word aan die gebrek aan vertroue in wolpryse. Ten einde die groot pryskommelinge die hoof te bied het die termynhandel in die wolbedryf ontstaan, wat dan ook gedurende die afgelope tyd groot vordering in Londen gemaak het. Omdat die termynhandel 'n stabiliserende uitwerking het op die wolpryse, lewer hierdie instelling inderdaad 'n baie groot diens aan alle belanghebbendes binne hierdie bedryf.

Wat die verwerking van wol tot die finale produk betref, het verskillende fabrieke reeds bewys gelewer dat ten spyte van probleme waarmee hulle te kampe het, Suid-Afrika op hierdie gebied tog groot moontlikhede het. Myns insiens is kapitaaltekort die vernaamste van die struikelblokke. Die sajetnywerheid is 'n duur nywerheid, en daarom moet daar steeds gepoog word om meer kapitaal vir hierdie doel beskikbaar gestel te kry. Wolverwerking kan in Suid-Afrika nog groot vooruitgang maak, sodat dit uiteindelik deur middel van die uitvoer van wolgoedere 'n belangrike item kan uitmaak op

die handelsbalans van die land.

Soos reeds vermeld, beskik wol oor sekere onoortreflike eienskappe, wat sy toekoms in 'n groot mate beskerm, maar dit is vandag nie voldoende om sy posisie as die belangrikste tekstielvesel te handhaaf nie. Sy posisie kan alleenlik behoue bly as die hulpmiddels van die wetenskap in belang daarvan aangewend word. Daar moet van dag tot dag gepoog word om die magtige propaganda van die kunsveselprodusente die hoof te bied met onaanvegbare feite omtrent Wol - die Wondervesel.

------

# BIBLIOGRAFIE.


## A. Monografieë

Bisschoff, C.A. : Die verhaal van 'n Organisasie; Pietermaritzburg, 1953.

Blau, Gerda : Wool in the World Economy; London, 1946.

Cowley, C.E. : Classing the Clip; 1931.

Crossman, G. : Eeufees van Natal en die wolhandel; s.j.

De Klerk, J.C. : 'n Eeu van merinoskaapboerdery in die O.V.S.; Die Staatsdrukker, Pretoria, s.j.

✓Du Plessis, A.F. : The Marketing of Wool; London, 1931.

Geldenhuys, S.M. : A study of the development of the wool industry of East London; the position of the city as a wool port, and its relation to its wool hinterland; Magistertesis, ongepublis. 1952.

Hawkesworth, Alfred : Australasian Sheep; Sydney, 1920.

Munz, H. : The Australian Wool Industry; Sydney, 1950.

Rose, P.D. en Labuschagné, F.J. : Klassering van merinowol en wenke oor werk in die skeerhuis; Staatsdrukker, Pretoria.

Thom, H.B. : Die geskiedenis van skaapboerdery in Suid-Afrika; Amsterdam, 1936.

Van Rensburg, C.T. : Skaapboerdery in Suid-Afrika; Bloemfontein, 1948.

Zweig, dr. F. : The clothing habits of working classes; 1947.

## B. Staatspublikasies.

British Wool Commission : Wool Review; 1946.

Centraal Wolkomitee : Rapport oor handel in wol, bokhaar, velle en huide in Suid-Afrika. 1918

Common Wealth Economic Committee : Wool Production and Trade 1950-1951; London, 1951.

Loonwet 1937, Vastellling No. 164, 25 Januarie 1952.

Memorandum on the application of Factories, Machinery and Building Work Act No. 22/1941 to the marketing of wool; To be submitted to the Commission of Industrial Legislation.

Official Year Book of South Africa 1910-1918, no. 3; 1926-1927, nr. 9.

Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1933 - 1934, nr. 16; 1938, nr. 19; 1940, nr. 21; 1948, nr. 24.

Rapport van die kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet, 1934.

Regeringskennisgewing nr. 1177, Staatskoerant, 26 Junie 1942.

South African Wool Disposals Organisation : Statistical Review of the South African Wool Clip.

Verslag deur die Loonraad aan Sy Edelagbare Minister van Arbeid, Pretoria, 9 Mei 1953.

C. Artikels in Tydskrifte, Brosjure, e.a.

Boere-Saamwerk Beperk, sy ontstaan en ontwikkeling; ongepublis. brosjure, Junie 1950.

Bethell, C.H. : „Synthetics and Wool Competition in the U.S." Plakboek van die Suid-Afrikaanse Wolraad, Pretoria; 29th. May, 1953.

Bonsma, prof. : „Stamboekteling van merino's verwaarloos"; Koöperasie, Mei 1953.

Booth, dr. Edgar H. : „Address to Bradford Textile Society"; 1.12.1947.

Bosman, V. en Rossouw, S. : „'n Suid-Afrikaanse Wolfabriek: Die vervaardiging van kambol van merinowol"; Boerdery in Suid-Afrika, deel 17, nr. 196, Jul. 1942.

Constitution of the Federation of South African Wool and Mohair Buyers' Association.

Cronje, dr. F.J.J. : „Wool in the South African Economy"; South African Journal of Economics, Vol. 17, June 1949.

De Klerk, J.C. : „Wol, die wondervesel"; herdruk nr. 78 uit Boerdery in Suid-Afrika, Des. 1948.

: „Die merinoskaapboerdery in Suid-Afrika"; Boerdery in Suid-Afrika, Maart 1952.

: „Is wol opgewasse teen kunsvesels?" Pro Patria; Sept. 1949.

Hurley, T.F. : „Die wolbedryf in Suid-Afrika"; ongepubl. art., 1951.

Hurley, T.F. : „Die internasionale wolreklame en navorsingsekretariaat"; ongepubl. art., 1951.

: „Die Suid-Afrikaanse Wolraad"; ongepubl. art., 1951

: „Wolbemarking in Suid-Afrika"; ongepubl. art., 1951

McHardy, J.L.M. : Ongepubliseerde brief o.d. 22.3.51 aan Grootfonteinse Landboukollege.

: „Threat to wool no cause for sleepness nights"; Evening Post, 2nd. Aug. 1950.

Rose, P.D. : „Klas van merienowol"; Pamflet nr. 71, Dept. van Landbou, Junie 1927.

: „Nasionale Wolkwekersvereniging"; Boerdery in S.A., XV, nr. 176, Nov. 1950.

Roux, dr. L.L. : „Toekoms van wol"; herdruk nr. 80, Boerdery in S.A., Aug. 1953.

Starke, dr. J.S. : „Die verskillende tipes skape"; herdruk nr. 24, Boerdery in S.A. April 1950.

The Federation of South African Wool and Mohair Buyers Association: Sales Programme 1953-1954 Season, Jul. 1953.

Van der Wath, dr. J.G. : „Winsgewendste dier vir die Grasveldstreek", Die Wolboer, Augustus 1950.

D. Anonieme en redaksionele artikels.

"Accounts relating to Trade and Navigation of the United Kingdom", 1952.

"How will truce affect wool?" Die Wolboer, Augustus 1953.

„Iemand moet dit betaal"; Koöperasie, Julie 1952.

„Japan herstel vinnig, sal toetree tot die wêreldmark"; Koöperasie, Februarie 1953.

„Sal kunsvesels wol vervang?" The South African Standards Bulletin, Aug. 1951.

„Swak eienskappe in skeersels"; Koöperasie, Jan. 1950.

"The Key to the Future"; Die Wolboer, Mei 1953

„Wat is die toekoms van wol?" Koöperasie, Mei 1953.

„Wolverbruik styg steeds"; Koöperasie, Junie 1953.

----------